# DIE STAND EN ONTWIKKELING VAN GELOOFSLEIERSKAP IN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

deur

**Pieter Johannes Burger**

**MINI-TESIS**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

**Magister in die Teologie (Bedieningspraktyk)**

in

**Praktiese Teologie**

aan die

**Universiteit van Stellenbosch**

STUDIELEIER: PROF. H.J. HENDRIKS

OKTOBER 2001

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

**Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.**

**HANDTEKENING:**

**DATUM: 14 November 2001**

*******************

**Opgedra aan** Anne, Pierre, Nicolene, Nicolaih en Pernell. Julle liefde, gebede en ondersteuning was onontbeerlik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# WAARDERING

My opregte dank en waardering word hiermee betuig teenoor persone en instansies wat 'n rol gespeel het in die voltooiing van hierdie studie:

- Aan God al die eer. Hy het my in 'n baie moeilike tydsomstandighede van die genade en vermoë voorsien om van hierdie studie 'n sukses te maak.

- My studieleier, Prof. Jurgens Hendriks wie se hele gesindheid, benadering en leiding 'n warmte uitgestraal het wat geïnspireer het.

- Vir al die dosente wat tydens die kursus met soveel bekwaamheid die blokke beman het en 'n geleentheid tot groei en deelname gebied het. 'n Besondere woord van dank aan Johan Cilliers wat my pad betyds gekruis het en 'n verrykkende invloed op my gehad het.

- Aan Jannie Witbooi wat my vir die kursus gewerf het en by wie ek enige tyd kon gaan aanklop vir hulp, raad en leiding. Dit word opreg waardeer.

- Aan Vilene Titus vir al die tikwerk gedurende die hele kursus. Dit word hoog op prys gestel. Jou bereidwilligheid, geduld en begrip het my taak makliker gemaak.

- Die kerkraad wat aan my die geleentheid gebied het om hierdie studie te onderneem. Ek is bewus van u liefde, voorbidding en opregtheid. Dankie dat u die fort in my afwesigheid gehou het!

- Aan die lidmate van die gemeente vir hulle intense belangstelling en gedurige verneem na my vordering. Selfs buite die gemeente is 'n belangstelling bespeur wat baie versterkend was.

- Aan my suster Lilly en swaer Cyril en hulle kinders wat my tydens die blokke gehuisves het. Dankie vir julle versorging en liefde in daardie tyd en dat ek welkom was in julle huis!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

**1.1 INLEIDING** 1

**1.2 Probleemstelling** 2

**1.3 Hipoteses** 2

**1.4 Navorsingsdoelstellings** 3

**1.5 Metodologiese dimensie** 3

**1.6 Belangrike begrippe** 4

1.6.1 Geloofsleiers 4
1.6.2 Gemeente analise 4
1.6.3 Meganiese analise 4
1.6.4 Kontekstuele analise 4
1.6.5 Hipotese 4
1.6.6 Bedieningspraktyk 5

**1.7 Uiteensetting van werkstuk** 5

**HOOFSTUK 2** 6

**'N MEGANIESE EN KONTEKSTUELE ANALISE VAN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK** 6

**2.1 Meganiese Analise** 6

2.1.1 Ouderdom en geografiese beskrywing 6
2.1.2 Invloed van ligging op die gemeente 8
2.1.3 Fisiese geriewe 9
2.1.4 Gemeente Program 9
2.1.5 Profiel van leraars 11
2.1.6 Belangrike gebeure wat in die laaste 20 jaar in die gemeente plaasgevind het en die invloed daarvan op die gemeente 15

2.1.7 Gemeentestatistiek 21

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



2.1.8 Belangrike hulpbronne of bates van die gemeente 26

**2.2 Kontekstuele Analise 30**

2.2.1 Die sosiale groepe en sosiale wêrelde binne die gemeente 30
Hoe is daar te werk gegaan 30
2.2.2 Verdeling van gemeente in terme van waarde-sisteme 34
2.2.3 Sosiale groepe en sosiale wêrelde van die wyer gebied waarin die gemeente geleë is. Wat is hierdie groepe se behoeftes? 35
Hoe is daar te werk gegaan. 35
2.2.4 Interpretasie en voorlopige bevindinge 39

**HOOFSTUK 3 42**

**DIE STAND VAN GELOOFSLEIERSKAP IN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK 42**

**3.1 Inleiding 42**

3.1.1 Die Leraar 42
3.1.2 Die Kerkraad 42
3.1.3 Permanente Kommissies 47
3.1.4 Kerkraadvergaderings 48
3.1.5 Verkiesing van leiers en hulle termyne 49
3.1.6 Gemeentelike Verenigings (Diensaksies) 49
3.1.7 Kategetiese Onderrig 50
3.1.8 Die Erediens 51
3.1.9 Konklusie 52

**HOOFSTUK 4 53**

**'N PROFIEL VAN DIE UITDAGINGS WAARVOOR DIE LEIERSKAP STAAN MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE KONTEKS VAN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK 53**

**4.1 Oorfunksionerende leraar en onderfunksionerende lidmate 53**

**4.2 Onbetrokkenheid by kerklike strukture 54**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**4.3 Om die gemeente te lei van belangeloosheid tot entoesiasme deur identiteitsvorming 54**

**4.4 Om aan geregtigheid 'n plek te gee : Kennis van sonde is nodig om bevry te word van skuld 56**

**4.5 Die kerk vra leierskap van gehalte 57**

**4.6 Vernuwing van die erediens 57**

**4.7 Konklusie 57**

**HOOFSTUK 5 59**

**'N STRATEGIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN GELOOFSLEIERSKAP IN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK 59**

**5.1 Inleiding 59**

**5.2 Spiritualiteitsvorming van die leierskap 60**

5.2.1 Aksieplanne om die kerkraad se spiritualiteit te help vorm 61

**5.3 Vanaf "struggle-kerk" na omgee-kerk 63**

**5.4 Om die wyke en Verenigings tot 'n hegte eenheid saam te bind 64**

5.4.1 Die Wyke 64
5.4.2 Die Verenigings 65

**5.5 Die bearbeiding van die hele gemeente as sisteem 66**

**5.6 Strategie vir visionering 67**

**5.7 Kritiese selfondersoek van kerkraadslede/geloofsleiers 69**

**5.8 Nuwe benadering tot verkiesing van kerkraadslede 70**

**5.9 Voorbereiding van 'n nuwe generasie lidmate 71**

**5.10 Die erediens as voedingsbron vir potensiële geloofsleierskap 72**

5.10.1 Die vestiging van liturgiese- en homiletiese werkgroepe 73

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



5.10.1.1 Ontmoeting met kerkraad 73
5.10.2 Vestiging van 'n liturgiese werkgroep 73
5.10.2.1 Verantwoordelikhede en werkswyse van die liturgiese werkgroep 74
5.10.2.2 Maand temas 74
5.10.2.3 Handhawing van gevestigde gebruike 78
5.10.2.4 Wat word verder vir die liturgie in die vooruitsig gestel en beplan vir die toekoms? 79

5.10.3 Basiese beginsels vir die prediking 80
5.10.3.1 Vestiging van 'n homiletiese werkgroep 81
5.10.3.2 Persoonlike werkswyse van die verlede 81
5.10.3.3 Werkswyse van homiletiese werkgroep. Wat is op praktiese-ekklesiologiese wyse gedoen? 83
5.10.3.4 Lang- en korttermyn doelwitte van die Homiletiese werkgroep. Wat word beplan? 84

5.10.4 Voorlopige resultate op die arbeid van die liturgiese- en homiletiese werkgroepe 86

5.10.5 Samevatting en Slotopmerkings 89

**HOOFSTUK 6** **91**

**DIE ROL VAN DIE LERAAR VAN DIE V.G.K. SPRINGBOK IN GELOOFSLEIERSKAPSONTWIKKELING** **91**

**6.1 Bemagtiging van Geloofleiers** **94**

**6.2 Bemagtiging van lidmate** **97**

**6.3 Slotopmerkings** **98**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**BYLAES**


**Bylaag 1:** **Kaart van Namakwaland** **99**

**Bylaag 2:** **Vraelys om bedieningspraktyk vas te stel. Oor die rol van die Predikant** **100**

**Bylaag 3:** **Oorkonde : Woord van dank en waardering aan Ds. P.J. Burger** **101**

**Bylaag 4:** **Sertifikaat van verdienstelikheid aan Ds. P.J. Burger** **102**

**Bylaag 5:** **Program van Ekumeniese Toergroep van Teologiese Fakulteit van U.S.** **103**

**Bylaag 6:** **Vraelys oor die verskillende groepe in die gemeenskap** **104**

**Bylaag 7:** **Vraelys oor die leierskap in die gemeente** **105**

**Bylaag 8:** **Kerkraadskamp te Rooifontein** **107**

**Bylaag 9:** **Vraelys vir homiletiese werkgoep** **108**

**Bylaag 10:** **Optog teen drank en dwelms** **109**

**Bylaag 11:** **Gedenkdiens vir S.A.P.D. afgestorwenes** **110**

**Bylaag 11(a):** **Gedenkdiens vir S.A.P,D afgestowenes vir afgelope 10 jaar** **111**

**Bylaag 12:** **Ekumeniese Diens vir V.S.A. terreur slagoffers** **112**

**Bylaag 13:** **Ekumeniese Pinkstersaamtrek** **113**

**Bylaag 14:** **Vigsbewusmakingsveldtog** **114**

**LITERATUURLYS** **115**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING

Die kerk van die Here Jesus Christus op aarde het sedert die Bybelse tye 'n opdraende stryd gevoer. Dit was nie slegs vanweë die aanslae van buite nie, maar veral vanweë die kerkmense self weens hulle versuim en onwil om Christus se droom vir sy bruidskerk waar te maak. Dit is juis hier waar mense die meeste herinner moet word aan hulle roeping en taak in die wêreld. Meer as een keer was dit juis die dissipels as volgelinge van Hom wat by tye selfs skerp aangespreek moes word. Die oproep in die Bybel aan die adres van die kerkmense is telkens : Keer terug – wees op jou pos! En dis 'n boodskap wat homself al ontelbare kere in die geskiedenis herhaal het en wat ná Christus en die Bybelfigure, deur ons Kerkvaders voortgesit is en deur ons wat op die mure van Sion staan voortgesit moet word. Want waarvoor is ons dan anders daar – waarvoor is ons kerk?

As daar dan in hierdie studie geworstel word met die problematiek van *die stand en ontwikkeling van geloofsleierskap in die V.G.K Gemeente Springbok,* dan is dit 'n poging om te bewys dat dit nie by ons ánders is nie, maar veral dat ons nie bereid is om dinge te aanvaar soos dit is nie. As mense nie bereid is om na vore te tree as geloofsleiers nie, dan berus ons in hierdie gemeente nie daarby deur te voel: "*what must be, must be," nie.* Hier glo ons nie die situasie sal homself uitsorteer nie. Hier glo ons eerder om die hand aan die ploeg te slaan en nie agtertoe te kyk nie, en daders van die woord te wees. Hier aanvaar ons die uitdagings wat op ons pad kom en pak die bul by die horings!

Dié werkstuk is daarvan vol. Met verbeeldingsryke aksiestappe word daar dus onderkant die oppervlak gedelf en word die sluier selfs gelig om die moontlikhede wat wel bestaan te ontdek in die besef dat ons tyd min is. Die sleutel tot dit alles is natuurlik **verandering.** Verander mense se houdings, gesindhede en persepsies en glo daaraan! Jy kán 'n verskil maak. Want ons het ten minste **mekaar.** Daarom glo ons dat dit wat vir ons tel, meer is as dit wat teen ons tel. Dit moet natuurlik raak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gesien word. En soos in hierdie werkopdrag uitgespel, word daar gewerk met dit wat ons alreeds het en word daar buite die grense selfs gedink van wat moontlik is, al dan nie. Deur op 'n intellektuele wyse te begin reis en na 'n punt toe te werk, het, soos die leser sal agterkom, lieflik verras. Alhoewel dit groot offers vra, word dit geniet, want: ".... Iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen" (Jak. 1:25).

## 1.2 Probleemstelling

Ons ervaar 'n krisis in die gemeente rondom lidmate wat nie bereid is om as geloofsleiers na vore te tree nie. Dit veroorsaak dat die huidige kerkraad/ geloofsleiers staties bly en nie afgewissel word nie. As gevolg hiervan bestaan die gevaar van uitbranding en moet hulle gedurig bemoedig word om uit te hou en aan te hou vir solank die situasie voortduur. Hier is nie 'n gebrek aan mense-materiaal nie. Ons lidmaattalle groei. Ons omstandighede soos uitgewys word deur die meganiese- en kontekstuele analises, is grotendeels ideaal. Die onwil van mense om na vore te tree en die volgehoue inspanning om die huidge geloofsleiers aan die gang te hou, bring 'n byna onhoudbare situasie mee wat nie onbepaald mag voortduur nie.

## 1.3 Hipoteses

Die hipoteses waarmee daar in hierdie werkstuk gewerk word, kan soos volg omskryf word:

- Die oorbenutting van die huidige geloofsleiers en onderbenutting van die lidmate hou 'n gevaar in waaraan dringend aandag gegee moet word.

- Daar vind nie 'n deurlopende afwisseling van geloofsleiers plaas nie
- Die bedieningstruktuur en leierskap waarmee die gemeente werk, draai alles rondom die bediening van die leraar. Die sterk funksionering van die Herder-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kudde bedieningspraktyk oor die jare hou verband met die passiewe houding van die lidmate en onderbenutting van hul gawes.

- Die leraar het 'n belangrike rol te speel in leierskapsontwikkeling. Dit noodsaak volgehoue intervensie wat kan lei tot transformasie.

## 1.4 Navorsingsdoelstelling

Die doel van hierdie werkstuk is om die probleem rondom geloofsleierskap in die gemeente aan te spreek. Die omstandighede van die gemeente is gunstig om 'n meer gebalanseerde en verteenwoordigende leierskorps daar te stel. Dit word gedoen aan die hand van 'n meganiese en kontekstuele analise te wys op die stand van leierskap, die uitdagings waarvoor ons te staan kom en die strategieë wat aan die dag gelê word om geloofsleiers te kweek. Sekere aksieplanne word op die tafel gesit om die situasie te verander.

## 1.5 Metodologiese dimensie

Die aannames wat gemaak word in die inleidende woord, probleemstelling, hipoteses en navorsingsdoelstellings is alles dinge wat ondersoek en getoets moet word. Dit gaan dus oor hoe daar te werk gegaan is en watter metode gevolg is. Baie moeite is gedoen ter wille van die situasie-analise. Daar is deurgaans navorsing gedoen by wyse van literatuur-studie, verwerking van vraelyste, gestruktureerde onderhoudvoering, ondersoek van Doop- en lidmaatregisters, Kerkraads- en Ringsnotules, konsistorie boeke. Vergaderings en samesprekings met die kerkraad was gedurig gehou. Hulle toestemming is vir alles verkry waarmee ek besig was. Die gemeente is ook in die proses betrek. Die nodige opleiding was verskaf aan die fasiliteerders wat my in my opdrag en taak bygestaan het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 1.6 Belangrike begrippe

### 1.6.1 Geloofsleiers

In hierdie werkopdrag word nie in die algemeen na leiers verwys nie. Dit kry 'n mens op alle vlakke van die samelewing. In die kerk van die Here het ons met 'n spesifieke soort leierskorps te doen wat in 'n verhouding staan met die Hoof van die kerk. Dit maak van hulle ander soort leiers as die in die sekulêre wêreld. Wanneer daar van geloofsleiers gepraat word, verwys dit vir my persoonlike verstaan daarvan na **kerkleiers** – in die eerste plek die besondere ampte, maar verder ook na diegene wat in 'n leiershoedanigheid staan rakende Koningkrykswerk.

### 1.6.2 Gemeente analise

Dit is volgens Hendriks (1992:129) : " 'n Proses waarin 'n gemeente op 'n redelike sistematiese en kontroleerbare wyse verskillende aspekte van sy situasie, funksionering, strukturering, identiteit en effektiwiteit ontleed om daarmee in die lig van die Woord en onder leiding van die Gees oor sy wese en roeping te besin."

### 1.6.3 Meganiese analise

Dit dui op 'n ontleding van die gegewens van die gemeente en is 'n aanduiding van die meganika of funksionering van die gemeente. Die data van die gemeente stel die navorser in staat om 'n profiel van die gemeente te teken (Hendriks 1992: 143).

### 1.6.4 Kontekstuele analise

Dit is die proses om alle relevante inligting oor die omgewing waarin die gemeente geleë is in te win. 'n Kontekstuele analise gaan die dinamiese wisselwerking tussen 'n gemeente en sy omgewing na in die vaste geloof dat die Here mense kan gebruik om hul omgewing ten goede te beïnvloed (Hendriks 1992: 131, 138).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 1.6.5 Hipotese

Die begrip verwys na 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer veranderlikes postuleer (stel). Hipoteses moet getoets kan word.

### 1.6.6 Bedieningspraktyk

Hierdie begrip verwys na die werklike situasie van hoe 'n bepaalde gemeente funksioneer.

## 1.7 Uiteensetting van werkstuk

Die werkstuk bestaan uit altesame 6 hoofstukke. Hoofstuk een dien as inleiding waarin kortliks na die tema en problematiek verwys word. Hoofstuk 2 handel oor 'n meganiese en kontekstuele analise. Hier word gepoog om 'n beeld van die gemeente in die konteks waarbinne die gemeente homself bevind, weer te gee. Hoofstuk 3 handel oor die huidige stand van leierskap in die gemeente – hoe dit funksioneer en die betrokkenes daarby. Hoofstuk 4 bring ons voor die uitdagings waarvoor ons te staan kom in leierskapsontwikkeling. Hoofstuk 5 handel oor 'n strategie vir die ontwikkeling van leierskap. Hier word 'n brug gebou tussen die situasie-analise, literatuurstudie en strategieë wat aan die dag gelê word. Hoofstuk 6 konsentreer op die rol van die leraar in leierskapsontwikkeling.

**<u>OPMERKING</u>**

Die leser word daarop gewys dat indien 'n woord of stelling in hierdie werkstuk herhaal word, is dit om teen daardie tyd weer 'n punt te maak wat met die spesifieke stelling verband hou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 2

# 'N MEGANIESE- EN KONTEKSTUELE ANALISE VAN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

## 2.1. MEGANIESE ANALISE

### 2.1.1 Ouderdom en geografiese beskrywing

Die gemeente is volgens die *Jaarboek van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* in 1958 gestig. Voor haar afstigting het die gemeente bekend gestaan as 'n *werkkring* wat geresorteer het onder die voormalige N.G. Sendinggemeente Concordia. Met die skrywe van hierdie werkstuk is die gemeente dus as 'n selfstandige gemeente 43 jaar oud.

Die VGK Gemeente Springbok is een van die baie gemeentes in die land wat tydens die vorige politieke bedeling negatief geaffekteer is deur die Groepsgebiedewet. Met die onverbiddelike toepassing van genoemde wet deur die Apartheidsregering en heelhartiglik geondersteun deur die plaaslike N.G. Kerk, was die gemeente wie se kerkgebou in die "dorp" gestaan het, asook alle Kleurlinge wat in die dorp gebly het, gedwing om te verskuif na die Kleurling woonbuurt Bergsig - vroeër bekend as Wynhoek en Blommeprag. Die gedwonge verskuiwing het gepaard gegaan met die verkoop van die Kerkgebou (R9000-00) en Pastorie (R6500-00) aan die NG Kerk kort na die ontvangs en bevestiging van die eerste Kleurling leraar in 1966 (vgl. Dokumentasie van Surplus People's Project 1995). Die gemeente moes van vooraf begin en was genoodsaak om van sy vaste bates soos onder andere die plaaslike laerskool te verkoop om 'n nuwe kerkgebou op te rig en later 'n pastorie. Uiteraard was dit 'n baie traumatiese ervaring vir die gemeente wat haarself desnoods met die hervestiging diep in die skuld moes dompel.

Die dorp Springbok - vroeër bekend as Melkboschkuil, is alombekend as die Hoofdorp van Namakwaland. Dit lê ongeveer 560km op die hoofroete vanaf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Kaapstad na Namibië op die N7 Nasionale pad (vgl. Bylaag 1). Van die vernaamste besigheidsentra is hier geleë wat meebring dat daar 'n daaglikse verkeer is tussen Springbok en al die omliggende dorpe - veral die Myndorpe. Die dorp self bied nie slegs werksgeleenthede aan talle inwoners van omliggende dorpe soos O'kiep 8km, Nababeep 22km, Concordia 25km en Steinkopf 50 km nie, maar word ook op hierdie wyse ekonomies gevoed.

Dit is baie sentraal geleë. Weens die toeganklikheid van die dorp en die goedgeorganiseerde daaglikse verkeer tussen hierdie belangrike Noord-Kaapse dorp en die res van die land en Namibië, bring dit mee dat noodsaaklike lewensmiddele en komoditeite binne afsienbare tyd bekom kan word. Die moontlikheid van sluikhandel in dwelms en allerhande verslawende middele asook in diamante, bly 'n werklikheid om mee rekening te hou.

Die totale populasie van die inwoners van Springbok volgens die 1996 sensusopname (Verskaf deur Munisipaliteit) beloop 10707. Die getal verteenwoordig die volgende bevolkingsgroepe:

| | |
|---|---|
| Blankes: | 2374 |
| Kleurlinge: | 7993 |
| Swartes: | 157 |
| Asiate: | 3 |
| Ongespesifiseerd: | 180 |

Volgens 'n opname van die Munisipaliteit van 1998 is die woonhuise in die onderskeie woonbuurte in sy bedieningsarea as volg versprei:

| | |
|---|---|
| Bergsig: | 1008 |
| Vaalwater: | 292 |
| Matjieskloof: | 249 |
| Springbok Dorp: | 652 |
| Tydelike Strukture: | 103 |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die V.G.K. Gemeente Springbok met sy sieletal van 2177 (doop- en belydende lidmate - vgl Doop en Lidmate register) maak dus 19,7% van die totale populasie uit (vgl. Jaarboek VGKSA:1998).

### 2.1.2 Invloed van ligging op die gemeente

Die toeganklikheid van die dorp soos dit geleë is langs die N7 asook die feit dat dit baie sentraal geleë is, hou vir die gemeente positiewe sowel as negatiewe implikasies in.

Springbok is 'n toeriste aantreklikheid dwarsdeur die jaar, maar veral tydens die blomme seisoen. Tesame met die vernaamste industrieë wat hier gevestig is, bied dit werksgeleenthede aan die lidmate in 'n mate waartoe die omliggende dorpe nie in staat is nie.

Weens die Munisipale status van die dorp wat aan huiseienaars eiendomsreg verleen - 'n status waaroor die omliggende dorpe tot in die jongste verlede nie beskik het nie, brei dit gedurig uit. Gevolglik word nie slegs inwoners van verafgeleë dorpe en stede hierheen getrek nie, maar ook Namakwalanders van die nabygeleë Myndorpe en reservate. Ons het dus gedurig met nuwe intrekkers in die gemeente te doen, wat meebring dat die gemeente nie stagneer nie. As gevolg van sy geografiese ligging is die gemeente ook blootgestel aan die negatiewe invloede van buite. Springbok het 'n maklike afsetgebied vir verslawende middels geword. Daar word beweer dat 90% van alle hoër- en laerskool leerlinge al op die een of ander manier geëksperimenteer het met drank en dwelms. (Toevlug Sentrum vir Middel-afhanklikheid Jaarverslag: 1998/99). As gevolg van die vryemarkstelsel is daar op elke hoek en draai 'n smokkelhuis. Kinders onder die ouderdom van agtien word (wederregtelik) toegelaat om daar drank te gaan koop. 'n Groot mate van bandeloosheid en moreel- en sedelike verval is aan die orde van die dag. Enkelouer gesinne is 'n daaglikse verskynsel. Hulle word selfs op die voorkeur-lys geplaas vir die H.O.P-huise. Die meeste babas wat in die gemeente gedoop word, is die van enkelouers (ongehude moeders). (vgl. Doopregister van die gemeente).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Misdaad vier hier hoogty. In sy hoedanigheid as Voorsitter van die Gemeenskapspolisiërings- forum het die navorser baie hiermee te doen (Statistieke van SAPD). Huisinbrake en inbrake in motors vind gedurig plaas. Die gemeentelike eiendomme en motor van Diakonale Dienste het al dikwels deurgeloop. Terwyl die navorser met hierdie werkstuk besig was, moes hy een nag 'n burgerlike arres doen van vier jong seuns wat motor batterye gesteel het.
Daar is ook onlangs by die kerksaal ingebreek en onder andere is daar 'n duur mikrogolf-oond deur 'n gemeente seun gesteel en verkoop vir "n pil" (mandrax) en R100-00! Laasgenoemde is deel van die sogenaamde TUPAK-bende wat deesdae 'n skrikbewind op Springbok voer. Die onveiligheid wat hierdie toedrag van sake meebring, affekteer die werk van die leraar en kerkraad negatief, veral as dit by huisbesoek kom. 'n Mens is net nie meer veilig op straat nie, veral saans.

### 2.1.3 Fisiese geriewe

Op die hoofstandplaas van die gemeente, naamlik Bergsig, word daar beskik oor 'n baie doelmatige Kerkkompleks - bestaande uit 'n kerkgebou en kerksaal. Die kerkgebou is redelik ruim en bied gerieflik sitplek aan 700 mense. Die kerksaal is baie ruim en prakties ontwerp met voldoende kantore en kategese lokale, asook 'n uitstekend toegeruste kombuis met die mees moderne toerusting. Op die kerkterrein staan 'n buitengewoon ontwerpte kloktoring met 'n groot klok wat vanaf Holland ingevoer is. Parkeerplek vir motors is egter 'n probleem tydens eredienste.

Baie doelmatige en praktiese kerksale is ook tydens die bedieningstyd van die navorser opgerig in die buitewyke Rooifontein (reservaatgebied) en Carolusberg (voormalige Myndorp). Hierbenewens beskik die gemeente oor 'n pastorie en twee gemeente huise wat huidiglik verhuur word aan die Maatskaplike Werker en Namakwalandse Raad van Kerke. Die gemeente het geen skuld nie.

### 2.1.4 Gemeente Program

Die gemeente se program is haar manier om prakties uiting te gee aan haar roeping

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



om die Woord te verkondig en diensbaar te wees aan God en die wêreld. Alhoewel dit 'n deeglike en omvattende dokument is, word die program beplan met die oog op goeie orde in die gemeente sodat daar planmatig en struktureel met die Kerklike jaar omgegaan kan word. Tog is daar 'n verstandhouding onder die kerkraad dat dit 'n program is "soos die Here wil (DV)", met in agneming van die nodige aanpassings wat na die eis van omstandighede gemaak moet word. Die program is dus nie in beton gegiet nie, maar tog buigbaar.

Die gemeente het 'n voltydse Leraar, Koster, Maatskaplike Werker, Administratiewe Beampte en deeltydse Skriba/kassier. Daar is tans 19 ouderlinge en 14 diakens van wie die oorgrote meerderheid herkose kerkraadslede is, vanweë die probleem waarmee die gemeente in hierdie opsig al die jare worstel. Na gelang van die grootte van die wyke en beskikbaarheid van kerkraadslede word dit deur ten minste een ouderling en een diaken of meer bedien. Vanweë die grootte van die buitewyke Rooifontein en Carolusberg, word dit elkeen deur twee ouderlinge en twee diakens bedien. Daar is tans vakatures vir tien diakens op die kerkraad. Alhoewel daar gereelde wyksbyeenkomste plaasvind, slaag die gemeente nie daarin om die 12 wyke saam te bind tot 'n "hegte gesin" nie . Dit hang gedeeltelik saam met die wykstruktuur en veral die gebrek aan meelewing en betrokkenheid van die meeste lidmate (kerkraadsnotule).

Die kerkraad vergader minstens vier(4) maal per jaar. Indien sake van spoedeisende belang opduik, word buitengewone of spoedeisende vergaderings belê. Die vergaderings is van so 'n aard dat die werksaamhede van die gemeente deur middel van verslae en besprekings gemonitor word. Dit neem dus die vorm aan van 'n besigheids- en strategiese bestuursvergadering. Dit vind met enkele uitsonderings na in 'n baie goeie gesonde en opboudende gees plaas en die kerkraadslede is meestal voltallig. Die kerkraad verrig sy werk deur middel van die volgende kommissies: Dagbestuur, Finansiële kommissie, Bou- en eiendoms kommissie, Kommissie vir Getuienisaksie, Kommissie vir Christelike Onderwys en Opvoeding, Diakonie en Diakonale Dienste. Gemeentelede asook lede van Verenigings (Diensaksies) word op die kommissies gekoöpteer. Verslag van hulle werksaamhede word kwartaalliks aan die kerkraadsvergadering voorgehou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die gemeente se **goedgebalanseerde program** maak daarvoor voorsiening dat die gemeente plaaslik nie alleen goed versorg word deur die leraar nie, maar ook die buite-wyke wat minstens een maal per maand deur eersgenoemde besoek word. Daar word slegs een erediens op 'n Sondagoggend gehou en bidure Woensdae aande. Die gemeente sing sonder orrelbegeleiding. Sondae middae word gebruik vir persoonlike uitreiking. Die bidure in die kerkgebou word maandeliks afgewissel met 'n wyksbiduur op die voorlaaste Woensdag van die maand. Hierdie byeenkomste het 'n meer informele karakter en 'n meerrigting kommunikasiestyl (Hendriks 1992:153). Die kerkraad en kategete vergader elke kwartaal saam met katkisante en ouers. Die Gemeenteprogram maak ook voorsiening vir die werksaamhede van die volgende **aktiewe** Verenigings (Diensaksies) : Sondagskool, Christelike Kinderbond, Junior en Senior Kategese, Jeugbrigade, Christelike Jeugvereniging, Vrouediens, Kerkkoor, Snaarorkes, Christelike Afhanklikheidsbediening en Klub vir Bejaardes.

Die kerkaad besoek maandeliks elke huisgesin om persoonlik vir die lidmate hulle dankoffer-koevert te bestel wat hulle na die skatkis moet bring op Tiende Sondag. Elke wyk hou ook wyksfunksie met die oog op die jaarlikse Dankfees-basaar. Die gemeente se hoof bronne van inkomste bestaan uit die Tiendes en Dankfees - basaar se opbrengs.

### 2.1.5 <u>Profiel van leraars</u>

Die bronne wat geraadpleeg was ten einde 'n profiel van die leraars te gee is die volgende:

- Jaarboek van NG Kerke - 1981 - 1999
- Jaarboek van VGK in SA - 1997 – 1998
- Gemeentelike Notules, Doop- en Lidmateregister
- Ringsverslae en Notules van die Ring van Steinkopf waaronder die gemeente resorteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Daar is ook onderhoude gevoer met verskillende sleutelfigure in die gemeente en gemeenskap soos rustende kerkraadslede, skoolhoofde, sakemanne en leiersfigure van ander kerke. Die idee was om sover moontlik 'n objektiewe antwoord te kry. Die navorser het gebruik gemaak van 4 fasiliteerders wat vooraf deur hom opgelei is en in oorleg met wie die vraelyste voorberei is. Elke fasiliteerder was verantwoordelik vir 5 respondente en daar was ooreengekom om selfs ten opsigte van die navorser self eerlike en objektiewe menings te gee (vgl. Bylaag 2). Daar is vooraf ooreengekom wie van die fasiliteerders met wie die onderhoude moet voer ten einde 'n verteenwoordigende respons uit die gemeente en gemeenskap te kry.

Sedert die afstigting van die gemeente in 1958 is dit deur die volgende vier(4) leraars bedien:

| | | |
|---|---|---|
| Ds P.P. Le Roux | : | 1958 - 1965 |
| Ds S.G. Pick | : | 1966 - 1975 |
| Ds A.M.G. Stander | : | 1975 - 1979 |
| Ds P.J. Burger | : | 1981 - Hede |

**<u>Ds P.P. Le Roux</u>**

Hier was veral respondente uit die ouer geslag betrek aangesien Ds Le Roux die gemeente bedien het sedert haar stigting tot en met sy heengaan in die tuig in 1965. Die deelnemers beskryf hierdie sendeling as iemand wat besorgd was oor die gemeente. Daar word met deernis na hom verwys veral vanweë die feit dat hy in die tuig gesterf het. Weens die getal lidmate wat aan die begin heelwat minder was, het hy feitlik almal goed geken en was hy 'n goeie pastor wat getrou huisbesoek gedoen het. Tog word hy nie onthou as 'n goeie prediker nie, of iemand wat die gemeente tot selfstandigheid wou lei nie, aangesien sy salaris grotendeels vanaf die N.G. kerk gekom het in ruil vir sekere verpligtinge aldaar. Hy handhaaf 'n baie sterk herder-kudde model van bediening. Sy kommunikasiestyl was soos in die tabel van Richards, eenrigting : van bo (die dominee) of na onder (Hendriks 1992:152). Onder sy bediening as sendeling het geestelike groei sowel as groei in getalle plaasgevind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Ds S.G. Pick**

Dit is die eerste (bruin) seun uit eie geledere wat in die gemeente bevestig is as jong proponent. Vir beide leraar en gemeente was dit aan die begin 'n geweldige aanpassing. Soos blyk uit die vraelyste, alhoewel die aanpassing geleidelik gekom het, het hy aan die begin 'n moeilike tyd gehad. Weens 'n gebrek aan ervaring, asook ongetroud, gepaardgaande met die drastiese terugtrekking van finansiële hulp van die N.G. Kerk ná ds Le Roux en die ontoeganklikheid tot die hulpbronne van sy voorganger, kon die pastorale versorging van die gemeente nie onmiddellik tot sy reg kom nie omdat die gemeente eers finansieël gevestig moes word. Sy begin jare gaan gepaard met die hervestiging van die gemeente in die "Kleurling woonbuurt" wat saam geloop het met die voltooiing van die kerkgebou en die bou van 'n pastorie in uiters moeilike tye van gedwonge verskuiwings. Hy was 'n goeie administrateur en motiveerder. Ten spyte van sy jeug het hy gaandeweg in die harte van die gemeente gekruip en het hy ook as gevolg van sy werksywer respek afgedwing. Sy inisiatiewe in terme van maatskaplike noodleniging word nog steeds onthou. Dit is jammer dat hy geswig het onder die druk van die N.G. Kerk en groepsgebiedewet deur die gemeente se eiendomme te vervreem.

**DS A.M.G. Stander**

Die deelnemers aan die onderhoude beskryf die leraar as een van daardie beskeie, saggeaarde dog hardwerkende diensknegte van die Here. Alhoewel hy nie sterk uitgestaan het as prediker nie, was een van sy konsentrasie-punte die evangelisering van die gemeente. Hy het gepoog om die lidmate te lei tot bekering en 'n persoonlike verhouding met die Hoof van die Kerk Jesus Christus. In sy huisbesoek was hy getrou. Dog was een van sy swakpunte dat hy nie sterk genoeg standpunt kon inneem nie. Ook het hy nie daarin geslaag om die gemeente te lei tot 'n lewe van offervaardigheid en dankbaarheid nie. In sy bedieningstyd is die kerksaal in Bergsig wat 'n groot skuldlas op die gemeente en sy opvolger gebring het, opgerig. Weens sy sterk handhawing van die herder-kudde model van bediening, was hy baie misbruik - deels ook daaraan te wyte dat hy nie goed kon delegeer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Ds P.J. Burger**

Soos blyk uit die vraelyste word die predikant beskryf as iemand wie se sterkste bedieningsarea die Woord-bediening is. Sterk klem word gelê op jou persoonlike verhouding met die Here en jou medemens en bekering. Sy ekumeniese ingesteldheid het van hom 'n minsame mens in die hele gemeenskap gemaak. Alhoewel hy as proponent 20 jaar gelede in die gemeente bevestig was, het hy goeie lewenservaring gehad vanweë sy jare diens in die privaatsektor. Met sy praktiese akkommoderende benadering wat gepaard gegaan het met die skoling van die kerkraad en gemeente, kon daar alreeds in 'n vroeë stadium van sy bediening hoë hoogtes bereik word. Dit is nie net opmerksaam in die geestelike groei van die gemeente nie, maar veral in die finansiële vestiging daarvan. Groot waardering word getoon weens sy ingesteldheid om voort te bou op die werk van sy voorgangers en hulle nagedagtenis in ere te hou. Dit is een van die redes waarom ds. S.G. Pick sy dertigste bedieningsjaar in 1996 in hierdie gemeente kom vier het. Reeds in die tweede bedieningsjaar is die geweldige skuldlas van die gemeente gedelg. Daarna is die een projek na die ander van stapel gestuur op 'n kontant basis soos onder andere: Kerksaal Rooifontein, Kerksaal Carolusberg; Kloktoring – projek Bergsig, Opgradering van gemeente kombuistoerusting in kerksaal, omheining van kerkkompleks te Bergsig, grootskaalse onderhoudswerk, om nie meer te noem nie. As gevolg van die onmiddellike prioriteite soos die finansiële verknorsing waarin die gemeente verkeer het wat buitengewone eise aan die leraar gestel het, was vername bedieningsareas soos die pastorale versorging van die gemeente, huisbesoeke en Bybelstudie, afgeskeep. Desnieteenstaande is die kerkraad onder alles goed geskool om in tye van afwesigheid van die leraar die "fort" te hou. 'n Goeie onderlinge verhouding en liefdesband tussen leraar, kerkraad en gemeente bestaan. Dit is maar net nog 'n bevestiging van wat Hendriks sê soos aangehaal uit Wagner en Schaller: "Navorsing toon ook aan dat werklike gemeentebou slegs kan plaasvind as daar sterk en doelgerigte leiding is van 'n leraar wat lank in die gemeente arbei. 'n Leraar se effektiewe bediening begin eers nadat hy vier tot ses jaar in 'n gemeente gearbei het" (1992:135).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 2.1.6 Belangrike gebeure wat in die laaste 20 jaar in die gemeente plaasgevind het en die invloed daarvan op die gemeente:

Hierdie inligting is verkry uit notules van die kerkraad en Ring van Steinkopf.

**1978 :** *Plegtige inwyding en ingebruikneming van kerksaal te Bergsig.* Hierdie kerksaal, alhoewel dit opgerig was met 'n Christelike Lektuurfonds (C.L.F) leningskuld was die enigste in sy soort in terme van ontwerp, grootte en geriewe in Namakwaland in daardie tyd. Alles hoef daarna nie meer in die kerkgebou self, waaroor daar sekere huishoudelike reëls en sentiment bestaan het, gedoen word nie. Dit het 'n trots by die gemeente ontwikkel omdat hulle ervaar het waartoe hulleself in staat is. Van die werk is deur lidmate en ander vrywilligers gedoen.

**1981:** *Ontvangs en bevestiging van Ds P.J. Burger as proponent.* Na 'n vakature van twee jaar voel die gemeente gelukkig om hulle eie leraar te hê en nie meer van die dienste van 'n konsulent hoef gebruik te maak nie. Daar is 'n suster wat dit kort na sy bevestiging in 1981 vir die leraar gesê het : "Nou hoef ons nie meer in die pad op te kyk en sê : Daar kom die ouderling nie, maar daar kom die dominee!". Die leraar en gemeente word voor die uitdaging gestel om die skuld te delg, selfstandig te word en in die rigting van geestelike volwassenheid te beweeg.

**1981:** *Die gemeente delg haar oortrokke lopende rekening by die bank.* Met die ontvangs en bevestiging van die leraar was die gemeente se lopende rekening derduisende rande oortrokke. Nadat dit onder die gemeente se aandag gebring is en 'n oproep tot samewerking gemaak is, het die gemeente positief gereageer. Binne enkele maande is die negatiewe balans uitgewis en kon die gemeente met dankbaarheid daarvan kennis neem. Die gemeente is gemotiveer om verder te werk en nie op haar louere te rus nie.

**1982:** *Skulddelging van kerksaal te Bergsig.* 'n Aansienlike uitstaande bedrag op 'n lening by Christelike Lektuurfonds (CLF) van R58 000 is volkome gedelg. (Baie geld vir daardie tyd!). Voorheen kon die gemeente net aan die rente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



afbetaal. Dit was 'n groot dag in die geskiedenis van die gemeente wat sedertdien na baie jare kan asemhaal sonder om te wurg aan skuld.

**1983:** *Plegtige inwyding en ingebruikneming van kerksaal te Rooifontein.* Hierdie gebou is kontant opgerig deur die leraar, kerkraad en gemeente wat oor naweke die werk 100 km vanaf Springbok gaan doen het. Die mense van dié reservaat het slegs een keer elke drie maande 'n erediens (Nagmaal) gehad waarheen hulle oor baie vêr afstande oor die hele Boesmanland met donkie-karre, fietse, trekkers, vragmotors en te voet na die sinkgebou op Gamoep moes kom. Dit was uiters moeilik en onbekostigbaar vir die mense, en die dienste was té wyd uitmekaar. Die visie van die leraar het meegebring dat die Missionêre benadering aan die dag gelê is naamlik: "As die mens nie na die kerk toe kan kom nie, neem die kerk na die mens toe." Sedertdien word daar elke Sondag eredienste, Sondagskool en Kategese gehou en het 'n ontwaking by die wyk posgevat. Die wyk is goedgevestig soveelso dat daar in die jongste tyd tienduisende rand belê is in die opgradering van die gebou. Die lidmate is trots daarop om hulle eie aanbiddings-plek te hê en daar is 'n gedurige toestroming van lidmate van ander denominasies na die eredienste en ander geleenthede.

**1983** *Vyf en twintigjarige bestaan van gemeente.* In diepe dankbaarheid kom die gemeente bymekaar om hulle dankbaarheid teenoor die Here te bewys vir 'n kwart eeu van genade.

**1984:** *Eerste Tiende Sondag.* Nadat die gemeente deeglik hierop voorberei is, is 'n geloofsprong in hierdie rigting gewaag gedurende die eerste Sondag van Maart 1984. Dit het die geseënde bedrag van R7900-00 byeengebring. Daarna het die gee van Tiendes 'n instelling geword. Alhoewel die meerderheid lidmate hieraan ontrou is, is dit 'n groot verbetering op vroeër. Daar is sedertdien elke Maand 'n Tiende Sondag waartydens die lidmate hulle Dankoffer persoonlik in die skatkis moet kom plaas tydens die erediens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**1984:** *Skorsing van leraar.* In Mei 1984 word die leraar vir drie maande deur die Ring van Steinkopf geskors weens sy gedrag en optrede tydens 'n ondersoek (nie oor die klagte nie). Die skorsing duur vyf maande omdat die leraar geweier het om aansoek om opheffing te doen. Tydens die vergadering van die Sinodale Kommissie word die handelinge van die Ring ter syde gestel en word die leraar eervol terug geplaas en met oop arms deur die gemeente terug ontvang. Die lede van die Moderatuur het persoonlik na die leraar gekom om die saak reg te stel en om verskoning te vra. Dit het onberekenbare skade aan die gemeente verrig wat seker eendag in die hiernamaals openbaar sal word. Die insinking wat intussen plaasgevind het is enorm.

**1984:** *Stigting van die Christelike afhanklikheidsbediening (C.A.B.).* Op baie luisterryke wyse word hierdie vername diensaksie van die VGK in die gemeente gestig. Dit het 'n lang gevoelde leemte in die gemeente en gemeenskap vervul. Die Direkteur C.A.B. het spesiaal vanaf Worcester gekom om die stigtingsplegtigheid te kom waarneem.

**1989:** *Plegtige inwyding en ingebruikneming van die Kerksaal te Carolusberg.* Hierdie wyk op die (voormalige) myndorp moes sedert die stigting van die gemeente in 'n klaskamer dienste hou en alle ander aktiwiteite doen. Alhoewel die gemeente dankbaar was vir die voorreg, het dit sy beperkinge ingehou. In 1989 kon hierdie sierlike en doelmatige Godsgebou ingewy word sonder enige skuld. Die status van die gemeente is nie slegs hierdeur verhoog nie, maar sy bates het ook beduidend vermeerder. 'n Vorige Leraar en 'n gemeente seun (ds.) is by die plegtigheid betrek. Aan God al die eer!

**1991:** *Skorsing van leraar en kerkraad deur die Ring van Steinkopf.* Vir die tweede keer in 'n relatiewe kort tyd word die gemeente tot in sy fondamente geskud deur die handelinge van die Ring. Slegs twee kerkraadslede was nie deur dié besluit van die Ring geraak nie. Maar na vyf maande is die skorsing deur die Sinode ter syde gestel en is die leraar en kerkraad eervol in hulle ampte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



herstel. Die skorsing het gevolg op die (wederregtelike) uittrede van die gemeente uit Ringsverband weens laasgenoemde se werkswyse. Hierdie Ringshandelinge het algehele chaos en verwarring veroorsaak, maar gou was die gemeente weer op die pad van herstel en oorwinning.

**1991:** *Dag van verootmoediging en hernude oorgawe aan die Here.* Die handelinge van die Ring het verdeelde lojaliteite in die gemeente meegebring. 'n Dag van verootmoediging is belê waar die leraar, kerkraad en gemeente sy skuld voor God bely het en 'n nuwe begin gemaak het. Dit was 'n baie roerende gebeurtenis wat 'n groot impak op die gemeente gehad het. Grootskaalse herlewing het ook plaasgevind. Sedertdien gaan die gemeente van krag tot krag en van oorwinning tot oorwinning.

**1992:** *Inwyding van Kerkklok en –toring te Bergsig.* Die gemeente het sedert sy stigting nooit oor 'n doelmatige klok by die groot kerkkompleks beskik nie. Die klein skaars hoorbare klok het nie meer sy doel gedien nie. Hierdie leemte is ondervang deur die oprigting van 'n reuse toring en installering van 'n buitengewoon groot klok wat ingevoer is vanaf Holland. Dit was 'n plegtigheid soos min. Nagenoeg 75% van die uitgawes hieraan verbonde is op die inwydingsdag, 01 Maart 1992 ingesamel.

**1996:** *Afskrywe van agterstallige emolumente deur leraar.* Weens die leraar se visie om onder andere die gemeente op 'n gesonde finansiële voetstuk te bring, is daar in die proses 'n agterstand van ± R200,000-00 (Twee honderd duisend rand) opgebou ten opsigte van die emolumente van die leraar. Dit was 'n groot bron van kommer vir die kerkraad en gemeente om aan bogenoemde reg te laat geskied. Om opnuut weer die leiding ten opsigte van fondsinsameling ook hierin te neem, het die leraar nie voor kans gesien nie. Die droom was juis om die gemeente finansieel te vestig. Die leraar is gelei om alle agterstallige emolumente af te skryf sodat die gemeente geen skuld meer hoef te hê nie. Die kerkraad en gemeente se gevoel oor hierdie gebaar wat inderdaad 'n grootse offer was, word uitgedruk in 'n *oorkonde*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gedateer 24 Maart 1996 (Vgl. Bylaag 3). Die leraar het nog nooit hieroor berou gekry nie. Daarvandaan het ons nog net vorentoe beweeg.

**1996:** *Ingebruikneming van kombuistoerusting.* Met die inwyding van die kerksaal te Bergsig (1978) het die kombuis slegs oor die basiese toerusting beskik. Onder leiding van die leraar is die mees moderne toerusting geïnstalleer en op 'n plegtige wyse op 21 Julie 1996 ingebruik geneem. Met die addisionele gerief kan daar nou met mening gewoeker word in 'n kombuis wat in enige huishouding die trots van die vrou behoort te wees.

**1996:** *Dankdiens vir dertig jaar in die bediening van Dr S.G. Pick.* Aangesien dit laasgenoemde se begeerte was om in ons gemeente as voormalige leraar (wie se eerste gemeente dit was) vir die Here dankie te sê vir dertig bedieningsjare, het ons dit so gereël dat dit moet saamval met die ingebruikneming van die kombuistoerusting. Dit was toe sommer twee geleenthede in een waartydens die gemeente behoorlik fees gevier het. Groot dankbaarheid het geheers om weer vir "ou-meneer" hier te hê en veral om die verhouding tussen die huidige en voormalige leraar te ervaar. Dit het 'n blywende indruk op die gemeente gemaak.

**1998:** *Sertifikaat van verdienstelikheid aan leraar.* Die leraar het steeds die leiding geneem dat die gemeente nie op sy louere moet rus nie. Daarom is daar met volharding en ywer voortgegaan om te bou aan die Koninkryks belange. Na sewentien (17) bedieningsjare in die gemeente oorhandig die kerkraad en gemeente 'n **Sertifkaat van verdienstelikheid** aan die leraar tydens 'n erediens op Sondag 01 Februarie 1998 (Vgl. Bylaag 4). Dit was ook 'n plegtigheid op sy eie.

**1998:** *Bywoning van IAVE Konferensie te Kanada.* In die lig van die leraar se inisiatiewe en benadering om vrywilligers te betrek in alle projekte, is hy deur middel van 'n gesamentlike gebaar van die gemeente en Diakonale Dienste na bogenoemde Konferensie afgevaardig soos gereël deur die *International*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*Association for Volunteer Effort* (IAVE) te Edmonton vanaf 23 – 28 Augustus 1998. Vir die gemeente en myself was dit iets besonders. Ek is behoorlik "op die pad gesit." Voorsiening is tegelykertyd gemaak vir 'n oorsese vakansie ook elders in Kanada en Amerika wat gedra is deur die gemeente en Diakonale Dienste.

**1999:** *Verdere studie van leraar.* Onder al die bedrywighede en eise wat die bediening in die spesifieke gemeentelike konteks meegebring het, was daar maar min tyd vir formele studie. Weens die leemtes in die leraar se bediening en meer gunstige omstandighede in die gemeente, is die leraar gelei om in te skryf vir die M.Th bedieningspraktyk – graad by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie stap dra die seën weg van die ganse kerkraad en gemeente waardeur die leraar veral as 'n rolmodel dien vir die jonger studerende jeug. 'n Vername afspraak in hierdie verband is op 16 Maart 1999 met prof. H.J. Hendriks nagekom.

**2001:** *Besoek van Teologiese dosente en studente aan gemeente.* Die gemeente het die voorreg gehad om genoemde Ekumeniese Studietoergroep te ontvang vanaf 11 – 13 Junie 2001 (Vlg. Bylaag 5). Behalwe dat die geleentheid benut is om ons christelike gasvryheid te betoon saam met andere buite die gemeente, kon die kerkraad en gemeente ook kennis maak met die leraar se studie-leier in die persoon van prof. Jurgens Hendriks. Vir die gemeente het dit oneindig baie beteken en is hulle hierdeur met trots vervul. Dat daar hierdeur deur beide toergroep en gemeente 'n "*statement*" gemaak is, is 'n feit wat staan soos 'n paal bo water.

**2001:** *Omheining van kerkkompleks te Bergsig.* Weens die beskadiging van die vorige omheining en verskeie inbrake by die kerkkompleks, was ons genoodsaak om veiligheidsomheining met lemmetjiesdraad en staalwerke te installeer. Dit is 'n projek van derduisende rande wat weereens op 'n DIY-basis (do it yourself) gedoen word. Die leraar neem weereens hier die leiding en het alles in Kaapstad in die fabrieke gaan aankoop met voertuie van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gemeentelede. Die koste besparing in hierdie verband is enorm. Daar word met trots en waardering daarna verwys selfs deur die wyer publiek. Die inwyding en ingebruikneming sal by wyse van 'n plegtigheid in Oktober/November 2001 plaasvind.

Die gemeente het rede om onder alles wat gedurende die afgelope 43 jaar gebeur het, 'n dankbare terugblik te werp op die pad waarlangs ons gekom het. Met die hand van die Here in die gemeente kan daar met vertroue vorentoe beweeg word. Die finansies is redelik stabiel en met goeie volgehoue rentmeesterskap behoort die gemeente sy verpligtinge in die toekoms na te kom.

Dit is steeds die strewe van die leraar en kerkraad om die onbetrokke lidmate te oorreed om hulle Belydenisbeloftes teenoor die Here na te kom en hulle deel te maak van die gemeenskap van gelowiges.

### 2.1.7 <u>Gemeentestatistiek</u>

Ten einde gemeentestatistiek te bekom, is die volgende bronne geraadpleeg: Doop- en lidmateregister, Vorm vir kerklike statistiek en visitasie, gemeentelike sensus-opname deur die kerkraad in alle wyke, onlangse sensus-opname deur die kliniek van die Distriksraad van Namakwaland oor getal bejaardes bo 65 jaar.

#### 2.1.7.1 <u>Getal Doop- en Belydende lidmate vir afgelope sewe jaar</u>

**1994/95**

| | |
|---|---|
| 815 | Dooplidmate |
| 902 | Belydende lidmate |
| 1717 | Sieletal |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**1995/96**

915 Dooplidmate
961 Belydende lidmate
1876 Sieletal

**1996/97**

965 Dooplidmate
1034 Belydende lidmate
1999 Sieletal

**1997/98**

994 Dooplidmate
1045 Belydende lidmate
2010 Sieletal

**1998/99**

1037 Dooplidmate
1062 Belydende lidmate
2099 Sieletal

**1999/2000**

1053 Dooplidmate
1094 Belydende lidmate
2047 Sieletal

**2000/2001**

1078 Dooplidmate
1120 Belydende lidmate
2117 Sieletal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.1.7.2 Het die gemeente gekwyn of gegroei die afgelope 7 jaar?

Wat getalsterkte betref het die gemeente beslis die afgelope 7 jaar beduidend gegroei. Dit is toe te skryf aan nuwe lidmate wat jaarliks Belydenis van Geloof aflê, lidmate wat vanaf ander V.G.K. Gemeentes oorkom, nuwe lidmate wat vanaf ander denominasies by ons gemeente aansluit, relatief min sterfgevalle.

Hierdie groei kan misleidend wees omdat dit nie noodwendig beteken dat almal nog binne die gemeentegrense woonagtig is of meelewend en betrokke is wanneer dit kom by die gemeentelike werksaamhede nie. Baie lidmate wat alreeds jare gelede verhuis of elders gaan werk of studeer het, versuim eenvoudig om hulle vertrekkaarte (attestate) te laat aanvra.
Inteendeel. Soos blyk uit die jongste opname is die oorgroter meerheid gemeentelede nie meelewend en betrokke nie, en gee ook nie hulle dankoffers nie. Dit is een van die groot probleme waarmee die gemeente worstel. Ten spyte van die vinnige groei, vind die groei nie sodanig plaas dat dit al nodig geword het om die kerkgebou te vergroot wat vir slegs 700 mense gebou is nie.

Volgens Ben Johnson (1995:35) bestaan daar in die VSA-samelewing nie lojaliteit aan die demoninasie waarin hulle gebore is nie. Hulle waardes (selfvervulling) is in konflik met die van hul ouers (uitstel van bevrediging) en die waardes van hulle ouers se kerk, en dit is waarom die meeste al die kerk "verlaat" het – al staan hulle name nog iewers op 'n kerkregister. "*Their absence accounts for much of the decline in membership, influence and financial stability of the mainline denominations*" (:35). Die lae persentasie lidmate wat dankoffers bydra mag 'n aanduiding van dieselfde dislojaliteit as in die Amerikaanse samelewing wees. Hendriks (1995: 35-58) kom tot die gevolgtrekking dat die Suid-Afrikaanse hoofstroomkerke in baie opsigte dieselfde tendense as Amerikaanse hoofstroomkerke begin vertoon, soos bv. die parallelle afname in markaandeel en 'n onvermoë om mense met mag en invloed in die hoogste kringe te bereik (:45).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



#### 2.1.7.3 Persentasie van bejaardes bo 65

Soos blyk uit die onlangse gemeentelike sensusopname beskik die gemeente oor die volgende aantal bejaardes vir 1998/99 boekjaar:

Aantal belydende lidmate: 1062
Aantal bejaardes bo 65: 95
Persentasie bejaardes in gemeente: 8,9%

#### 2.1.7.4 Gesinstrukture

| | |
|---|---|
| ❑ Huisgesinne | 351 |
| ❑ Enkelouers | 195 |
| ❑ Ongetroude jongmense | 424 |
| ❑ Woonstelbewoners | 4 |
| ❑ Saamwoners | 9 |
| ❑ Koshuiskinders | Geen |
| ❑ Plaasgemeenskappe | 1 gesin |

#### 2.1.7.5 Bevolkingsgroepe verteenwoordig onder lidmate

Die gemeente bestaan huidiglik uit 100% bruin Afrikaanssprekende lidmate. Alhoewel die vereniging van kerke alreeds etlike jare gelede plaasgevind het, is ons gemeente nie byvoorbeeld geraak deur die aansluiting van swart lidmate van die voormalige NGKA om vir laasgenoemde wat die taal betref, voorsiening te maak nie.

#### 2.1.7.6 Strategiese Teologiese beplanning

Die navorser het laat in 1999 'n klimaat onder die kerkraad en gemeente probeer skep om STB te doen. Dit was veral gedoen aan die hand van gemeente statistieke wat aan die Ring besorg moes word. Die gemeente het tot dusver onbeplande instandhoudingsbediening aan die dag gelê waar daar maar slegs met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



geloof en vertroue gewerk is. Geen definitiewe meganisme is byvoorbeeld in plek om die onbetrokkenes te betrek of dit behoorlik op rekord te plaas nie. Daar word ook nie begroot nie. 'n Duidelike geformuleerde visie ontbreek nog steeds.

### 2.1.7.7 Gemiddelde Erediensbywoning

Die gemiddelde erediensbywoning vir Februarie vertoon soos volg met inagneming van die buitewyke. Hierdie gegewens is verkry vanuit die drie Konsistorieboeke:

Oggenddiensbywoning: 414

Persentasie bywoning uit 1120 is dus 36,96%

Die bywoning van eredienste wissel natuurlik na gelang van die "aard van die erediens", die seisoen en weersomstandighede. Die grootste aantal gemeentelede is nie lief vir die huis van die Here nie.

### 2.1.7.8 Gemiddelde dankoffer per belydende lidmaat per maand

Hierdie gegewens is verkry uit die Geouditeerde Jaarstate van die gemeente en vorms vir Kerklike Statistiek en Visitasie vir die volgende boekjare:

| Boekjaar | Inkomste | Getal lidmate | Gemiddelde dankoffer per lidmaat |
|---|---|---|---|
| 1994/95 | R118059-90 | 902 | R10-90 per maand |
| 1995/96 | R149244-46 | 961 | R12-94 per maand |
| 1996/97 | R157381-38 | 1034 | R12-68 per maand |
| 1997/98 | R186063-40 | 1045 | R14-83 per maand |
| 1998/99 | R208544-16 | 1062 | R16-36 per maand |
| 1999/00 | R204793-26 | 1094 | R15.59 per maand |
| 2000/01 | R261706-24 | 1120 | R19.47 per maand |

Alhoewel daar 'n merkwaardige styging van inkomste vir die afgelope sewe jaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



getoon word, beteken dit nie noodwendig meer lidmate wat gee nie, maar eerder lidmate wat meer gee. Die oorgroter meerderheid bly dus steeds onbetrokke en lewer ook geen bydrae tot die instandhouding van die erediens nie. Die inkomste van die gemeente word geensins beïnvloed deur verhuring of rente uit groot beleggings nie.

Die woorde van Mead (1995:12) is in 'n groot mate ook op ons gemeente van toepassing wanneer hy sê: *"The members who give, are older as well as fewer than in previous generations. The givers are not being replaced. The full impact of this will not be known for a decade or two, but it is an ominous bit of news."*
Die gemeente genereer tans nog genoeg geld vir instandhoudingsbediening. Daar word nie genoeg geld gegenereer om werklik 'n effektiewe "Groot Opdrag – bediening" van stapel te laat loop nie. Die fokus van die gemeente is finansieël op homself en nie op die ongeredde wêreld met die oog op wie die gemeente in die lewe geroep is nie. Dit is volgens Klaas (1996:34-39) deel van 'n gemeente se opset om nie net op homself nie, maar op uitreik ingestel te wees. Die gemeente sit Jesus se dienswerk voort om lig vir die wêreld te wees. Daarvoor is dit noodsaaklik dat meer geld ingebring moet word.

### 2.1.8 Belangrikste hulpbronne of bates van die gemeente

Ten spyte van al die gebreke en tekortkominge van die VGK Gemeente Springbok, bestaan daar 'n onvervreembare krag wat nie onderskat moet word nie. Die bestaansreg van die gemeente kan veral toegeskryf word aan haar vermoë om bepaalde sosiale en religieuse doelwitte te bereik. Hierin speel die hulpbronne wat die gemeente opgebou het sedert haar stigting , 'n baie vername rol. Ammerman (et al) (1998:132) wys daarop dat gemeentelike hulpbronne enersyds "**hard"** kan wees en getel/bereken kan word soos geld, mense, personeel en geboue, maar andersyds kan dit ook **"sag"** wees wat verband hou met verhoudinge, verbintenisse met ander instellings, en die krag van die lidmate se toewyding aan die gemeente. Die sagte sosiale hulpbronne mag vir die buitestaander moeilik wees om raak te sien, maar dit is geen geringer werklikheid as die geld in die bank nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



#### 2.1.8.1 Lidmate van die gemeente as vernaamste hulpbron

Alhoewel almal nie meelewend en betrokke is nie, is die 1120 lidmate seker die enkele grootste bate van die gemeente. Hulle is die mense wat inhoud gee aan die gemeentelike werksaamhede en wat haar voortbestaan verseker. Onder hulle is daar diegene wat beskik oor 'n ingesteldheid en gesindheid wat daarop dui dat ons die gemeente van die Here is. Deur hulle goed en gawes word die Here gedien. Verder word daar geleef en gewerk met die res met die aanspraak en verwagting teenoor belydende lidmate op wie daar tog 'n beroep gedoen kan word op grond van hulle verbintenis met die gemeente. Die kerkraad het immers gesag oor hulle, en dit hou ons aan die gang.

Ammerman (et al) bespreek verder ander hulpbronne wat ook op ons gemeente van toepassing is wat genoem word : "Commitment Resources, Financial Resources, Capital Resources, Physical and Space Resources" (1998:135-164).

#### 2.1.8.2 Toewydings hulpbronne (Commitment Resources)

Volgens Ammerman (et al) bly lidmaatskap as sodanig 'n *potensieële* hulpbron totdat hulle gemobiliseer is om hulle lidmaatskap aan te wend ter wille van die gemeente en sy werk in die wêreld (1998:135). Toewyding is iets wat moeilik is om te meet, maar ook in ons gemeente is die bewys daarvan sigbaar veral wanneer dit kom by die werksaamhede van die verskillende diensaksies. Weens die toewyding van die lede van diensaksies, word hulle voortbestaan verseker. Erediens bywoning en lede se bydrae is volgens Ammerman (et al) 'n belangrike indikator van gemeentelike toewyding. *"Without the basic materials of people in the pews and dollars in the bank, congregations would be hard-pressed even to survive "* (1998:135-136).

#### 2.1.8.3 Finansiële hulpbronne. (Financial Resources)

Soos vroeër daarop gewys het ons gemeente die afgelope sewe jaar 'n styging in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



inkomste getoon. Dit was absoluut nodig weens die stygende uitgawes van die gemeente. Twee hoof bronne van inkomste word hier uitgesonder en dit is die **offergawes** van die gemeente en **fondsinsamelings funksies** (basaar). Met goeie rentmeesterskap wanneer dit kom by die aanwending of besteding van die fondse, asook verslaggewing aan die gemeente, word die voortsetting van hulle toekomstige bydrae verseker.

**2.1.8.4 <u>Kapitale hulpbronne</u> (Capital Resources)**

Volgens Ammerman (et-al) sluit die kapitale hulpbronne van 'n gemeente beide die finansiële en fisiese bates in (1998:152). Alles wat die gemeente besit in terme van sy roerende (ameublement, ens.) en onroerende (geboue) bates is geld werd. In hierdie opsig is die gemeente ryklik geseën veral aangesien al die fisiese bates oral binne die bereik van die gemeentelede gebring is.

**2.1.8.5 <u>Fisiese en ruimtelike hulpbronne</u> (Physical and space Resources)**

Ammerman (et-al) wys daarop dat 'n gemeente se eiendom is maar slegs een van die vertonings van geestelike, humanitêre, en tydelike bates wat beskikbaar is om die lewe en welsyn van sy geloofsgemeenskap, en dikwels ook die gemeenskap in die breë te bevorder (1998:156). Tog beskik aanbiddingsplekke oor 'n besondere teenwoordigheid en krag. Dit kan bydra tot die verrykking van die gemeentelike lewe en help om haar identiteit te verfyn. Daarom kan 'n gemeente gelyk gestel word met sy geboue aangesien die aanbiddingsplek na alles die mees sigbare en simboliese skakel is tussen die gemeente en breër gemeenskap. In die harte van die lidmate het die aanbiddingsplek besondere kwaliteite wat dit onderskei van ander gemeentelike hulpbronne. Volgens onlangse navorsing in verband met aanbiddingsplekke is bevind dat 70% van die uitreik en diensprogramme wat deur gemeentes bedryf en ondersteun word, in die **geboue** van die gemeente plaasvind (1998:162).

Die aanbiddingsplekke van die VGK Springbok, veral wat haar hoofstandplaas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



betref, is baie goed geleë en kan nie misgekyk word nie. Die kerkkompleks in Bergsig met die sierlike kerkkloktoring het 'n aantrekkingskrag van sy eie – veral wat die voorkoms betref. Word daar deur die geboue gestap word daar onder die besef gekom van die baie ruimte wat beskikbaar is, wat voldoende is vir die behoeftes van die gemeente – soveel so dat slegs die optrek van 'n inventaris in sigself 'n enorme taak is! Ook op Carolusberg en Rooifontein is die eerste geboue wat die oog tref soos 'n mens die dorpe inkom, die kerksale van die V.G.K. Gemeente Springbok.

**2.1.8.6 Verhoudinge na buite as 'n bate**

Een van die waardevolle bates van die gemeente is haar verhoudinge na buite. Hier word veral bedoel verhoudinge wat opgebou is met alle ander denominasies in die gemeenskap. Daar is doelbewus gepoog om hierin te belê omdat ons glo in goeie ekumeniese betrekkinge. Tewens een van die gemeente se huise word gebruik as kantoor van die Namakwalandse Raad van Kerke. Hierdie gesonde verhoudinge geld ook vir alle ander individue, sleutelfigure en instansies in die gemeenskap. Dit bring mee dat 'n wedersydse toeganklikheid aan die orde van die dag is wat absoluut verrykkend is. Dit affekteer die gemeente se voortbestaan en identiteit positief, want almal weet van ons, ons is oral welkom en almal ondersteun ons. Ons geboue word ook vir die ander denominasies beskikbaar gestel waar laasgenoemde se geriewe onvoldoende is, en ons is bekend daarvoor om nie slegs betrokke te wees by sake wat die breë gemeenskap raak nie, maar om ook ons fasiliteite hiervoor beskikbaar te stel. Daar heers 'n goeie gesindheid vanaf die breër gemeenskap teenoor die gemeente en ons projekte word ook deur hulle ondersteun.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.2 KONTEKSTUELE ANALISE

### 2.2.1 Die sosiale groepe en sosiale wêrelde binne die gemeente

**Hoe is daar te werk gegaan om inligting te bekom.**

Die navorser het homself beperk tot die woongebied Bergsig waarin die hoofstandplaas van die gemeente geleë is. Vir die doeleindes van hierdie afdeling van die **kontekstuele analise** is besluit om veral te konsentreer op die geloofsgemeenskap wat alle denominasies verteenwoordig. Na diepe nadenke is 'n lys opgetrek om die verskillende kerkleiers – *clerus* sowel as *leke* te identifiseer om met hulle vooraf 'n reëling te maak. Dit sluit die volgende kerkleiers in: Dominees, priesters, vaders, kapelvoogde, ouderlinge, diakens, pastore, skribas, kassiere, gewone lidmate, maatskaplike werkers. Met die hulp van 'n rustende ouderling, wat ook alreeds afgetree het (pensioenaris) is minstens twintig gestruktureerde onderhoude gevoer aan die hand van 'n vooraf opgestelde vraelys (vgl Bylaag 6). Die voorsprong van die navorser wanneer dit kom by die verkenning van die omgewing is dat die rustende ouderling die gemeente en gemeenskap goed ken (afgetrede skoolhoof) en aldus die navorser gehelp het in die identifisering van die persone en verfyning van die vraelys. Verdermeer gaan die navorser sy een en twintigste bedieningsjaar in die VGK Gemeente Springbok nou binne, wat beteken dat hy goed met die gebied bekend is en oral welkom is. Verskillende persone is doelbewus geselekteer op 'n wyse wat volgens die navorser se mening, die onderskeie sosiale groepe wat volgens hulle sosiale wêrelde of wêreldbeskouing na aanleiding van hulle *waardesisteme* geklassifiseer word, verteenwoordig (Hendriks 1992:141). Dit sluit in **tradisionaliste, gefikseerdes individualiste** en **selfmotiveerders.**

'n Inklusiewe benadering is aan die dag gelê waarvolgens bejaardes, middeljariges, die jeug en beide geslagte betrek is by die onderhoudvoering. Daar is behoorlik huisbesoek gedoen deur na die respondente te stap of te ry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



#### 2.2.1.1 Waar werk die mense

Die oorgrote meerderheid van die werkslui (85%) werk op Springbok self. Van die vernaamste werkverskaffers is die volgende: skole, munisipaliteit, distriksraad, huishulpe, Jowells Transport, Diamantfonds Trust, Alexkor Ontwikkelingstrust , Spar Supermark, Shoprite/Checkers, Die Boubedryf, S.A.P.D en 'n verskeidenheid van besighede en industrieë. Daar is 15% wat in ander dorpe en stede werk so ver as Johannesburg, Kimberley en Kaapstad, maar wie se huis en lidmaatskap van die gemeente hier op Springbok is.

In die meeste werksmense se geval moet daar tussen 5 – 8 km daagliks gestap of gery word na die werksplek, en weer terug. Dit is baie vermoeiend en duur, en die pryse van die taxis word gedurig aangepas na gelang van die brandstofpryse.

#### 2.2.1.2 Skole

In die hele Munisipale gebied van Springbok (voor die amalgamering van munisipaliteite) is daar altesaam 3 Hoërskole, 4 Laerskole en 4 Kleuterskole. Vir die meeste leerlinge is die skool binne loop afstand. Vir die res wat ver vanaf die skool woon – veral diegene wat in die laer inkomstegroep val, is dit egter 'n groot probleem om by die skool te kom sedert die terugtrekking van die vervoersubsidie van die Staat.

#### 2.2.1.3 Ontspanning

Daar word 'n duidelike onderskeid getref tussen sogenaamde gesonde ontspanning en nie-gesonde ontspanning. Uit die onderhoude is vasgestel dat die grootste aantal mense in die gemeenskap nie belang stel in ontspanning nie. Tog plaas die jeug van die omgewing 'n baie hoë premie daarop. Die verskillende sportsoorte waaraan deelgeneem word is die volgende: sokker, rugby, krieket, tennis, swem, muurbal, gholf, atletiek, stap, draf, liggaamsbou en motorsport. Hier is 'n groot gebrek aan ontspanningsgeriewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dan word daar ook gedurig oor en weer gekuier by familie en vriende. Af en toe word daar bustoere gereël en gaan mense ook op pieknieks. Verbasend genoeg, is dat daar 'n groot aantal mense is wat hulle deelname aan die gemeentelike verenigings as ontspanning beskou, en dit geniet! Veral geld laasgenoemde ten opsigte van die jeug.

Ongelukkig is daar ook diegene in die gemeente en gemeenskap wat op hulle manier ontspan deur hulle deelname aan bende bedrywighede en misbruik van drank en dwelms.

#### 2.2.1.4 Hoe sien die sosiale patrone daar uit

Hier op Springbok het ons te doen met mense van 'n landelike gebied. Alle klasse word hier verteenwoordig soos die rykes, middelklas en werkersklas. Sekere groeperinge en verdelings of fragmentering word veroorsaak deur die politieke, ekonomiese, kulturele en godsdienstige invloede. Aan die anderkant vind sekere bindinge ook hierdeur plaas. Alhoewel daar sterk klem gelê word op die christelike waardes en norme, heers hier ook sterk kerkvervreemding. Bygelowigheid speel ook by sommige 'n rol, daarom word daar soms na die "slim man" deur enkeles gegaan. Vir baie is die kerk en haar aktiwiteite die enigste plek waarmee daar geassosieer word en waaraan deelgeneem word. Weens die gebrek aan ontspanning word daar oor naweke in kleingroepe gegroepeer vir braaivleis, potjiekos, dans en drink veral onder die jeug.

#### 2.2.1.5 Aan watter denominasies behoort die gemeenskap

Soos blyk uit die onderhoude, behoort die meeste inwoners van Springbok in die volgorde van getalsterkte aan die volgende denominasies:

Rooms Katolieke Kerk

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Anglikaanse Kerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Metodiste Kerk
Apostoliese Geloofsending (Wit- en bruingemeente)
Nuwe Apostoliese Kerk
Calvyns Protestantse Kerk
United Faith Mission

**2.2.1.6 Woongebiede, ouderdom taal, kultuur, ras en politieke oortuigings**

Ten spyte van die nuwe demokrasie in die land sedert 1994 het sover vasgestel kon word, die woongebiede dieselfde gebly soos voorheen. Daar is slegs enkele bruinmense wat na die voormalige wit woongebiede getrek het. Geen witmense het na die bruin woongebiede verhuis nie. Die inwoners word geklassifiseer in terme van die woon-area waar hulle bly – ekonomies of sub-ekonomies. Bergsig self is opgedeel in middelklas-woonareas soos: *Harmony Estate, Suikerhoek* en *die Eiland.* Die minder gegoede mense woon in *Vaalwater* en in die HOP-huise en *Matjieskloof.*

Wat die tradisioneel wit areas betref, woon hulle in die volgende gebiede:

Rykes – *Simonsig* en 'n gedeelte van Springbok Dorp
Middelklas - *Doornpoort* en ander gedeeltes van Springbok Dorp

Alle woonareas word deur alle ouderdomsgroepe verteenwoordig met die uitsondering van die twee oue-tehuise : Huis Namakwaland (wit) en Huis Harmonie(bruin), waar daar slegs bejaardes woon. Byna 90% van die inwoners besit hulle eie huise wat wissel van sinkhuise tot herehuise.

Aangesien in die hele Springbok slegs wit en bruin Afrikaanssprekende mense bly, word met enkele uitsonderings na slegs Afrikaans gepraat. Engels en Xhosa word baie min gepraat. Hier is nie eintlik swart mense nie.

Springbok is 'n landelike gebied waar gevestigde kultuur patrone 'n belangrike rol

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



speel. Vir 'n groot aantal inwoners speel die kerk 'n baie belangrike rol. 'n Hoë premie word oor die algemeen geplaas op gesins- en familiebande en die handhawing van sekere tradisies. Gesonde waardes en norme is ook iets wat onder 'n groot deel van die inwoners nog nie uitgesterf het nie.

Vir sover vasgestel kan word is die meeste bruin inwoners ondersteuners van die ANC. Ongeveer 20% bruinmense ondersteun die DA, terwyl die witmense oorwegend DA ondersteuners is.

Die oorgroter meerderheid inwoners van Springbok (85%) kan beskryf word as *locals* (Hendriks 1992: 142) . Die res (15%) kan beskyf word as *cosmopolitans.* Die mense van Namakwaland is baie geheg aan hulle wêreld. Met trots word na hulleself verwys as *Namakwalanders* (die navorser ingesluit) wat aan jou 'n sekere status gee. Hulle is nie juis "wêreld burgers" nie. Diegene wat miskien jare weg was weens werksomstandighede, kom maar weet terug huis toe. Selfs in sterfgevalle elders in die land of oorsee, word die stoflike oorskot hierheen gebring om begrawe te word. Hulle glo daaraan: "daar is maar net een land, en dis Namakwaland!".

### 2.2.2. Verdeling van gemeente in terme van waardesisteme

Die Instituut vir Toekomsstudies klassifiseer mense se sosiale wêreld of wêreldbeskouing na aanleiding van hulle waardesisteme in die volgende groepe (Hendriks 1992: 141):

- *Die Tradisionaliste:* Dit is mense met 'n sterk groeps-, familie-, en nasionale binding, konserwatief, gesteld op tradisie en die *status quo,* verantwoordelik teenoor die instansies waarmee hulle assosieer en afhanklik van daardie instansies se goedkeuring van hulle optrede. Die navorser is van mening dat ongeveer 75% van die lidmate binne hierdie groepering val.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- *Die Gefikseerders:* Binne hierdie waardesisteem word mense baie sterk beïnvloed deur die uiterlike aspekte van kultuur, status en materiële sekuriteit. Weens die opset van die gemeente reken die navorser dat ongeveer 20% lidmate deel uitmaak van hierdie groepering.

- *Die Individualiste:* Hierdie groep gaan nie saam met die tradisie of heersende waarde-sisteme nie. Liberale waardes en vrysinnigheid kenmerk die groep, maar ook die vermoë om gou aan te pas en skeppend 'n nuwe kultuureie te vorm. Na beraming sal slegs 3% van die gemeente binne die groepering val.

- Die *Selfmotiveerders:* Hierdie groep mense slaan lewenskwaliteit, selfverwesenliking en kultuur hoog aan. Orde en stabliteit is belangrik, maar dan nie ten koste van onreg of bloot ter wille van die *status quo* nie. Daar word binne hierdie waardesisteem gepoog om op grond van bepaalde norme objektief na sake te kyk en dan toekomsskeppend aan te pas en op te tree. Die navorser vermoed dat 2% van die gemeente deur hierdie groepering verteenwoordig word.

### 2.2.3 <u>Sosiale groepe en sosiale wêrelde van die wyer gebied waarin die gemeente geleë is. Wat is hierdie groepe se behoeftes.</u>

**<u>Hoe is daar te werk gegaan om inligting te bekom</u>**

Vir die doeleindes van hierdie gedeelte van die werkopdrag het die navorser gestruktreerde onderhoude gevoer soos vooraf gereël. Ten einde 'n objektiewe mening te kry was daar uit die gemeente beweeg na mense van integriteit, beide wit en bruin, vanuit verskillende professies en agtergronde. Dit is almal mense wat aan een of ander kerkgenootskap behoort en van die bestaan van die VGK Gemeente Springbok bewus is, en waarvan sommige ook van die kerkraadslede en lidmate in hulle diens het. Hier volg die lys van die 16 respondente met wie daar gestruktureerde onderhoude gevoer is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Leraar van die N.G. kerk
- Voorsitter van Springbok Sportklub
- Sekretaris van die Sokkerklub
- Voorsitter van die plaaslike NNP
- Voorsitter van die plaaslike ANC
- Die Stadsklerk
- Maatskaplike Werker: Departement Gesondheid en Ontwikkelingswelsyn
- Stasiebevelvoerder : SAPD
- Bankbestuurder
- Springbok Sakekamer voorsitter
- Geneesheer
- Prokureur
- Klinieksuster
- Posmeester
- Vakbondverteenwoordiger Munisipale Werkersunie
- Skoolhoof (Anglikaanse lidmaat)

Uit die onderhoude wat gevoer is, het die volgende inligting na vore gekom:

**2.2.3.1 <u>Groepe binne die gemeenskap</u>**

**(vgl. Bylaag 6 vir 2.2.3.1 tot 2.2.3.6)**

- Klein en groot groepe
- Wit en bruin groepe
- Kerkgroepe
- Sport groepe
- Verskillende kultuur groepe
- Ontspanning groepe
- Klubs
- Rykes en armes
- Bendes
- Politieke groepe
- Portuur groepe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Dans groepe

### 2.2.3.2 Die grootste behoeftes van groepe en die gemeenskap

- Aanvaarding van die nuwe bedeling
- Vrede en sekuriteit
- Uitroeiing van maatskaplike euwels
- Bekamping van misdaad en gesinsgeweld
- Bekamping van dwelm- en drankmisbruik
- Skepping van beter infrastruktuur deur plaaslike owerheid in terme van paaie, watervoorsiening en so meer
- Meer werksgeleenthede en werksukuriteit
- Ontspanningsgeriewe
- Beter naasbestaan
- Beter opvoeding van die jeug
- Hantering van gesagskrisis
- Groter meelewing en betrokkenheid van die gemeenskap aan die kerklike aktiwiteite
- Innerlike en opregte verhouding met die Here
- Behoefte aan geborgenheid en om te behoort aan
- Behoefte aan liefde en aanvaarding

### 2.2.3.3 Wat veroorsaak konflik en spanning in die gemeenskap?

- Groot verskil tussen “haves” en “have nots”
- Toenemende misdaad – veral onder die jeug
- Skynbare verheerliking van die misdadigers
- Die vryemarkstelsel
- Die klomp smokkelhuise
- Vryhede van die nuwe demokrasie
- Bandeloosheid en moreel – sedelike verval
- Dobbelmasjiene

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Werkloosheid en honger lone
- Magstryd onder politieke partye
- Gebrek aan samewerking
- Rassisme
- Ondertrouery tussen lidmate van verskillende denominasies
- Professionele jaloesie
- Afrokkeling van lidmate van gevestigde kerke deur sogenaame "sektes"
- "Kapstok prediking" deur straat predikers
- Regstellende aksie en rasionalisasie
- Gebrek aan ontspanningsgeriewe

### 2.2.3.4 Wie die mag in die gemeenskap het

- Onderskeie werkgewers – veral myne en sakelui
- Invloedrykes
- Politieke party in beheer van die Provinsie
- Vakbonde en werkers
- Gemeenskaps- en kerkgebaseerde organisasies (NGO's en CBO's)
- Kerke

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die mag nie slegs in 'n paar invloedrykes gesetel is nie, maar redelik versprei is. Die mag van die massas in reaksie op die handelinge van die invloedrykes word deesdae mee rekening gehou. Ook die kerk oefen geweldige mag uit, veral daar waar dit reg aangewend word.

### 2.2.3.5 Hoe sien die respondente die gemeente

Die gemeente word gesien as 'n gemeente wat haar daarop toelê om 'n verskil in die gemeenskap te maak. 'n Bepaalde sensitiwiteit ten opsigte van die "botter en brood" sake van die gemeenskap word bespeur. Ander denominasies se bestaan en rol word deur die gemeente erken. Die diens wat gelewer word deur die Diakonale Dienste van die gemeente word hoog aangeslaan. Daar is 'n strewe om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



die liefdesgebod van God teenoor almal na te kom. Niemand word as 'n bedreiging beskou nie.

#### 2.2.3.6 Wat word verwag van die Kerk? Wat kan die kerk in die gemeenskap doen?

- Die kerk moet die suiwere evangelie verkondig maar insgelyks ook tred hou met die tydsomstandighede
- Sosiale ongeregtigheid moet aangespreek word
- Daar moet nie slegs plaaslik met die evangelie omgegaan word nie, maar ook uitbeweeg word
- Meer praktiese noodleniging moet plaasvind soos konkrete hulpverlening en werkskepping
- Groter betrokkenheid van die kerk by die opheffing van die gemeenskap
- Alternatiewe moet gebied word om die jeug van die strate af te hou
- Die geestelike behoeftes van die mense moet bevredig word
- Die geboue moet optimaal benut word tot voordeel van die gemeenskap.

### 2.2.4 Interpretatasie en voorlopige bevindinge

Die gemeente is geografies goed geleë wat haar 'n voorsprong bo baie van die ander gemeentes in die Ring gee. Die invloed van die ligging van die gemeente is beide positief en negatief soos reeds uitgespel. Ook is die gemeente geseën met fisiese geriewe, geen skuld en etlike bekwame leiers. Die gemeente program is inklusief en maak ruim voorsiening daarvoor dat die amp van die gelowige tot sy reg kom. Daar is by meer as een geleentheid bewys gelewer dat die gemeente die wil het om voort te bestaan selfs te midde van onderprestering, skuld en skorsing(s) van die leraar en kerkraad.

Sedert die navorser se bevestiging byna 21 jaar gelede is hier lidmate in die gemeente aangetref wat alreeds deel gevorm het die liggaam van Christus (Kol 1:18) en die volk van God (1 Petr. 2:10). Die minderheid het met toewyding hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verbintenis uitgeleef in die lig van hulle Belydenisbeloftes waarvoor ons dankbaar is. Die grootste deel van die gemeente versuim egter om hieraan getrou te wees en mee te werk aan die koms van die Koninkryk. **Dit laat 'n groot leemte wanneer dit kom by leierskap in die gemeente.**

Die navorser deel in Matteus se missionêre bewussyn soos uitgespel deur Bosch (1991:56-83). Daar word verwys na God se wil, gerigtheid, opdragte, die opdrag om volmaak te wees, om te oortref, om te onderhou of bewaar, om vrug te dra, om te onderrig.

Dissipelskap vir Matteus beteken die uitleef van Jesus se leringe. Dit beteken ook die verbintenis aan die Koninkryk van God tot geregtigheid en liefde en tot gehoorsaamheid aan die totale wil van God. Om 'n dissipel te word beteken 'n besliste en onomkeerbare swaai na God en jou naaste. Mattheus se verstaan van die kerk kan alleen gevind word waar dissipels in gemeenskap met mekaar en hulle God leef. Hy roep die dissipels op tot *dikaiosyne* - dit is geloof in aksie, die beoefening van jou toewyding aan God. Dit verwys na beide God en jou naaste. Volmaaktheid manifesteer homself deur dissipelskap. Die "maak van dissipel is die hart van die Groot Opdrag". Die volgelinge van Jesus moet dus van ander maak dit wat hulle alreeds was, naamlik dissipels.

Na al die jare se arbeid in die gemeente sedert haar stigting is die volgende nog steeds opsigtelik in die VGK Gemeente Springbok :

- 'n Gebrek aan meelewing en betrokkenheid van die grootste deel van die gemeente. Die gemeente groei in getalle maar nie werklik in innerlike krag nie.
- Die voorhowe (kerk) word nie besoek soos dit hoort nie. Alhoewel die gemeente se getalle baie skerp toegeneem het sedert die inwyding van die hoof kerkgebou in 1966, was dit nog nie nodig om die gebou te vergroot nie.
- Gesindhede is hier en daar onder sommiges nog nie reg nie. Daar heers nog steeds 'n gebrek aan samewerking.
- 'n Gebrek aan 'n lewe van offervaardigheid en dankbaarheid heers onder die grootste gedeelte van die lidmate. Daar word finansieël feitlik gelyk gespeel en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kom die *Missio Dei* nie tot sy reg nie. Gevolglik kan dit beskou word as 'n na binne gerigte gemeente.

- Daar bestaan voortdurende vakatures op die kerkraad weens die onwilligheid om vir die Here te werk.
- Die geboue word onderbenut
- Die gawes van die gemeente is in 'n groot mate nie gerig op die koms van die Koninkryk nie.
- Daar word nie Strategiese Teologiese Beplanning (STB) gedoen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 3

# DIE STAND VAN GELOOFSLEIERSKAP IN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

## 3.1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke wat handel oor 'n *Meganiese- en Kontekstuele Analise,* was gepoog om die V.G.K. Gemeente Springbok as't ware aan die leser voor- of bekend te stel. Hierdeur kan hopelik 'n duidelike prentjie gekry word oor wie die gemeente is of nie is nie, haar vermoë of onvermoë soos uit die gegewens afgelei kan word. Die aanname word dan gemaak, dat veral in die lig van die **vermoë** van die gemeente, met ander woorde dit waaroor hy in werklikheid beskik en die (gunstige) omstandighede waarbinne hy opereer, sy leierskap nie tot sy reg kom nie en aldus onderpresteer. Die wyse waarop leiers na vore tree en hulle bemagtiging, is skynbaar nie gelyk aan die relatief gunstige omstandighede van die gemeente wanneer alles in ag geneem word nie.

Ten einde die aannames rakende leierskap te staaf is dit allereers belangrik om te besin oor die **huidige stand** van leierskap. Daarna 'n prentjie te skets van die **uitdagings** waarvoor die leierskap staan. Die hele problematieke word oopgegooi wanneer daar besin word oor die **uitdagings** waarvoor die toedrag van sake ons te staan bring. Wanneer ons kom by 'n **strategie** vir die ontwikkeling van leierskap, word behoorlike aksieplanne op die tafel gesit wat binne die konteks behoort te werk. Die **rol van die leraar** in leierskapontwikkeling is in hierdie verband baie beslissend en geniet behoorlike aandag.

### 3.1.1 Die Leraar

Met die aanvaarding van die beroep na die V.G.K. Gemeente, Springbok (voormalige N.G. Sendinggemeente) het die navorser volle verantwoordelikheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



geneem vir die **totale** omstandighede van die gemeente na alle kante toe. So was dit aan die begin en met daardie oortuiging was daar sedertdien voortgegaan om inhoud aan die bediening te gee. In hierdie sterk herder-kudde-gemeente is die leraar verantwoordelik vir die formele leierskap. In die nakoming/vervulling hiervan word daar dus 'n benadering gevolg om as pastor met toewyding om te sien na die geestelike welstand van die gemeente (Smit 1995 (a):36), maar weens die besondere konteks baie wyer gewerk as die beperkinge van die *Beroepsbrief.* Sonder om die gemeente te oorafhanklik te maak van hom, word daar met die oortuiging gewerk dat die leraar 'n besondere rol het om te vervul wanneer dit by leierskap kom. Dit word ook so deur die gemeente aanvaar wat gevolglik die nodige ruimte bied waarbinne leierspotensiaal optimaal benut kan word. Hier heers 'n opvatting dat die leraar nie 'n "gewone mens" is nie en word buitengewone verwagtinge gestel en so ook na jou opgesien. Die nodige respek en agting word betoon en jou arbeid word nog met waardering bejeën wat meebring dat jy jou nie hoef op te dring nie.

Die navorser het hom allereers daarop toegelê om deel te word van die gemeente deur ook as lidmaat van die gemeente by wyse van 'n attestaat (vertrekkaart) opgeneem te word. Hieroor word die siening van Steven & Collins (1993:6) gedeel wat sê : "*.....to equip the church equipping pastors must join the church that exist."* Weens die Namakwalanders se trots op grond van hulle status as *Namakwalanders,* het hulle ook hulle voorbehoude teenoor jou as (soos hulle dit noem) 'n "*inkommer."* Om sonder meer deel van hulle te wees, is geen vanselfsprekendheid nie. Oor die jare is leraars beskou as mense wat kom en gaan, en wat nie werklik in die gemeente 'n tuiste gevind het nie, maar slegs as 'n werkplek soos 'n trekarbeider. Om enige mate van agterdog of wantroue te besweer en volkome aanvaar en vertrou te word, is genadiglik genoeg tyd aan my vergun om te bewys: *" this is home."* Daarom is die leraar vir die gemeente sonder veel inspanning 'n "*companion"* en *"partner"*- iemand wat saam met hulle op weg is en deel in hulle vreugde en seer van die lewe (Burt & Roper 1992: 36-37). Hierbenewens bestaan daar 'n onvoorwaardelike en opregte liefde wat net die beste vir hulle soek en begeer, en het die gemeente in my gekry wat hulle wou hê (Hendriks 1992: 33).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



My leierskapsposisie word verder versterk en begunstig deur my uitreik na buite die gemeente. Weens die geslotenheid van die gemeenskap, versprei enige nuus baie gou. Wanneer daar dinge gebeur waar 'n rol vervul kan word, word dit nie slegs beperk tot V.G.K. lidmate nie. Onder-trouery is eie aan ons konteks. Baie van die lidmate se egliede behoort aan ander denominasies. Sulke tye word daar selfs verneem waar ek is indien daar te lank gesloer word, veral wanneer ek uitstedig is. Ek is sterk gefokus op die ekumene sonder prysgawe van ons Gereformeerde erfenis. Huwelike en begrafnisse van lidmate van ander kerke word bevestig en gehou, maar doodgewoon ook bygewoon.

Die *botter en brood sake* wat die breër gemeenskap raak, word ook nie oor die hoof gesien nie. My belangstelling, deelname, intervensie en teenwoordigheid laat ek geld in alle sake van openbare belang wat die gemeenskap aan hulle lyf raak. Daar word later weer hierop terug gekom. Maar dit is geweldig voordelig vir die gemeente. Daarom is ek lid of voorsitter van verskeie gemeenskapsorganisasies (N.G.O.s.).

Ek lê my daarop toe om te belê in verhoudinge en die gemeente en gemeenskap daarin voor te gaan dat jy nie vir ander kan preek, terwyl jyself verwerplik is nie (1 Kor. 9:27). Niks word egter gedoen sonder inagneming van die leierspotensiaal van ander nie. Inteendeel – hier bestaan 'n "*slogan*" in die gemeente: "*word deel van die wenspan,*" wat ook baie bydra tot die identiteit van die gemeente. Almal word dus geakkommodeer na gelang van die gawes en talente wat aan hulle toebedeel is en die bereidheid om dit in diens van die Koninkryks belange te stel. Hier word genoeg ruimte daarvoor geskep, asook die nodige begeleiding in die proses. Ek voel ook nooit bedreig nie. Alle kundiges binne en buite die gemeente word betrek na gelang van die behoeftes binne 'n sekere tydsomstandighede. Die leraar skroom nie om hulp in te roep en elders lig op te steek nie.

Behalwe die gereelde optrede van die leraar tydens eredienste plaaslik op die hoofstandplaas Springbok word daar minstens een keer 'n maand besoek afgelê by die buitewyke en soos omstandighede dit vereis. Die **werkprogram** van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gemeente word deur myself opgetrek wat in sigself 'n baie moeilike en fyn beplanning verg, wat vir goedkeuring aan die kerkraad voorgelê word. Die leraar is hier voorsitter van die kerkraad, Dagbestuur, Tug- en Doopkategese. Daar word ook skoling aan die kerkraad, kategete en ander groepleiers gegee.

Weens sy praktiese ingesteldheid, kennis en gewilligheid, word daar na die leraar opgesien vir alle kapitale werke, instandhoudingswerke, onderhandelings in alle projekte. Daar word oor die jare met mening beding wat goeie resultate en groot besparings vir die gemeente meegebring het. Die leraar stel ook die voorbeeld in terme van Tiendes en 'n lewe van offervaardigheid en dankbaarheid in die algemeen. Voorstelle ("proposals") word ook deur die leraar voorberei om fondse (veral vir Diakonale Dienste wat in ons geval direk onder die gemeente en kerkraad val) buite die gemeente te bekom vir projekte. Die gemeentelede stel hulle voertuie soos bakkies, busse, vragmotors aan die leraar beskikbaar om by geleenthede verenigings te vervoer of goedere teen ongelooflik mededingend pryse elders in die land te gaan haal omdat die leraar beskik ook oor 'n kode 14 ekstra-swaar openbare bestuurderslisensie vir passasiers en goedere.

Aangesien die skriba/kassier deeltyds werk, is die leraar ook verantwoordelik vir 'n groot deel van die administrasie van die gemeente. Die vinger word gedurig op die pols gehou en wat gedoen moet word, word gereeld opgevolg om vas te stel of dit gedoen is en hoe dit gedoen is. Daar word nie met veronderstellings gewerk nie. Die leraar is in die meeste gevalle verantwoordelik vir die uitvoering van die besluite wat deur die kerkraad geneem is en wat hyself met goedkeuring van die keraad geinisieër het.

### 3.1.2 Die Kerkraad

Die volle kerkraad bestaan tans met inbegrip van die buitewyke uit 34 kerkraadslede. Hiervan is 20 ouderlinge en 14 diakens. Die aantal mans is 19 en dames 15. Die kerkraad funksioneer nog grootliks op die tradisionele manier deurdat hulle aan wyke verbind word. Die gemeente is verdeel in twaalf wyke wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



huidiglik bedien word deur een tot vier kerkraadslede. Alhoewel daar op die kerkraad voorsiening gemaak word vir beide ampte van ouderling en diaken, word daar nie onderskeid gemaak by hulle funksies en pligsvervulling nie. Die kerkraad is verantwoordelik vir die geestelike en materiële instandhouding van die gemeente. Om hierin te kan slaag word daar onderling in elke wyk gereël vir: die **maandelikse** besoeke aan elke huisgesin vir die beskikbaarstelling van die Tiende koeverte wat maandeliks na die skatkis gebring moet word; Maandelikse wyksbidure; Wyksvergadering; Geestelike versorging van lidmate; Fondsinsameling by wyse van Wyksfunksies en Dankfeesbasaar; Jaarlikse Kersonthaal van gemeenskap se bejaardes. Die kerkraadslede hanteer nie gemeentefondse direk nie, behalwe in die geval van fondsinsamelingpogings. Huishoudelike reëls word deur hulle ook opgetrek.

Behalwe die ondersteuning aan die leraar om sy ampswerk te vervul, bedien die kerkraad die leraar gereeld met informasie uit die wyke in gevalle waar dit die persoonlike aandag van die leraar verg. Hulle is verantwoordelik vir die prediking in wyke, eredienste, bidure en huisdienste by sterfgevalle. Wanneer die leraar met verlof, uitstedig, of op die buite-wyke is, neem hulle die dienste waar. Aangesien die kerkraad hierin geskool is, verkies hulle om hulle eie boodskappe (preke) voor te berei. Omdat al die kerkraadslede nie goeie predikers is nie en verkies om liewer nie te preek nie, word 'n preekbeurte-lys kwartaalliks opgetrek.

Alhoewel daar volgens my persoonlike mening 'n paar sterk leiers is, blyk dit uit die navorsing (vgl. Bylaag 7) volgens die respondente dat die stand van leierskap baie dominee-afhanklik is. Gemeenteleiers word beskryf as onbetrokke en onbetroubaar. Volgens die terugvoer is sommige van die leiers nie voorbeeldig in hulle lewenswandel nie, en dien hulle geestelike lewe nie as inspirasie vir die gewone lidmaat nie. Geestelike diepte is iets volgens die respondente wat by 'n groot gedeelte van die kerkraad ontbreek. Dit word opgemerk in hulle onwil om aan die gebede deel te neem tydens bidure; hulle geselsery met mekaar tydens die erediens ten aanskoue van die gemeente; hulle skamele koper-munte wat hulle in die kollekte-bordjie plaas wat die gemeente opmerk; hulle afwesigheid op Tiende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sondag. Ek self het al menigmale Woensdae-aande tydens die bidure na 'n vurige boodskap met baie stof tot nadenke, soos 'n "nar" gevoel tydens die ongemaklike stilte wanneer daar geleentheid vir gebede gegee word. Dit is dienende kerkraadslede wat sulke tye in groot getalle onder die geklank van die Woord gesit het maar nie in staat is of van voorneme was om aan die gebed deel te neem nie. Die leraar word ook nie tuis besoek en geestelik versterk nie behalwe tydens 'n krisis in sy lewe.

Soos verder blyk uit die navorsing is daar tog onder die kerkrade diegene wat beskou word as geestelik voorbeeldig, doelgerig, vertrouenswaardig, ondersteunend, motiverend, vermanend en entoesiasties. Opvallend is die groot openheid by sommige lidmate om gemotiveer te word. Hulle vra dat gemeenteleiers by hulle betrokke moet raak. Waar daar wel betrokkenheid is word die nodige erkenning daarvoor gegee, selfs deur andersinds onbetrokke lidmate. Waar daar onbetrokkenheid is, word daar baie negatief daarna verwys. Al word daar tyd om tyd werkswinkels, konferensies, kampe deur die leraar, Ring en ander instansies aangebied, het die navorsing aangetoon dat die toerusting van gelowiges baie laag is op die prioriteitslys van lidmate sowel as die van die kerkraad. Van die feite vermeld is deur deelnemende waarneming deur die navorser vasgestel.

Die kerkraadslede is almal in Permanente Kommissie opverdeel na gelang van hulle sterk punte. Diegene wat voertuie het is oor die algemeen gretig om wanneer daar gery moet word hulle voertuie hiervoor beskikbaar te stel. Die meeste van die huidige kerkraadslede is bereid om al vir die soveelste termyn te dien.

### 3.1.3 Permanente Kommissies

Daar bestaan sewe Permanente Kommisiies te wete: Dagbestuur; Finansiële-kommissie; Bou- en Eiendomskommissie; Kommissie vir Getuienisaksie; Kommissie vir Christelike Onderwys en Opvoeding; Diakonie en Diakonale Dienste. Met die uitsondering van die Dagbestuur en Diakonale Dienste, kies die onderskeie kommissies self 'n voorsitter en sekretaris en is hulle veronderstel om op 'n gereelde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



basis te vergader. Daar is huidiglik vier kommissies wat aangevul is deur gewone lidmate. Elke kommissie het 'n behoorlike taakomskrywing waarvan elke lid deeglik kennis dra. In die uitvoering van hulle taak word hulle deur my begelei. Andersinds word daar in die reses uitvoering gegee aan hulle taak en opdrag en by die daaropvolgende kerkraadsvergadering verslag gedoen van hulle werksaamhede. Indien sekere besluite geneem is, word dit ook sulke tye aan die kerkraads-vergadering voorgelê vir goedkeuring. Dit gebeur soms dat sekere kommissies nie gereed kom met 'n skriftelike verslag soos die verwagting is nie. Dan word daar gepoog om stotterend mondelings verslag te doen van geen substantiewe arbeid nie. Om spanning en konflik te vermy, word gereël dat so 'n verslag liewer nie dien nie, en verwys na die Dagbestuur wat bestaan uit die leraar en voorsitters van Permanente Kommissies om dit met die betrokke kommissie(s) uit te sorteer by 'n ander geleentheid.

### 3.1.4 Kerkraadsvergaderings

Die kerkraad soos reeds vermeld vergader vier maal per jaar. Indien omstandighede dit vereis word daar buitengewone of spoedeisende vergaderings gehou. Dit word by ons beskou as 'n amptelike geleentheid en die lede kom met hulle ampsdrag na hierdie vergadering toe. Alhoewel dit hoofsaaklik 'n besigheidsvergadering is waartydens die grootste gedeelte van die tyd gewy word aan verslaggewing en besluite, word daar ook tyd gemaak vir geestelike verrykking. Ek lê my daarop toe om aan die begin van die vergadering dit behoorlik te open met skriflesing en te fokus op verskillende temas aangaande geloofsleierskap. Geleentheid vir gebede en om ons in stilte voor die Here te stel, word ook gegee,

Hoe ernstig daar op die leierskapstoerusting ag geslaan word, bly 'n ope vraag en selfs 'n raaisel. Want binne die vergaderings word 'n **haas** bespeur om die agenda af te handel en die voorsitter moet dikwels lede tot orde roep wat met "klein vergaderinkies" besig is. Oor die algemeen heers daar 'n goeie gees en word daar ook tyd gemaak om saam verversings te geniet. Die meeste van die vergaderings is feitlik voltallig en ervaar ons nie 'n probleem met 'n kworum nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.1.5 Verkiesing van leiers en hulle termyne

Soos blyk uit die gemeente analise, beskik die gemeente oor 'n groot bron van lidmate waaruit die leiers verkies kan word. Daar is maar slegs 95 bejaardes bo 65 jaar en 424 ongetroude jongmense behalwe die res (vgl. Meganiese analise). Daar word jaarliks aan die einde van Oktober begin November kerkraadsverkiesing gehou. Kerkraadslede word verkies om vir 'n termyn van drie jaar te dien. Lidmate se verhouding met die Here en hulle lewenswandel in die algemeen is by ons nog baie belangrik by die suiwering van die groslys. Die gebruik of misbruik van drank is nog 'n belangrike faktor wat in berekening gebring word by die V.G.K gemeente Springbok. Jy word gekies **omdat** jy gered is en nie **sodat** jy gered kan word nie.

Na al die jare sit ons nog steeds met die tendens dat die meeste verkosenes bedank met die verskoning dat hulle nog nie gereed is nie, maar tog hulle ondersteuning vir die gemeente bied. Sommige meld wel dat hulle later beskikbaar sal wees. Enkeles bedank selfs nog voor die termyn verstryk is. Dit bring mee dat daar gedurige vakatures op die kerkraad is en die kerkraad redelik konstant bly. Die nadeel hierin is dat die kerkraad bly staties en word nie met nuwe bloed gevoed nie. Weens die jarelange ononderbroke diens raak hulle uitgebrand en onentoesiasties. Die voordeel hierin, alhoewel onregverdig, onkerkregtelik en ongereformeerd is dat jy te doen het met 'n hegte groep met ervaring wat nie te gou afgewissel word nie.

### 3.1.6 Gemeentelike Verenigings (Diensaksies)

Soos reeds genoem maak die Gemeenteprogram ook voorsiening vir die werksaamhede van die volgende **aktiewe** Verenigings wat noodwendig ook sy kwota leiers oplewer, en dit dek die wye spektrum van die gemeente vanaf die kleuters tot die bejaardes tewete: Sondagskool; Christelike Kinderbond; Christelike Jeugvereniging; Jeugbrigade; Junior en Senior Kategese, Christelike Afhanklikheidsbediening (C.A.B.), Kerkkoor, Snaarorkes, Vrouediens, Klub vir Bejaardes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hierdie Diensverenigings kom almal weekliks op 'n gereelde basis byeen. Alhoewel ons andersinds oor goeie en sterk leiers beskik, ervaar ons probleme by die Sondagskool, Kinderbond, C.A.B. en die Christelike Jeugbeweging. Ons kom weer hierop terug omdat dit aangespreek moet word. Daar het verlede jaar slegs onder die Sondagskool leerkragte, vier swanger geword.

### 3.1.7 Kategetiese Onderrig

Hierdie dienswerk in die gemeente word ook uitgesonder omdat die kerkraad 'n redelike houvas op katkisante het wat hulle tot sekere bindinge verplig. Ook is ons van mening dat die kategetiese onderrig 'n goeie geleentheid is om toekomstige leiers te "recrute."

Kategetiese onderrig word gebied aan kinders ná hulle Sondagskool voltooi het en hulle begerig is om lidmate te word. Die proses werk so dat hulle skriftelik moet aansoek doen vir toelating op 'n voorgeskrewe vorm. Daarna word aan hulle twee jaar kategetiese onderrig gebied. Dit word behartig deur twee afsonderlike kategete wat die eerste- en tweedejaars oplei. Behalwe die formele kategetiese onderrig word daar baie klem gelê op geloofsrypheid en hulle verhouding met die Here. By laasgenoemde speel die leraar en kerkraad 'n baie belangrike rol. Daar word op 'n kwartaallikse basis 'n ontmoeting belê vir die katkisante en hulle ouers, kategete en kerkraad gesamentlik, sodat daar ernstig met mekaar hieroor besin kan word en die ouers se rol veral hierin uitgespel word. Die ouers vind dit baie insiggewend en leersaam en bely dikwels hulle eie onbetrokkenheid in hulle kind se lewe in hierdie verband. Die klem val veral daarop hoedat ons toekomstige leiers wil kweek en 'n nuwe generasie leiers vir die kerk van die Here wil voorberei.

Daar vind jaarliks 'n formele toelating (aanneming) van nuwe lidmate plaas voor die plegtige voorstelling. Dit gebeur nadat hulle in die openbaar op 'n Woensdagaand in die kerk getuienis afgelê het van hulle verlossing in Jesus Christus. Niemand word hiertoe gedwing nie, en kom dit as 'n getuienis van die hart. Tydens hulle voorstelling as lidmate word behalwe die oorhandiging van hulle Gedenkspreuk, ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n Belydenisdokument deur hulle in die erediens onderteken, waardeur hulle hulself verbind aan hulle belydenisbeloftes. Die belydenisdokument word ook aan hulle oorhandig om hulle te herinner aan die verbond wat hulle met God gesluit het.

Vir diegene in die gemeente wat om welke rede nie Sondagskool kon gaan nie, en ook nie op 'n vroeër stadium in hulle lewe kategetiese onderrig kon deurloop nie, word spesiale voorsiening gemaak by wyse van Volwasse kategetiese onderrig oor 'n baie kort periode. Dit sluit veral die ongeletterdes in en die mense wat hulle lewe lank op plase gewerk het en nooit by die huis van die Here kon uitkom nie.

Desnieteenstaande alles wat tot dusver belê is in die katkisante tot en met hulle plegtige voorstelling as lidmate is die tendens dat baie van hulle nie meer op hulle pos is en dit waartoe hulle hulleself verbind het, eerbiedig nie. Die meeste verdwyn eenvoudig soos mis voor die son. Sekeres maak hulle skuldig aan gedrag wat strydig is met die ooreenkoms wat hulle met die kerkraad gesluit het vir toelating en selfs ná Belydenisaflegging.

### 3.1.8 Die erediens

Eredienste vind gereeld op alle dienspunte elke Sondag plaas. Daar word slegs een erediens gehou op Sondag-oggende om 10h00. Soos reeds genoem is ek die meeste Sondae plaaslik self verantwoordelik vir die erediens, maar word die buitewyke minstens een keer per maand deur myself bedien. Dit bring 'n situasie mee dat oral waar ek nie persoonlik die betrokke oggend is nie, die kerkraadslede – ouderlinge en diakens die dienste lei wat deur hulself voorberei word. Die predikers tree ook self as liturg op. Daar was gewerk aan groter lidmaatskapsbetrokkenheid by die erediens asook die voorbereiding van liturgie en prediking. Aangesien daar slegs een erediens gehou word, duur sommige dienste vir langer as een uur. Baie tyd van die rediens word in beslag geneem deur afkondigings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.1.9 Konklusie

Alhoewel gebrekkig en met baie ruimte vir verbetering is die oogmerk met betrekking tot die funksionering en strukturering van die leierskap daarop gemik om die gemeentebouproses te bemagtig. Daarom het die inklusiewe benadering en erkenning van gawes wat aan die dag gelê is, tog sommiges na vore laat tree (soos dit later sal blyk dieselfde mense te wees wat gekritiseer word), wat tog 'n verskil gemaak het en aan die gemeente bestaansreg verleen. Alhoewel slegs 'n klein deel van die leierskap, hoofsaaklik diegene wat betrokke is by leierstoerusting hul bydrae lewer, bemagtig dit tog die gemeentebouproses omdat dit gepaard gaan met 'n bepaalde gesindheid en ingesteldheid teenoor die werk van die Here. Die res van die leierskap belemmer die proses nie aktief nie, waarskynlik omdat die proses nog nie hoë eise aan hulle stel nie.

Soos reeds vermeld sien die kerkraad van wie die leierskap uitgaan die toerustingstaak as die van die leraar, wat belemmerend op die proses inwerk. 'n Verdere belemmerende aspek is die feit dat die kerkraadslede en gemeente hulle nie bekwaam genoeg ag as leiers nie. Die verskoning mag moontlik ook beteken dat hulle nie kans sien vir die bedieningseise wat begin eskaleer namate hulle duidelikheid begin kry oor die koers waarheen die gemeente op pad is nie. Die leierskap is nog hoofsaaklik instandhoudend ten opsigte van vorm, simbool en ritueel.

Aktiewe spanbou geskied veral op die kerkraadsvergadering deur die inwerk op gesindhede. Ander spanbou geleenthede word ook op meer informele geleenthede geskep tydens gereelde kerkraadsonderhoude, kampe en koinonia rondom 'n koppie tee. Hier word probeer om 'n gesindheid van liefde, eenheid en samewerking te kweek. Dit versterk die band tussen die leraar en kerkraad onderling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 4

# 'N PROFIEL VAN DIE UITDAGINGS WAARVOOR DIE LEIERSKAP STAAN MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE KONTEKS VAN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

In die lig van al die voorafgaande word die volgende geselekteer as uitdagings wat die leierskap in die gesig staar:

## 4.1 Oorfunksionerende leraar en onder funksionerende lidmate

Dat die amp van gelowige binne ons kerk nie tot sy reg kom nie, is 'n feit wat staan soos 'n paal bo water. Henwood & Germond in (Buchanan & Hendriks 1995: 50 en 173) tipeer dit as 'n universele verskynsel binne die Protestantse hoofstroomkerke. Lidmate het gestandariseerde verwagtinge van predikante wat die bediening van gelowiges kortwiek. Die kerk word heel dikwels deur sommige lidmate gesien as 'n soort klub of instelling teenoor wie daar bepaalde verpligtinge soos onder andere ledegeld betaal moet word. In ruil hiervoor ontvang hulle dan dienste en 'n gevoel van "behoort aan." Dit gebeur dikwels dat as die lidmate op hulle roeping (*vocatio)* as gelowiges gewys word hulle dit sien as die taak van die leraar as besoldigde amptenaar. Daar word aanvaar en verwag dat die leraar in alles die leiding moet gee aangesien hy immers daartoe toegerus is. Hierdie standpunt word deur baie kerkrade binne die V.G.K. in S.A. onderskryf en veroorsaak soms spanning en konflik tussen leraar, kerkraad en gemeente. Leiers ly gevolglik aan uitbranding en lidmate aan geestelike verveeldheid. Dié probleem daag die kerk al vir eeue lank uit en is selfs nie in die Hervorming behoorlik aangespreek nie. 'n Struktuur moet deur die leraar gehandhaaf word teen 'n tempo waarteen daar eenvoudig nie meer volgehou kan word nie. Volgens Oswald (1990:4) is daar vier eienskappe van uitbranding : *"physical and emotional exhaustion, growing cynicism, disillusionment, self-depreciation."* Oswald het uit sy ondersoek bevind dat net ongeveer 35% van die leiers nie uitbranding beleef nie. Die res ervaar een of ander vorm daarvan. Ons staan dus voor die uitdaging om lidmate se persepsies rondom kerkwees te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verander en hulle terug te bring tot die nakoming van hulle belydenisbeloftes sodat elkeen op sy pos kan wees. Verder sal die leraar self die kuns om te delegeer en andere te vertrou, 'n slag moet toepas en lidmate op allerhande gebiede vir bepaalde take te "recruite."

## 4.2 Onbetrokkenheid by kerklike strukture

Soos reeds daarop gewys bly die kerkraad vir jare agtereenvolgens feitlik onveranderd. Die huidige lede moet 'n voortgaande rentmeesterskap openbaar om vir 'n tweede en selfs langer termyn te dien. Alhoewel daar 'n bereidheid in die gemeente bestaan om die voortbestaan van die Diensverenigings te verseker deur middel van hulle deelname, bestaan daar 'n onwil om op die formele strukture soos kerkraadskap byvoorbeeld te dien. Geen wonder dat die huidige kerkraad al duidelike tekens van moegheid toon nie. Was dit nie vir die mooi verhouding met die leraar en intieme onderlinge band nie, sou baie al pad gegee het bloot op grond van die feit dat hulle termyn vir die soveelste keer verstryk het. Vir die huidige staan ons dus voor die uitdaging om die dienende kerkraad bymekaar te hou en hulle gedurig te bemoedig en versterk. Andersinds sal ons met 'n meesterplan na die **gemeente** moet kom om hulle gevoel hieroor op te wek en te oorreed tot deelname. Want dieselfde kerkraadslede vorm deel van die Permanente kommissies , hou eredienste en bidure, dien op een of selfs meer van die Diensverenigings, hou Sondagskool en kategetiese onderrig. Dit is eenvoudig nie billik nie! Meer hieroor later in die werkstuk.

## 4.3. Om die gemeente te lei van belangeloosheid tot entoesiasme deur identiteitsvorming (Open. 22:17)

Die sekerhede van die *societas*-era het gelei tot 'n gemeentelewe wat hom aan die reëls van die instituut georganiseer het (Burger 1995: 25). Die gemeente het nog nie by 'n punt gekom om te vra:

- Wie is ons? Die vraag na identiteit.
- Wat doen ons? Die vraag na ons roeping. Ons missie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Waarom/Hoekom is ons hier? Die vraag na ons doel in die wêreld.
- Waarheen is ons op pad? Die vraag na ons visie.

As gevolg hiervan is min selfkritiek toegepas. In die huidige *communitas*-era het gemeentes baie van hulle sekerhede en voorregte verloor. Die uitdaging vir die kerk is om sy identiteitsloosheid te omskep in selfkennis. Volgens die vraelyste (vgl. Bylaag 7) is dit duidelik dat 'n groot deel van die gemeente nie presies weet waarom die Here die V.G.K. Springbok juis hier geplaas het en waarheen hy op pad is nie. Die uitdaging is dus om die gemeente te begelei tot 'n ontdekking van sy eie identiteit en kultuur om sodoende sy missie en visie te ontsluit en struktuur te skep en in stand te hou wat so 'n proses sal ondersteun. Die gemeente is volgens die standaarde omskrywe deur Hendriks (1993:98) hoofsaaklik in 'n kindfase. Die uitdaging is om die inherente kragte en remmende faktore van die kindfase te hanteer tot voordeel van die gemeente. Die leiers van die gemeente staan dus in hulle begeleiding van die gemeente voor 'n enorme energie wat ontsluit moet word. Hierdie ontsluiting van energie staan bekend as *energering* en word uitvoerig deur David Botha in (Smit (red.) 1995: 95-112), beskryf. 'n Verbandhoudende uitdaging is om die gemeente wat grootliks uit die minder gegoede en arm deel van die samelewing bestaan, te motiveer. Volgens Sampler (1984: 145) geskied motivering deur die mense te ken, met hulle te identifiseer en hulle te aanvaar. Die pastor moet bereid wees om 'n vaderfiguur – "ward heeler" in Sampler (1984: 133) se terme te wees: kortliks, iemand wat volledig aan die mense se kant staan en werk vir hulle voordeel.

Uit die navorsing word bevind dat 'n groot deel van die leierskap as belangeloos en koersloos ervaar word. Hulle wek nie 'n familiegevoel op nie (vgl. bylaag 7). Daar word nie goed daarin geslaag om die twaalf wyke op drie verskillende aanbiddingsplekke waarvan daar ten minste tien plaaslik is nie, asook die onderskeie Diensverenigings, tot 'n hegte eenheid saam te bind nie. Die meerderheid respondente is nie ten gunste van gemeentevergaderings nie. Soos reeds genoem kon niemand duidelik en klinkklaar 'n antwoord gee waarom die V.G.K. Gemeente Springbok juis te Springbok geplaas is nie. Hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ware identiteit is vir hulle vaag. Die nood in die omgewing gaan by hulle verby en raak hulle nie werklik nie. 'n Sterk sisteem 1 en 2 denkpatroon word nog bespeur (Armour & Browning 1996: 32). Die leraar is in 'n groot mate die fokuspunt vir die identiteit van die gemeente. Hy word as 'n soort simbool gesien eerder as 'n voorbeeld – iemand wat hulle gedurig moet herinner aan hulle roeping en taak in die wêreld.

### 4.4 Om aan geregtigheid 'n plek te gee : kennis van sonde is nodig om bevry te word van skuld

Die belydenis van Belhar is met groot geesdrif en entoesiasme opgestel en aanvaar deur die V.G.K. in S.A., maar die uitleef daarvan tussen baie van sy eie lidmate word maar weinig gesien. Een van die Artikels van die Belydenis gaan juis oor geregtigheid wat nie werklik in die lewe van die lidmate tot sy reg kom nie. Predikante en lidmate praat weinig daaroor. Oor geregtigheid word wel gepraat wanneer ongeregtigheid aan sy eie lyf gevoel word. Die lidmate spreek hulle nie openlik uit teen die geweld en misdaad in ons land nie omdat volgens die waarneming van die navorser dit dinge is wat hulle nie persoonlik raak nie. Volgens Bondi (1990:91) noop die tyd ons egter om betrokke te raak en ons te beywer vir 'n gebalanseerde spiritualiteit (Miga 6:8).

Hier op Springbok is die uitdaging groot om in 'n gemeenskap aan die belange van mense teen wie histories onreg gepleeg is en nog steeds gepleeg word, reg te laat geskied. Sommige lidmate is uit hulle gevestigde woongebied verdryf deur die Groepsgebiedewet van die vorige bedeling. Wanneer die V.G.K. Springbok egter begin om sy eie storie te vertel en self ontdek wat hy reg en verkeerd gedoen het, kan hy gehoor gee aan die roeping om deel te neem aan die herstel van die land en sy mense (Smit in Buchanan & Hendriks (reds) 1995:40). Die uitdaging is volgens Bondi (1990:14) om nie in die middelsone van gemak te staan nie, maar om op die rand te leef. Die navorser is van mening dat ons as gemeente en gemeenskap voor die uitdaging staan om die verlede te hanteer en te begin bou aan 'n nuwe identiteit en nuwe toekoms. Om onsself nog verder te bejammer en die verlede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



lewendig te hou, gaan nie bydra tot die genesing van die land en sy mense nie.

## 4.5 Die kerk vra vir leierskap van gehalte

Soos leiers geleidelik en vrywillig na vore kom om toegerus te word vir hulle taak, groei die leiers se geestelike volwassenheid en hul bediening aan die gemeente verdiep. Die hoofklem in die leierskaptoerusting val op die leiers se spiritualiteit. *"Menslik gesproke is die sleutel tot hierdie nuwe toekoms die kwaliteit van leierskap wat in gemeentes ontwikkel kan word."* (Smit in Smit (red) 1995: 9). Een van die gawes aan die kerk is leierskap volgens 1 Kor. 12:27 en Ef. 4:11 Die gehalte van die leiding bepaal dus onder andere die funksionering van lidmate, die vlak van entoesiasme en of geregtigheid 'n plek sal kry. Die uitdaging aan die leierskap is om te wees wat God bepaal het dat hulle moet wees: Geesvervulde mense wat voor God staan en daarom ook by mense met geloofwaardigheid en integriteit kan optree. Volgens Smit (Smith (red) 1995:12) val die klem op wat 'n leier **is** en nie op wat hy **doen** nie.

## 4.6 Vernuwing van die erediens

Ons het voor die uitdaging gestaan om 'n besondere belewenis van die erediens te maak. Behalwe die oogmerk van groter deelname van die lidmate self tydens die erediens ten einde te probeer wegdoen van die tradisionele "one-man-show" -benadering, was die bedoeling ook om die lidmate betrokke te kry by die **voorbereiding** van die erediens. Wat op die proef gestel is en as uitdaging gedien het, is hoe veral laasgenoemde ingewerk het op die kweek van leiers wat andersinds nie so betrokke was voorheen nie. Die sleutel hiertoe was die vestiging van 'n liturgiese- en homitetiese werkgroep waarop later weer breedvoerig terug gekom word.

## 4.7 Konklusie

Die V.G.K. Springbok staan voor die uitdaging om leiers se spiritualiteit te help vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hier word bedoel leiers met geestelike diepte wat in 'n innerlike en opregte verhouding tot God staan. Dit is leiers wat in hulle omgang met mense God by hulle teenwoordig sal maak. Spiritualiteit is die lewensgeheim van presensie om spiritualiteit van leiers te vorm om hulle unieke lewensroeping te kan uitvoer (Smit (red) 1995: 36) . Dit moet die fondament vorm vanwaar 'n strategie uitgewerk moet word vir leierskapsontwikkeling. Die bedoeling is dat die leierskap se spiritualiteit sal deurwerk na die sistemiese netwerk van verhoudinge waarin hulle staan in die gemeente en in die gemeenskap (Smit 1995: 100). 'n Belangrike uitdaging wat hiermee verband hou is om deur deelnemende bestuur weg te stuur daarvan dat die hele proses afhanklik sal wees van die insette van die pastor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za




# HOOFSTUK 5

# 'N STRATEGIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN GELOOFSLEIERSKAP IN DIE V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n behoorlike **strategie vir geloofsleierskap** uiteen te sit. Die bedoeling is om 'n plan op die tafel te sit deur middel van praktiese en konteksverwante aksiestappe. Daar word dus onder meer nagedink oor my prioriteite vir die ontwikkelingsproses – waar begin moet word en hoeveel doelwitte realisties is om aan te pak. In my aanpak van die prosesse word dit weer in my aksiestappe teruggevind. Wat belangrik is en hopelik duidelik word is die vraag : Wat sal die beste resultate binne my konteks oplewer? Van die resultate word dan ook weergegee. Daar word gepoog om nie slegs oor die **dat** van strategieë te besin nie, maar veral oor die **hoe.** 'n Brug word gebou tussen my situasie-analise, literatuurstudie en strategieë wat soos volg uitgebeeld kan word.




Die **wyse** waarop die uitdagings aangespreek word, geniet in hierdie afdeling behoorlik aandag. Daar word nie slegs gesuggereer oor wat gedoen behoort te word en gespekuleer met 'n klomp teorieë nie. Verdermeer word daar nie volstaan by mooi drome en fantasieë oor hoe dit behoort te wees nie, maar konkrete aksiestappe ("hands-on –ministry") is aan die orde van die dag op grondvlak. Sedert my laaste blok in Maart 2001, gewapen met die hele toerusting in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Bedieningspraktyk, is met laasgenoemde gaan werk – en 'n tyd is vergun om dinge te beproef ten einde ook in 'n posisie te wees om deels van die resultate daarvan in hierdie werkstuk op te neem. Die *"de-facto"* –situasie op grondvlak word nie slegs na verwys nie, maar behoorlik hanteer. Hier volg van die resultate daarvan:

## 5.2 Spiritualiteitsvorming van die leierskap

Binne die VGK Gemeente Springbok hoe vol gebreke, tekortkominge en primitief dit ookal mag wees is spiritualiteit aanwesig. In die gemeente-analise is bevind dat met die bevestiging van die leraar byna een- en twintig jaar gelede, hy alreeds hier lidmate en kerkraadslede aangetref het wat na aan die Here leef en alreeds deel gevorm het van die liggaam van Christus (Kol. 1:18) en die volk van God (1 Petr. 2:10), en dat 'n groot deel van die gemeente hulle verbintenis met die gemeente met toewyding uitgeleef het in die lig van hulle Belydenisbeloftes. Daarom word die vergaderings van die gemeente ook as hefboompunt (Senge 1990:114) vir spiritualiteitsvorming van die leierskap gesien. Smit vermeld in Buchanan & Hendriks (reds) (1995:20) na aanleiding van Thomas Groome se model vir christelike opvoeding vyf bewegings wat byvoorbeeld in vergaderings toegepas kan word om spiritualiteitsvorming te bevorder. Dit behels die volgende:

- Die uitspel van die huidige praktyk
- Nadenke oor die huidige praktyk
- Om die skrif, teologie, tradisies, sinodebesluite, ens. bekend te maak as toeganklik-making van die christelike storie en visie.
- Om die resultate van die nadenke in lyn te bring met die nadenke oor huidige handelswyses.
- Om 'n konkrete besluit te neem vir uitgeleefde christelike geloof. Hierby moet nog 'n aspek genoem word tewete die ontwikkeling van onderskeiding. Dit is die onderskeiding waarvan Paulus praat in Fil. 1:17. Schawchuch & Heuser (1993:145) stel dit soos volg: *"… teach them how to listen for God's call … develop discernment within the hearts of the people…"* Hierdie onderskeiding kom alleen deur die skrif luisterend te lees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Leierskap volgens Smit (1995: 100-102) is nooit 'n losstaande entiteit nie, maar staan altyd in verhouding tot die geloofsgemeenskap en die breër gemeenskap. Die leierskap se onderlinge spiritualiteit beïnvloed dus die gemeente én die gemeenskap.

Die leierskap sal begelei moet word om kommunikasiegeleenthede te skep en te gebruik, waarvan informele gesprek die belangrikste is (Smit 1995:101). Daar moet dus geleenthede geskep word waar die gemeente op 'n informele, ontspanne wyse met mekaar in interaksie kan tree. Die saam drink van 'n koppie tee na kerk, kan van onskatbare waarde wees.

Dit is verder belangrik dat die leierskorps se spiritualiteit beïnvloed word deur die leiersgroep se toerusting. Hier is Bybelstudie, gesprekgroepe en meditasie in die lewe van die leier baie belangrik ten einde die teenwoordigheid van God in sy leef- en denkwêreld te ervaar.

### 5.2.1 Aksieplanne om die kerkraad se spiritualiteit te help vorm

Onder spiritualiteitsvorming verstaan ek die volgende:
Dit is die geestelike vorming van leiers waar die klem val op hulle verhouding/ verbinding met God. Dit verwys na die vertikale verhouding. Die tweede fokus sal val op die gerigtheid vanuit die geloof na die wêreld. Dit verwys na die horisontale verhouding – dit wil sê die naaste.

Ons model wat ons hier gebruik is die Hoof van die kerk Jesus Christus. Jesus was uiters verbind met die Vader in Sy openbare bediening. Hy het Hom telkemale onttrek van die samelewing ter wille van gebed. Hierdie voorbeeld volg ons in die vernuwing van ons leiers waar ons fokus op gebed, meditasie, skrifstudie en die erediens.

Hierdie vroomheid moet gestalte kry in ons gerigtheid na die wêreld. Die kerkraadslede as leiers van die gemeente sal in toerustingskursusse begelei word ter wille van 'n holistiese gerigtheid. As dissipels van Christus moet hulle toegerus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



word terwille van 'n spiritualiteit wat nie net na binne gerig is nie, maar ook na buite. Ons sal soek na 'n model waar ons vroomheid gestalte kry in dienspatrone. Dit kom daarop neer om binne ons besondere konteks, kerk te wees vir ander.

Een van die groot leemtes binne die geloofsgemeenskap is die wyse waarop ons die kerkvergaderings hanteer. Hier wil ek saamstem met Smit waar hy sê dat die samekoms van die leiers het 'n vormende invloed op die gemeente se spiritualiteit – 'n onbewuste vormende invloed wat op die hele gemeente reflekteer (Smit 2000: 3-5) Die vraag is wat maak ons met wat ons gehoor en verstaan het. As dit nie by die kerkraad teenwoordig is nie, dan ook nie hy die gemeente nie. Ek wil verder met Smit saamstem dat die vergaderings van die kerkraad is die *"gymnasium"* (oefensaal) van die geloofsgemeenskap se spiritualiteit. Wanneer ons op die kerkraadsvergadering van die gemeente let, merk ons die volgende op:

1. Die agenda word oorheers deur instandhouding en organisering van gemeentelike aktiwiteite ter wille van onsself. Dit wil sê ons is na – binne gerig.

2. Dis nie na buite gerig nie. Die kerkleierskap is geensins besorgd oor die samelewingsvraagstukke soos geweld, armoede en soveel ander "botter en brood" sake wat mense aan hulle lyf raak nie. Die kerkraad is meer besorgd oor die bestuursfunksie vir die gemeente as op die gerigtheid op mense en hulle behoeftes.

Om die kerkraad hierin te begelei sal 'n proses wees wat oor 'n tyd sal duur. My rol as pastor in hierdie verband sal wees, met die oog op die reformasie van die vergaderings, om die kerkraad te begelei deur middel van toerustingskursusse, retraits en so meer. Die vergadering sê Smit is nie 'n onskuldige gebeurtenis wat maandeliks of kwartaalliks plaasvind nie. Wat in die vergaderings gebeur is bepalend vir wat buite gaan gebeur. Tydens die bymekaar wees as geloofsleiers moet daar 'n diepe spiritualiteit gevestig word (Smit 2000: 1- 13). Kerkraadsvergaderings behoort gehou te word onder die bewussyn van : *"Meetings*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*are worship"* (Ohlson 1995: 26). Die huidige struktuur maak dat ons nie meer optimaal kon werk nie.

## 5.3 Vanaf "struggle-kerk" na omgee-kerk

Een van die gevare in die V.G.K. Gemeente Springbok is dat ons 'n peïtisme ontwikkel het wat te veel individualisties en ter wille van die eie belang bestaan. Die inherente gevaar is dat ons as gemeentelede wêreld-ontvlugtend leef. Ons beskou ons gemeente as 'n *gemeente in transito* wat beweeg vanaf die stryd teen apartheid as 'n *"struggle-kerk,"* na 'n diensmodel of dissipel gemeente. Om hierdie visie gestalte te gee sal ons as vertrekpunt neem die Skrifbeginsels van die Belhar-Belydenis wat ons leer om te staan by die verdruktes, verontregtes en armes. Vir hierdie doel sal ons as uitgangspunt neem die gedeelte in Ef. 4: 11 – 12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. Dit sal die kerkraad in staat stel om hierdie visie aan ander gelowiges in wyksverband oor te dra. Dit kan ook geskied tydens eredienste, bidure, vergaderings en toerustingskursusse. Daar sal beweeg moet word vanaf passiewe ontvangers na mense wat self doen en bereid is om te gee. Dit sal aan ons 'n totale nuwe identiteit gee. Die leraar sal in hierdie verband as leier van die gemeente die inisiatief moet neem tot 'n nuwe oorgang. Die leiers sal in hierdie verband begelei en geskool word om hulle roeping te aanvaar. Dit moet onthou word dat die gemeente baie gely het onder die ontmagtigende kragte van die apartheidsverlede. Die gemeente is diep verwond deur die ongenaakbare toepassing van die Groepsgebiede-wet waardeur die gemeente oneien is en sonder fondse 'n nuwe begin moes maak in die "Kleurling-woonbuurt."

My rol die afgelope jare het veral daarin gelê om die leiers en gemeente te help om die verlede te hanteer en om sonder bitterheid met die hulp van die Here die gemeente te hervestig. Daarom is daar leiding gegee en inisiatiewe aan die dag gelê om **drie** kerkkomplekse op te rig en huidiglik geen skuld te hê nie desondanks! Na 1994 is 'n nuwe vryheid tot stand gebring wat ons uit ons beperkinge verlos het. Daar kan nou nie meer geskuil word agter apartheid nie. Daar word nou gelei in die rigting om te bou aan verhoudinge juis met die mense wat vir die seer en verliese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



van apartheid verantwoordelik is. Ook hulle bydraes en welwillendheid word eerder geakkommodeer en ontvang in die gees en gesindheid waarin dit gegee word. Ek sien my rol veral daarin om die gemeente te begelei van 'n na-binne gerigte gemeente wat op instandhouding gekonsentreer het, na 'n missionêre gemeente wat hulle opdrag vervul in die lig van die Verbond wat God met ons gesluit het. En om hierin te kan slaag het ons die hulp en ondersteuning nodig selfs van hulle wat nie aan die gemeente behoort nie en bereid is om na ons toe uit te reik.

## 5.4 Om die Wyke en Verenigings tot 'n hegte eenheid saam te bind

### 5.4.1 Die Wyke

Soos reeds uitgewys in die werkstuk slaag die kerkraad nie daarin om die wyke van die gemeente in 'n hegte eenheid saam te bind nie. Die wyke funksioneer op hul eie in wyksverband en ondersteun slegs aksies soos byvoorbeeld funksies van hul eie. Die kerkraadslede is ook baie gesteld op "hulle" wyk asof dit hulle eiendom is. As daar in die wyk "gekrap" word, veroorsaak dit gou wrywing en moeilikheid. Daarom "ken" baie lidmate nie ander kerkraadslede behalwe die van hulle eie wyk. Wyke funksioneer oor die jare **"langs"** mekaar en nie **"met"** mekaar nie.

Die leierskap se rol sien ek veral daarin om die 12 wyke van die gemeente as 'n hegte eenheid saam te bind. Dit kan gebeur deur 'n familie-gevoel by hulle op te wek. - 'n gevoel dat ons almal aan mekaar behoort en een groot geheel is. Om te begin kan daar afwisseling van predikers tydens maandelikse wyksbidure plaasvind. Wyke kan ook soms saam wyksbidure hou met alle kerkraadslede en lidmate teenwoordig. Wyke kan ook in geografiese "blokke" opverdeel word wat onderling ooreenkom dat die funksies wat hulle reël nie bots nie. Dit sal hulle die geleentheid gee om mekaar te ondersteun. Daar kan ook toere en uitstappies gereël word waarby alle wyke betrek word. Die leierskap se rol sal veral daarin lê om die "Liggaam van Christus" wat as 'n eenheid moet funksioneer en dat ons almal lede van mekaar is, by die wyke tuis te bring. Oortuigingswerk en opleiding van die kerkraad is in hierdie verband baie belangrik. Die kerkraad sal begelei moet word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



om 'n holistiese siening en benadering van die gemeente te kry. Die leraar kan 'n ouderling of diaken wat in 'n ander wyk gaan biduur hou vergesel en hom/haar aan die wyk voorstel.

### 5.4.2 Verenigings

Die verenigings soos na verwys in die werkstuk funksioneer ook maar almal op hulle eie. Alhoewel daar van die kerkraadslede ook behoort aan verskillende verenigings soos onder andere: Vrouediens, kerkkoor, brigade en daar ook lidmate is wat aan meer as een vereniging behoort, het elke vereniging sy eie karakter en strewe. Dit het nooit voorheen gebeur dat 'n hegte band tussen die verenigings bestaan nie en is hulle ook nooit aan mekaar blootgestel nie.

Programme word in die jongste tyd geloods waarvolgens die verenigings as't ware gedwing word om met mekaar saam te werk. Dit word ondermeer gedoen deur gedurende die kerklike jaar tydens die eredienste te fokus op die werksaamhede van die onderskeie verenigings. Hulle word ook afsonderlik op die Jaarprogram van die gemeente in berekening gebring. Ten einde sodanige erediens te beplan – omdat die temas meestal gaan om sorg en diens, kom die leiers van alle verenigings vooraf bymekaar om dit te beplan. Daar word ook kortliks verslag gedoen van hulle werksaamhede. Voorbidding vir die ganse verenigingswese van die gemeente en bekendstelling van ampsdraers speel ook 'n belangrike rol.

Die Jaarprogram maak ook voorsiening vir sang- musiek- en talentaande deur die verskillende verenigings asook wyke. Hierdie geleenthede word soms afgewissel deur kompetisies waarvoor daar pryse uitgeloof word. Dit is nie slegs verbasend om te sien hoe die geleenthede ondersteun word en die verrassende talente wat "verklap" word nie, maar veral die wyse waarop die leierspotensiaal ontdek word van mense wat andersinds gereken het dat hulle nie daaroor beskik nie.

Die leierskap se rol sien ek veral daarin om die wyke en verenigings te oortuig dat die goed werk en dit **saam** met hulle te deurworstel en beproef. Hulle is almal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



deel van 'n groter geheel en hoef nie in isolasie voort te bestaan nie. 'n Sensitiwiteit moet by hulle opgewek word jeens "mekaar" sodat elkeen nie net na sy eie belange omsien nie, maar ook na die ander sin. Hulle word geleer om met mekaar saam te werk. My rol bly steeds begeleidend, fasiliterend, bemagtigend en ondersteunend gegrond op die Skrif om leiers te kweek wat andere kan lei.

### 5.5 Die bearbeiding van die hele gemeente as sisteem

Stevens & Collins (1993: 126 – 147) noem tien punte wat vir hulle belangrik is om die gemeente sistemies te bearbei:

- Werk met die geheel
- Kultiveer gesonde interafhanklikheid.
- Werk met die proses en nie met die mense nie.
- Kultiveer die kultuur
- Maak veranderinge stadig en indirek.
- Die pastor moet sy visie duidelik bekend maak en homself definieer. In hierdie verband sê Adams (1978:20). *" The Christian leaders preoccupation is not with the self but with God and God's vision for His family."* (Spr. 29:18).
- Om herder vir die sisteme en subsisteme te wees.
- Verhoed driehoeksvorminge.
- Handhaaf oop grense na die wêreld.
- Ontspan en weet die kerk is in God se hande.

Al die tien punte soos hierbo genoem word nie hier as strategie geformuleer nie. Daar word egter gekyk na subsisteme, interafhanklikheid en die ontdekking van kultuur en identiteit.

Die **subsisteme** wat hier aandag geniet is kerkraadslede- betrokke sowel as onbetrokke, asook gemeentelede ten opsigte van visie, spiritualiteit, bestaansdoel en die funksionering kongruent aan die doel van die gemeente, gesinne deur gesinsbediening en nuwe lidmate deur 'n induksieprogram.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Gesonde interafhanklikheid** kan geskep word deur gespreksgroepe en deur lidmate wat andersins nie deel het aan die aktiwiteite van die gemeente nie te laat deelneem aan die bidure en eredienste. Beide metodes gaan oor drie sake: die lidmaat se werk; die vreugdes en ellendes wat sy werk vir sy geloofslewe inhou en hoe die gemeente kan help in sy bediening deur die week (Stevens & Collins 1993: 134 en 138).

**Kultuur en identiteit** word ontdek deur die gemeente die geleentheid te gee om hulle storie te vertel. Dit kan formeel of informeel geskied. Sodoende word vasgestel of die gemeente werklik weet wat sy identiteit in Christus en in die wêreld is en word die gawes waaroor die gemeente beskik geïdentifiseer. Verder leer die gemeente ook hierdeur wat sy roeping in die wêreld is en dat die sendingveld begin die oomblik wanneer die kerkdeur verlaat word. In hierdie proses kry die gemeente die geleentheid om as liggaam van Christus in mekaar se vreugde te deel, saam te ly oor pyn wat 'n ander lid ly en ook dit wat sondig is aan mekaar te bely.

## 5.6 Strategie vir visionering

As 'n instelling nie meer 'n idee het hoekom hy bestaan of wat sy doel is nie, is hy naby aan vernietiging (Spr. 29:18). Voorwaarde vir nuwe visie is dat die gemeente homself in sy vasgeloopte situasie moet beleef. Visie ontstaan volgens Marais in (Smit (red) 1995:53) meestal in vasgeloopte situasies; is die werk van die Heilige Gees; kom op onverwagte tye; kom na gewone mense; vestig 'n nuwe droom en gee nuwe hoop vir die toekoms.

Hendriks en Van der Merwe (1995:37) definieer **visie** as *"... 'n kort doelgerigte formulering van 'n spesifieke roeping wat 'n gelowige of geloofsgemeenskap in God se teenwoordigheid ontvang het."* Terwyl **visionering** gedefinieer word as *" ...'n voortgaande proses waarin die geestelike leierskap van 'n geloofsgemeenskap die wil van die Here vir daardie geloofsgemeenskap in sy kontekstuele situasie bly soek."* Opvallend is die klem van Hendriks en Van der Merwe op voortgaande (sistemiese) vorming van die geloofsgemeenskap om te antwoord op God se doel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



met daardie bepaalde geloofsgemeenskap.

Marais gee in (Smith (red) 1995:52-73) 'n oorsig van die praktyk van visionering vanuit vier momente naamlik: bewusmaking, visievorming, implementering en instandhouding. Die leier se spiritualiteit is die goue draad wat deurlopend die lewensgeheim van 'n visie vorm. Onderliggend aan die omskrywing van visionering soos deur Hendriks en Van der Merwe en deur Marais beskrywe, is 'n hermeneutiek van die praktyk en teorie op verskillende vlakke. Ware visie is dus gegrond op 'n verstaan van jouself, die geloofsgemeenskap, die omgewing van die geloofsgemeenskap, die teologiese aspekte en die inspraak van die Heilige Gees.

Na die oordeel van die navorser is daar twee belangrike vrae wat leiers hulleself moet afvra in die formulering van 'n visie tewete:

* Waar is ons nou?
* Waar wil ons wees?

Hierdie twee vrae sal die leiers instaat stel om 'n visie en missie vir die gemeente te formuleer. Dit is van kardinale belang dat die leiers moet weet waarheen hulle die gemeente wil neem. Die feit dat die leiers nie losstaande van mekaar werk nie, maar die proses sistemies benader sal die visie laat deurwerk na die gemeente en gemeenskap.

Visie moet nie van bo-af geforseer word nie (Senge 1990:24). Visie moet gedeelde visie word om werklik effektief te kan wees. Vir 'n gedeelde visie is werklik oop verhoudinge nodig. Werklike oop verhoudinge vra kommunikasie, tyd, baie geduld en 'n prosesmatige aanpak.

Die einddoel van die gemeente in sy omgewing moet wees om 'n toeganklike en aanbiddende kerk vir die lidmate in stand te hou waarin hulle hermeneuties, liturgies en sistemies opgebou word tot geestelike volwassenheid om die lig te ontvang en in sy totale omgewing uit te straal deur die lidmate se Godgegewe bedieninge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die omskrewe einddoel hou rekening met die volgende kortliks omskrewe koördinate:

- Toeganklikheid – lidmate se behoeftes kry aandag.
- Aanbidding – die doel van die kerk is aanbidding van God.
- Instandhouding - om te bly by die waarheid van die Woord.
- Hermeneuties gefundeerde opbou – die gemeente word gelei tot verstaan van homself, sy omgewing en missie.
- Liturgiese begeleiding in die opbou – die gemeente se handelinge word almal op dieselfde vlak as die erediens hanteer. Die Woord, gebed en oorpeinsing funksioneer in 'n bewuste bou aan spiritualiteit.
- Sistemiese opbou – die gemeente word as sisteem benader, byvoorbeeld deur die bou van interafhanklikheidsverhoudinge in kleingroepe. Verhoudinge skep konflik wat hanteer moet word.
- Geestelike volwassenheid - die vermoë om te kan onderskei.

- Ontvang van die lig – deel in die oorkoepelende visie met oorgawe asof dit hulle eie visie is. Uitstraal in totale omgewing – om in die kerk en in die wêreld missionêr besig te wees. Ontwikkeling van nuwe simbole en rituele rondom lig ontvang en versprei.

- Godgegewe bedieninge – die gawes van die Gees is operasioneel binne strukture en programme wat bedieninge ondersteun.

## 5.7 Kritiese selfondersoek van kerkraadslede/geloofsleiers

Weens die kritiek van lidmate en andere teen die kerkraad soos blyk uit die navorsing wat met hulle gedoen is, is besluit om tydens 'n naweek – kerkraadskamp (retraite/bosberaad) ons behoorlik af te sonder en 'n kritiese kyk na binne te gee. Daar is besluit om oor die naweek van 18 – 19 Augustus 2001 die kerkraadskamp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



te Rooifontein te hou. Die bedoeling was om op 'n eerlike en openhartige wyse na knelpunte binne die kerkraad te kyk – om enersyds sy eie huis in orde te kry en andersyds bepaalde struikelblokke uit die weg te ruim wat moontlik lidmate mag verhinder of afskrik om op die kerkraad te dien (vgl. Bylaag 8). Alvorens die kerkraad weer 'n verkiesingsvergadering hou, wou hy homself eers suiwer deur voor sy eie deur te vee, sy eie huis in orde te kry, homself 'n geleentheid te gee om 'n metamorfose (gedaantewisseling) te ondergaan wat sigbaar is vir die gemeente. Daar is in diepte besin oor al die sensitiewe aangeleenthede/sake (issues) wat die lewenswandel en bediening van 'n kerkraadslid raak (vgl. Asseblief die hele program by Bylaag 8). Die onderskeie sessies is deur verskillende kerkraadslede asook myself gelei en 'n benadering is gevolg waar die **saak** aangespreek word en nie 'n **persoon** nie. Nodeloos om te sê dat daar deurgaans baie rede was om die hand diep in eie boesem te steek. 'n Verdere oogmerk was om die weg te baan vir nuwe kerkraadslede om hulle nie vas te loop teen 'n kerkraad wat vir ander preek terwyl hulleself nog verwerplik is nie.

## 5.8 Nuwe benadering tot verkiesing van kerkraadslede

Oor dieselfde naweek van 18 – 19 Augustus 2001 is ook 'n konferensie met die gemeente te Rooifontein gehou met wie ons ook 'n probleem het van lidmate wat nie bereid is om op die kerkraad te dien nie. Dié konferensie, waartydens die sakrament van die Heilige Nagmaal ook bedien is, het gehandel oor **Kerkraadskap,** en is deur drie verskillende **kerkraadslede** ingelei wat onderskeidelik gepraat het oor: *Die taak van die kerkraad in sy/haar huis; Die taak van die kerkraad in die gemeente,* en *Die toerusting vir die taak.* Een van die kerkraadslede het by dié geleentheid self as liturg opgetree.

Die bedoeling was om met die gemeente openhartig in gesprek te tree oor kerkraadskap, aan hulle die situasie te skets en hulle respons daarop te kry. Binne die atmoseer van die erediens, is hulle op gevoelvolle wyse bewus gemaak van die ware toedrag van sake en hulle rol as belydende lidmate in hierdie verband. Binne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n gelaaide en vatbare atmosfeer is daar binne die erediens gereël vir nominasies onder die aanwesiges, sodat daaruit by die eersvolgende kerkraadsvergadering 'n verkiesing gehou kan word.

As verdere strategie word hierdie selfde konferensie op die hoofstandplaas Springbok aangebied op D.V. Sondag, 28 Oktober 2001 (Hervormingsdag) wat dieselfde patroon soos bo sal volg. Die vertroue is dat dit 'n groot impak op die gemeente sal hê en die nodige positiewe vrugte sal oplewer. Die bediening van die Nagmaal sal nie deel vorm van hierdie konferensie nie. Dis jammer dat weens die kerkregtelike tydsverloop vir die verkiesing, al die resultate van hierdie benadering/ strategie, nie in hierdie werkstuk opgeneem kan word nie. Dit was wel 'n baie lewendige en geseënde dialogiese konferensie waartydens die gemeente die name van 20 ouderlinge en 20 diakens hard-op in die erediens genomineer het. Die verkiesing hierna sal deur die kerkraad behartig word. Ons hoop vir die beste.

'n Datum word nog in die vooruitsig gestel om die hele proses te herhaal op Carolusberg op 'n datum wat nog vasgestel moet word. Die bedoeling is weereens om met die hele kerkraad daar heen op te trek met dieselfde benadering en verwagting soos uitgespel.

### 5.9 Voorbereiding van 'n nuwe generasie lidmate

Soos reeds daarop gewys ontbreek dit aan die nodige erns en geestelike diepte by die meeste katkisante. Dit bring mee dat hulle betrokkenheid by die gemeentelike strukture eindig die dag wanneer hulle belydenis van geloof aflê. Om dit teen te werk word daar nou gereelde ontmoetings met die katkisante en hulle ouers gehou. Laasgenoemde sluit saam met hulle kinders die onderneming by toelating tot kategetiese onderrig by wyse van hulle handtekening. Daar word nou meer as ooit tevore 'n groter klem gelê op hulle geestelike voorbereiding, dit wil sê hulle geloofs-volwassenheid. Behalwe die weeklange intensiewe ontmoeting voor die voorstelling, word 'n naweekkamp in oorleg met die finale-jaars beplan wat uit en uit op hulle geestelike lewe en leierskap gaan fokus. Die oogmerk is om hulle te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



oorreed om die *"commitment"* wat hulle gaan maak vir die res van hulle lewe te eerbiedig.

## 5.10 Die erediens as voedingsbron vir potensiële geloofleierskap

Te midde van al die leemtes in die bediening wat jy ervaar, ontvang jy ook dikwels die leiding van die Heilige Gees om nuwe weë te beproef om by jou bestemming uit te kom. As jou oogmerke en verwagtinge dan nie op die een manier bereik kan word nie, is daar nog steeds 'n ander manier om daar uit te kom, al skyn dit ook 'n ompad te wees.

Die wonderlike ontdekking is tydens hierdie studie gemaak dat met die leiersproblematiek waarmee ons worstel op die onderskeie vlakke van leierskap, 'n sekere strategie **binne** en **buite** die erediens in werking gestel kan word om die "onbetrokke" lidmate te betrek, wat, nadat hulle eers die nodige blootstelling gekry het , **potensiële kerkraadslede** kan wees.

Hierdie afdeling word doelbewus as **strategie** aangebied en is baie omvattend en beskrywend. Die bedoeling hiermee is om die **werkswyse** wat gevolg is uit te spel, die **respons** daarop, die **resultate** wat dit opgelewer het op die betrokkenes, en hoedat alles **deurgesyfer** na die **deelnemers** sowel as die **gemeente.** Aangesien die dinge wat hierna uitgespel word in die hart van die navorser leef, word daar nie gewerk met verwysings of 'n bronnelys nie. Inligting soos beproef, en wat **gewerk** het word weergee en 'n plan word nogmaals op die tafel gesit. Die navorser is veral geïnspireer deur die insigte van Burger (1995), Cilliers (2000), Müller(1997) en Müller(1998).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.10.1 Die vestiging van liturgiese en homiletiese werkgroepe

#### 5.10.1.1 Ontmoeting met kerkraad

Ek het in my studie vir die graad in Bedieningspraktyk ontdek dat dit in die liturgie gaan om baie meer as die orde maar wel om 'n behoorlike, sinvolle en relevante inhoudgawe aan die elemente. Die besef het tot my deurgedring dat die liturgie met groter deeglikheid en verantwoordelikheid bejeen moet word. Ek is ook van mening dat die liturgiese handelinge en rolspelers 'n invloed het op die erediensgangers en dat daar veranderende kragte van die liturgie uitgaan. In die verlede was min tyd bestee aan die voorbereiding van die liturgie, anders as in die geval van die prediking. Die votum en seëngroet is byvoorbeeld uit die hoof uit gesê sonder dat dit verband gehou het met die tema van die preek.

Ná die voorlopige ontmoeting met die kerkraad op 17/03/01 en verdere duidelikheid oor my eie liturgies-homiletiese credo, is die ernstige besinning oor hierdie saak opgevolg by 'n kerkraadsonderhoud en –vergadering. Vir my was dit belangrik om die kerkraad allereers hieroor te skool en hulle ondersteuning te kry want dit sal my taak in die vervolg soveel makliker maak. Ek het die grootste ondersteuning en instemming hieroor gekry.

### 5.10.2 Vestiging van 'n liturgiese werkgroep

Dit het gevolg as resultaat op die kerkraad ontmoetings. Die gedagte was dat dit nie 'n te swaar taak word vir lidmate wat alreeds betrokke is in ander diensaksies nie en dat dit nie slegs tot die kerkraad beperk moet word nie. Dit moet verteenwoordigend wees van die verskillende ouderdomsgroepe van die gemeente asook geslag-sensitief. Daar was aanvanklik nie reaksie op afkondigings om vrywilligers nie. Die kerkraad het daarna lidmate genader om saam met 'n deel van die *Kerkraad Kommissie vir Getuienisaksie* hierdie werkgroep te vorm. Die reaksie op hierdie handeling was verrassend positief te midde van hul "swakhede, tekortkominge en gebreke." Alle vrese is besweer na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



twee ontmoetings met hulle. Daar word gewaak daarteen om hulle op hierdie vroeë stadium te veel te oorlaai. Alhoewel ek nog leidinggewend-ondersteunend betrokke is, is 'n sameroeper gekies wat met verloop van tyd die leisels sal oorneem. Die groep is nie verantwoordelik vir die voorbereiding van preke nie.

#### 5.10.2.1 Verantwoordelikhede en werkswyse van die liturgiese werkgroep

Daar word op Maandag-aande byeen gekom (vakansies uitgesluit). Hulle is verantwoordelik vir die uitwerk van die hele liturgie. Alle elemente wat sal deel vorm van die volgende erediens moet 'n week voor die tyd aan hulle besorg word. Die uiteensetting en rangskikking en afwisseling word deur die werkgroep behartig. Alhoewel die hele inhoud van die liturgie gesamentlik deeglik skriftelik voorberei word, is die leraar of wie ook al die diens lei as liturg verantwoordelik vir die aanbieding daarvan. Oor die wenslikheid al dan nie van die verdeling van die prediker/liturg tussen twee afsonderlike mense, sal later duidelik word. Daar word daarna getrag om die verskillende behoeftes van die gemeente sinvol te inkorporeer.

#### 5.10.2.2 Maand temas

In die lig van die kerklike jaar en die behoeftes in die gemeente, het ek gaan sit en maand-temas sedert die Maart-blok uitgewerk. Om dit aanvanklik nie te swaar te laat lyk nie, is slegs een tema, 'n week voor die tyd aan die werkgroep bestel.

Die gedagte is om die Skriflesing/s en die tema vroegtydig te neem om daarmee vir 'n week te worstel. Wanneer die werkgroep vergader, word al die elemente in aansluiting by die tema uitgewerk: Dit geld vanaf die votum en seëngroet tot die uitspreek van die seën. Dit kom daarop neer dat gebedes, gemeentesang, koorsang, snaarorkes-musiek, sover moontlik by die tema aansluiting vind. As daar oor een brandende waarheid byvoorbeeld oor die heiligheid van die Here gepraat word, moet die votum al iets sê van die heiligheid van die Here. Dit gaan in die erediens oor 'n stuk van die Here se hart wat Hy wil blootlê. Die Here

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



praat met 'n oogmerk en wil iets daarmee bereik. Die betekenis van liturgie is juis dat daar iets nuuts aangebreek het. Die nood van die wêreld moet deur dit alles aangespreek word.

Daar is sedert die Maart-blok liturgieë vir die volgende temas vir die hoofbedieningspunt tewete Springbok uitgewerk vir die Sondae en Goeie Vrydag.

| SONDAG | TEMA | TEKS | AARD VAN DIENS |
|---|---|---|---|
| 1 April 2001 | God is getrou en hou Sy beloftes | Gen. 17: 7; Heb. 6:18 | Nagmaal en Doop |
| 13 April 2001 | Jou kruis word 'n ontmoetingspunt tussen jou en God | Mt, 16: 24; 27:32 | Goeie Vrydag: Nagmaal |
| 15 April 2001 | Die opstanding uit die dood is die grootste bedreiging vir die lewe in hierdie wêreld | Luk. 20:33 en 38 | Paas Sondag |
| 29 April 2001 | Ongemerkte grafte | Luk 11:44 | Opstanding |
| 06 Mei 2001 | Onoplosbare probleme | Mark. 6:8 en 9(b) | Werkersdag |
| 13 Mei 2001 | 'n Vrou wat die Here vrees moet geprys word | Spr. 31: 30(b) | Moedersdag |

Alhoewel daar nie hiervoor liturgieë uitgewerk word nie, het ek ook sedert 15/03/01 tydens die bidure Woensdae-aande met temas gewerk na die eis van omstandighede. Die temas was daarop gemik om tydens die bidure as voering te dien asook as basis vir die daaropvolgende Tugkategese, Doopkategese,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ontmoeting met Vrouediens, ontmoeting met katkisante en hulle ouers wat in die afgelope tyd ná biduur plaasgevind het. Die volgende temas was behandel:

| WOENSDAE | TEMA | TEKS | AARD VAN DIENS |
|---|---|---|---|
| 23 Maart 2001 | Geloof en pyn | Joh. 11: 21-22 | Tugkategese/ Opstanding |
| 28 Maart 2001 | Die verhaal van die ballinge wat terug gekom het is nig nie klaar geskryf nie | Jes. 40:1-2; 25-31 | Doopkategese |
| 04 April 2001 | Aangs en eensaamheid | Luk. 22:44-45 | Nabetraging/ Lydenstyd |
| 11 April 2001 | Geweld | Luk. 22:38 | Lydenstyd |
| 18 April 2001 | Jesus skryf nie mense af nie | Joh. 20: 25 en 28 | Opstanding |
| 02 Mei 2001 | Maria Magdalena: 'n Vrou wat voor was om Jesus te volg | Mark. 16:9 | Ontmoeting met Vrouediens/ Opstanding |
| 09 Mei 2001 | Goddelose tye | Ef. 5: 10,11 en 16 | Ontmoeting met katkisante en hulle ouers |

Die liturgiese werkgroep het hulle daarop toegelê om groter deelname en betrokkenheid tydens die eredienste te bewerkstellig. Veral is gekonsentreer op reponsiewe liturgieë tydens gebede, doop en nagmaal, Goeie Vrydag en Paas Sondag, Tiende Sondag en Moedersdag. Die werkgroep het 'n punt daarvan gemaak om die Vrouediens-lede te betrek by die liturgie van húlle diens. Selfs die kinders het deelgeneem in laasgenoemde diens en het gesorg vir 'n "trane-trekker" tydens hulle visuele uitbeelding van die waarde van 'n moeder. Veel seën is uit hierdie diens geput.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Na gelang van die aard van die diens het die onderskeie ouderdomsgroepe 'n deelname aan die dienste gehad by wyse van: Skriflesings, groepsang, gebede, kollektes opneem, aansteek van skouer-ruikertjies en strikkies, bladwysers uitdeel, verwelkoming by erediens en plekke aanwys e.s.m. Hierdie en ander liturgiese take kom nie as 'n verrassing op die mense af nie. Die werkgroep reël dit vooraf met die oog op goeie voorbereiding en ter wille van die goeie orde. Die rol van die kerkkoor en snaarorkes is opnuut weer herontdek. Daar word sover as moontlik aangesluit by die tema van die erediens. Baie onbekende wysies van die Nuwe Sionsgesangboek wie se woorde goed aansluit by sommige temas, maar se wysies nie bekend is nie, word nou deur die kerkkoor 'n halfuur voor die tyd aan die gemeente geleer. Hiervoor is 'n Koraalboek aan die kerkkoor voorsien. Hulle het ook intussen 'n CD-opname gemaak wat tans vir gemeente-fondse verkoop word. Koorsang van gehalte vorm nou meer as vantevore deel van die erediens. Die snaarorkes se instrumente is ook intussen opgeknap. Na die Maart-blok het ek orkes-benodigdhede en bykomstige instrumente, veral kitare aangekoop met die oog op die werwing van nuwe lede.

Gemeentesang geniet nou meer aandag as voorheen en geen halfhartige singery word geduld nie, anders word die gemeente gestop! Ons sing sónder orrel-begeleiding al die jare.

Simbole kry ook nou meer aandag soos onder meer: Kerse, blomme, gepaste plakkate en tekeninge en sketse wat duidelik vertoon word. Die betekenis van die simboliek word aan die gemeente verduidelik. So 'n bietjie kleur is ook aangebring met die verf van die kerkkompleks. Selfs die nuwe staal-hekke is ontwerp met die simbool van die kruis en opkomende son deur gemeente-lede self.

Die Wet van die Here word nou slegs een maal per maand behandel. Genoeg tyd word nou daarvoor ingeruim en dit word deeglik gedoen. Die klankstelsel is ook intussen herstel en versterk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.10.2.3 Handhawing van gevestigde gebruike

Daar is sekere gevestigde gebruike en maniere van doen uit die verlede wat nog steeds gekoester word. Die gemeente het waardering daarvoor dat die verloop van die liturgie met gevoel en warmte geskied. Die noem van die name van diegene wat voorgestel en bevestig word as nuwe lidmate of kerkraadslede is baie belangrik. Ons het die gebruik om hulle te laat kniel en die hande op te lê op die hoof. Elkeen moet afsonderlik op die vrae antwoord en nie gesamentlik nie. Die familie word ook geluk gewens. Dit geld ook by die Doop.

Ons het 'n jaarlikse instelling van Familiedag waartydens daar op ons families gefokus word en almal strikkies dra. By hierdie geleentheid dink ons veral aan ons geliefdes wat al tot hoër diens opgeroep is en bring dan hulde aan die Here vir ons dierbares. Blomme speel sulke tye 'n vername rol. Moedersdag en Vadersdag geniet besondere aandag waartydens die lig van die Woord en liturgie hierop fokus.

Ons het ook 'n maandelike instelling wat ons "Herdenkings" noem waartydens almal wat die vorige maand een of ander seën ontvang het geluk gewens en die Here gedank word. Dit neem die vorm van 'n viering aan en daar word gejuig.

Die gemeente handhaaf ook die gebruik om haar maandelikse Dankoffer (Tiendes) persoonlik vorentoe na die skatkis te bring. Koeverte word hiervoor maandeliks na die huise geneem.

Die gemeente handhaaf die gebruik om mekaar se hande te neem by die uitspreek van die seën.

In sy voorbereiding van die liturgie vra die werkgroep gedurig die vraag: Hoe spreek die liturgie tot die gemeente?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**5.10.2.4 Wat word verder vir die liturgie in die vooruitsig gestel en beplan vir die toekoms?**

* Toekomstige evaluering van die verloop en belewenis van die liturgie deur werkgroep.

* Kiesing van 'n nuwe liturgiese werkgroep om aan almal geleentheid te gee, maar eers oor 'n jaar.

* Kort rollespelle deur verskillende ouderdomsgroepe om 'n sekere punt te maak.

* Gebede in groepe.

* 'n Groter konsentrasie op simbole in die kerk.

* Bemagtiging van kerkgangers om andere te trek na die Huis van die Here - veral die kerklosses en kerkloses.

* Die maak van bandopnames en videos van die eredienste.

* Meer tyd in te ruim vir liturgiese voorbereiding. Mense moet kan uitsien na die volgende erediens.

* Die uitwerk van 'n tydsrooster om keerdatums vir implimentering van toekomstige planne daar te stel.

* Benutting van bronne soos deur liturgiek en homiletiek – blok voorgeskryf asook ander literatuur. Gebruikmaking van die Leesrooster vir lidmate gepaardgaande met Preekstudies met liturgiese voorstelle van Buvton.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* Om saam met die gemeente die alternatiewe lewe wat God voorstel verder na buite te neem. Dit gaan hier veral om die verband tussen liturgie en lewe.

* Begripvolle en akkommoderende benadering van die meer behoudende lidmate wat dalk nie so gretig hieroor was nie.

Oor die toekomstige bemagtiging van die liturgiese werkgroep, vergelyk asseblief punte 5.10.3.4.1 tot 5.10.3.4.5

**5.10.3 Basiese beginsels vir die prediking**

Net soos in die geval van die liturgie, is daar wat die homiletiek betref ook etlike beginsels of uitgangspunte waarmee ek werk. Hier volg slegs die vernaamste daarvan:

* Ons is nou eenmaal 'n Woord-kerk.
- Die Woord staan sentraal.
- Prediking is die hoogtepunt van die liturgiese handeling. Tog is dit nie 'n geïsoleerde element van die erediens nie.
- Prediking bied aan ons by uitstek 'n geleentheid om met mense oor God te praat. Die fokuspunt moet steeds wees oor wie en hoe God regtig is.
- Dit gaan om 'n nuwe en opwindende herontdekking van die Bybel. Ons het niks anders as die Bybelse-teks nie.
- Die Bybel is nie in die eerste plek 'n wetenskaplike of akademiese boek nie, maar 'n boek wat aan die kerk behoort.
- Respek vir die tradisie is belangrik.
- Die prediker is 'n definitiewe faktor.
- Opleiding en leer is iets wat 'n mens jou lewe lank moet doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Met in agneming van genoemde en ander beginsels, het die besef algaande tot my deurgedring dat daar 'n swaai/skuif in my benadering moet kom. Die kursus in Bedieningspraktyk het my oë so oopgemaak dat die volgende in my onderbewussyn vasgesteek het: Die feit dat ons universiteitsopleiding ontvang het gee ons nie die reg om te dink dat ons alleen die Bybel kan begryp en die inhoud van die preek moet bepaal nie. Die gemeente as medelesers en mede-interpreteerders van die woord sal moet ernstig geneem word. Die beste manier om die Bybel te lees, is om dit sáám te doen. Die Bybel sal aan die gewone lidmaat moet terug gegee word. Die Woord sal so gehanteer moet word dat die mense kan weet dis "ons" woord. Die dominee het nie die alleenreg op die voorbereiding en verkondiging van die Woord nie. Prediking is die skat van die kerk en nie van die dominee nie. Daar is baie kante van die waarheid. Jou eie persepsie van die waarheid is maar 'n persepsie van die waarheid. Ons persepsie van die waarheid is dikwels verskraal. Ek het myself eerlik afgevra in watter mate ek my skuldig gemaak het aan die boeie van 'n teologiese ivoortoring, en dat ek daarvan verlos moet word. **Die groot skuif is gemaak om die gemeente te betrek by die voorbereiding van die preek.**

#### 5.10.3.1 Vestiging van 'n homiletiese werkgroep

As resultaat op wat tot dusver gesê is, is 'n homiletiese werkgroep in die lewe geroep. Dieselfde werkswyse is gevolg soos in die geval van die liturgiese werkgroep met die verskil dat die groep op 'n Donderdag aand byeen kom. Die proses is allereers deurgewerk met die kerkraad, gemeente en individue wat daarvoor geidentifiseer is. Dit word beklemtoon dat dit 'n **afsonderlike groep** is as die liturgiese werkgroep en wat verteenwoordigend is van die ganse gemeente en nie lid van ander verenigings is nie. Hier gaan dit veral oor beskikbaarheid.

#### 5.10.3.2 Persoonlike werkswyse van die verlede

Dat daar in die verlede groot erns gemaak en baie moeite gedoen was met die voorbereiding en lewering van preke (boodskappe), is gewis en seker. In hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



opsig is ek waarlik geseën met 'n gawe van die Here wat ek tot dusver so goed as moontlik benut het waarvan daar op meer besonderhede later in hierdie afdeling ingegaan word.

Tog was dit te midde van die seën en waardering van die tradisie, 'n eensame pad gewees. Op voetspoor van ons opleiding het ek na gelang van die Kerklike – Jaar, Gemeente-Program, konteks, plaaslike-, nasionale- en internasionale samelewingskrisisse, in die eerste instansie geworstel om te gaan soek na 'n teks. Die bedoeling was om so aktueel as moontlik te preek. Ten einde goeie eksegese te doen is kommentare geraadpleeg en met vrug gebruik gemaak van ander bronne wat my hierin kon help omdat ek glo aan die arbied van ander. Wonderlike perspektiewe is vir my geopen. Ek het my die afgelope jare doelbewus daarop toegelê om sover moontlik al die werke van ons nuwe geslag Afrikaanse teoloë in hierdie verband aan te skaf, en met vrug daarvan gebruik gemaak. Ek is diep daarvan bewus, en verwys hier met waardering na hoedat ons eie teoloë die mark bedien in ons eie **Moedertaa**l. Wat 'n voorreg waar ons in die verlede hoofsaaklik so met vreemde tale moes geworstel het. Die resultaat hierop is dat ons as predikante, as ons bereid is om hard te werk en diep te delf, nie verleë om stof hoef te wees nie, maar in werklikheid verleë is met stof!

Met inagneming van die teks en konteks is die Woord dan behoorlik verklaar (uitgelê) en toegepas op die gemeente van die Here. Aan Hermeneutiese en Homiletiese toewyding het dit my nie ontbreek nie, omdat ek van oortuiging is dat die erediens die vernaamste samekoms van die gemeente is waar ons God ontmoet. Die beperkinge van my werkswyse het egter gewissel tussen die volgende prosesse ná duidelikheid oor die teks: Leiding van die Heilige Gees, raadpleging van bronne soos na verwys en lewering van die preek. As ek dalk nie gedurende die week toevallig iets optel tydens my kontak met mense nie, was dit 'n eensame reis vanaf die studeerkamer na die kansel. Doelbewuste pogings om my ore styf teen die grond te hou ten einde die noodkreet van die volk asook hulle insigte op voetsoolvlak aan te hoor, was daar maar weinig van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sprake. Ek het besef dat ek nie myself verder mag beperk tot die *status-quo* nie, **maar die gemeente op grondvlak hierin moet ken.** 'n Stuk bevryding moes in myself plaasvind met verrykkende implikasies na alle kante toe. Dis belangrik om te noem dat niks van die verlede is by die venster uitgegooi nie. Ek is al byna een en twintig jaar predikant! Hierdie benadering is slegs 'n toevoeging tot wat reeds bestaan, omdat die verlede my basis gevorm het.

### 5.10.3.3 Werkwyse van Homiltiese werkgroep. Wat is op prakties-ekklesiologiese wyse gedoen?

In die lig van ons Maand-temas soos reeds uiteengesit, word die tema, skrifgedeeltes en teks vir bespreking vir die volgende Donderdag alreeds die vorige Donderdag ter hand gestel. Elkeen kry dan aan die hand van 'n eenvoudige vraelys (wat later aangepas kan word) (vgl. Bylaag 9), geleentheid om vir 'n week lank in die lig van hulle eie oortuigings, ervarings en wedervaringe, met die teks te gaan worstel. Wanneer ons vergader het ék ook al, uit hoofde van my liturgies-homiletiese credo, en deur noue omgang met God, 'n deeglike studie van die teks gemaak met die hulpmiddelde soos genoem ten einde die verbinding tussen die Bybelse teks en die situasie van die gemeente te maak.

Wanneer ons uiteindelik oor die tema en teks besin, is dit al vir ons almal 'n deurleefde werklikheid. Geleentheid word gegee om gedagtes uit te ruil en te besin en alles word opgeteken. Met 'n gesindheid en benadering van: "die waarheid het baie kante," word elke bydrae erken en oor nagedink. Dit is dan my verantwoordelikheid om alles bymekaar te sit, te sif en in die vorm van 'n preek te giet. Ons beperk ons byeenkoms in die lig van ons **voorbereiding** tot slegs 'n uur. Die mate van groei en seën wat hieruit geput word, is alreeds merkbaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**5.10.3.4 Lang- en korrtermyn doelwitte van die homiletiese werkgroep. Wat word beplan?**

Vir begryplike redes is die werkgroep nog maar in sy kinderskoene. Ons het nog baie om te leer. Aangesien volhoubaarheid en deurlopendheid belangrik is en ons ook maar die gevaar van diskontinuering loop en die groep **vrywillig** werk, is daar op die volgende besluit om "commitment" te verseker ( 5.9.3.4 tot 5.9.3.2. het ook betrekking op die liturgiese werkgroep):

5.10.3.4.1 Stel die lede aan die gemeente voor en vra vir voorbidding.

5.10.3.4.2 Ter wille van deurlopendheid bly die groep dieselfde vir ten minste een jaar.

5.10.3.4.3 Belê in hulle deur hulle te stuur na werkswinkels en seminare soos gereël deur Buvton en ander.

5.10.3.4.4 Aanbieding van werkswinkels en seminare plaaslik deur myself en ander kundiges.

5.10.3.4.5 Aankoop van relevante literatuur hieroor wat die groep kan gebruik.

5.10.3.4.6 Betrek groeplede by preekbeurte – veral wanneer die leraar op die buite-wyke is, maar ook om te dien as vrug op hulle eie arbeid.

Ek het redelik aan die begin van ons ontmoetings die werkgroep gewys op die respons op die vraelyste wat gehandel het oor samelewingskrississe as deel van my werkstuk oor: *'n Seminaar oor die vraag oor hoe die erediens en in besonder die prediking 'n sinvolle deel kan wees van die vorming en opbou van 'n dinamiese geloofsgemeenskap in veranderende tye.* Ek het hulle daarop gewys dat die respondente soek na antwoorde vir die vraagstukke waarmee hulle worstel in oorgangstye, **en hulle soek dit in die erediens en in besonder in die prediking.** Die groep is dit eens dat daar sensitief na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



lewensvraagstukke gekyk moet word omdat dit ons almal raak en in ons werkplan geïnkorporeer moet word.

Die werkgroep het homself ook afgevra in watter mate die prediking **ervaar en geleef** word. Dit is iets wat **sigbare gestalte** moet kry wat binne én buite die erediens gedemonstreer kan word. **Binne** die erediens kan die volgende byvoorbeeld gedoen word in opvolging van die preek op grond van die tema:

- Bekering : Nooi die mense uit om hulle saak met die Here reg te maak.
- Gebed: Vra die gemeente om hand op te steek wat behoefte aan gebed het al word die saak nie genoem nie en bid vir hulle.
- Moreel en sedelike verval: Vertoon visuele bewyse daarvan.
- Armoede: Laat mense 'n voedsel-mandjie in die erediens vul.
- MIV/Vigs: Bejeën hulle met liefde en raak aan hulle as status bekend is.
- Drank/Dwelmmisbruik: Laat iemand wat verlos is getuig daaroor.
- Dankbaarheid: Laat mense hand opsteek of vorentoe kom om in een of twee sinne te getuig van hoe die Here op 'n besondere wyse aan hulle uitkoms gegee het. Hulle kan dit op die naam noem as hulle wil.
- Versoening: Skud mekaar se hande as teken hiervan.
- Inhoud van prediking/liturgie: Versoek mense om boodskap oor te dra.

Na gelang van die tema kan ook op die volgende wyse konkrete gestalte aan die Woordverkondiging **daarbuite** gegee word. Met verbeeldingryke diensprojekte kan gewerk word met 'n ekklesiologie waarin die behoeftes ook daarbuite aangespreek word.

Preke moenie in die lug hang nie. Die daad moet by die woord gevoeg word. Dit gaan nie slegs daaroor om dinge aan te spreek nie, maar ook "aan te doen":

- Drank-en dwelmmisbruik: 'n Groot optog is hierteen gehou .
- Versoening: Werk aan verhoudinge – veral met die N.G. Kerk. Bevorder versoeningstaak aktief.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Werkloosheid: Ons is besig met werkskeppingsprojekte deur middel van ons Diakonale Dienste.
- Armoede: 'n Daaglikse sopkombuis word deur ons bedryf deur vrywilliges
- Ekumene: Kanselruiling en beskikbaarstelling van eie infrastruktuur en persoonlike deelname.

Die lys kan nog verder aangevul word.

### 5.10.4 Voorlopige resultate op die arbeid van die liturgiese en homiletiese werkgroepe

Die gemeente en myself is vatbaar vir vernuwing en deelname, daarom volg hier van die reaksies as resultaat op die uitwerking hiervan. Daar moet daarop gelet word dat alle terugvoering wat hier volg nie noodwendig slegs sedert die studie plaasgevind het nie, maar selfs ook vóór dit, maar tog sedertdien **toegeneem** het. Ek meet dit aan die volgende:

- Ek het persoonlik gegroei en is verder geslyp vir die bediening. Dit het bygedra tot my vorming. My eie standaard is verhoog. Die werkgroepe dwing my om meer tyd af te staan hiervoor en deegliker te wees, want ek moet **afsprake** in hierdie verband nakom. Ek is meer as ooit tevore onder die vergrootglas. Die liturgie en prediking word gedurig geëvalueer. Die verborge rykdomme van die Woord het my ook deur andere se gedagtes en oortuigings verryk. Die rol van metafore verbreed my eie horisonne ná ons ontmoetings.

Wat die gemeente betref vind die volgende in die erediens plaas:

- Groter vrymoedigheid en deelname aan die onderskeie elemente.

- 'n Meer spontane en maksimale betrokkenheid is aan die orde van die dag. Die liturgie is 'n stuk belewenis waaraan die gemeente deelneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Die opkomste by die eredienste het merkbaar verbeter. Die liturgie spreek nou duideliker tot die gemeente self. Besoekers neem ook toe. 'n Groter liefde vir die Huis van die Here is merkbaar.

- Responsiewe liturgieë werk uitstekend, selfs al is dit nie voor die gemeente op skrif nie en voorgesê moet word. Die ideaal is om dit gereeld op skrif te hê.

- Mense het op 'n verrassende wyse ontdek hulle "mag ook" aan die erediens deelneem en dat dit nie slegs vir 'n klompie uitgesoekte of geleerde mense is nie. Hulle verskuilde gawes is ontdek en benut.

- 'n Duidelike oplewing het ook plaasgevind wat sang en musiek betref. Gemeentesang is nou meer hartliker. Die kerkkoor en snaarorkes het nuwe lede bygekry. 'n Mannekoor en elektriese snaarorkes het intussen by gekom.

- Die gemeente beaam soms hoorbaar op wat hulle hoor en ervaar. Om spontaan hande te klap as blyke van waardering op sekere elemente, is nie meer vir ons vreemd nie. Die koorleier het by geleentheid ná 'n preek opgestaan en beleef vir my gevra of 'n mens vir 'n preek mag hande klap, waarop ek gesê het: "Daar kan seker nie mee iets verkeerd wees nie, " waarop die gemeente begin hande klap en spontaan vir 'n hele ruk lank opgestaan het uit waardering vir die Woord. Dit het gehandel oor die tema : "God sê soms vir ons nee!"

- Ander kerkgenootskappe se lidmate het intussen by ons kom aansluit omdat hulle ervaar daar is lewe by die VGK Gemeente Springbok.

- Mense is nie meer so haastig om huistoe te gaan nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Selfs die "behoudendes" se vrese is besweer en openbaar nou 'n ander gesindheid.
- Merkbare verbetering in die Dankoffers.
- Geloofsleiers tree nou na vore.

Ook **gedurende die week** ontlok die verloop van ons eredienste reaksie en wel op die volgende wyse:

- Mense hou nabetraging en vertel vir mekaar wat daar plaasgevind het en probeer die boodskap (preek) oordra aan die wat nie daar was nie. Dit is letterlik die onderwerp van bespreking vir die week wat voorlê.
- Ek word gedurig gebel of persoonlik gesê hoe geseënd die dienste was. Selfs lidmate of besoekers van ander dorpe en stede wat hier was skryf briewe of bel my uit waardering. Dit het my so laat dink aan daardie ou gesegde: "Ek kap 'n blok in hierdie land en sy spaanders waai in 'n ander land!"
- Sommige sê openlik dat hulle uitsien na die volgende diens en daaroor opgewonde is.
- Daar is gedurige versoeke om afskrifte van die preke en aanmoeding om dit op band of video te sit.
- Die liturgies/homiletiese werkgroepe spreek hulle waardering uit oor hulle betrokkenheid. Hulle voel hulle is ook belangrik. Onder hulle self is daar ook nou 'n groter waardering vir die Woord en wat dit werklik verg om daarmee om te gaan.
- Dit blyk dat deels van die vrug op ons arbeid in dié verband grootliks tot die gemeente se identiteit bygedra het en dat die mense meer as tevore van ons bewus is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Die nuwe benadering werk soos "suurdeeg" in die gemeente. Van die terugvoer wat ons uit die gemeente kry is onder meer:
  "As hulle dit kan doen, kan ons dit ook doen!

- Wat bemoedigend is wanneer ek 'n tyd weg was byvoorbeeld vir 'n blok, vakansie of ander verpligtinge, laat blyk sommige dat hulle my gemis het, en wil weet hoekom ek so lank weggebly het. Ek word dan ook op verskillende maniere deur die week "welkom tuis" gesê. Asook die Sondag daarna in die kerk!

### 5.10.5 Samevatting en slotopmerkings

Om leraar van die V.G.K. Gemeente Springbok te wees is 'n groot voorreg. Saam met hierdie voorreg gaan die verantwoordelikhede ook gepaard. Want in 'n wêreld waar dinge toenemend verander, het ons veranderende mense nodig. Om as agent van verandering in hierdie tye op te tree, al word ons ook daartoe geroep, is egter nie so maklik nie. Wat die kerk betref, is ek daarvan oortuig dat ons nie die manier waarop ons God nog altyd gedien het, outomaties as geskik vir die hede en toekoms kan aanvaar nie. Die steeds veranderende wêreld bied soveel aanloklike alternatiewe, dat die kerk gevaar loop om sy lidmate van hom te vervreem indien hy nie ook met alternatiewe vorendag kom wat die mense weer sal terug trek kerk toe nie. Die belangrike vraag is of ons werklik vasgevang moet bly in die patrone van aanbidding en kerk wees van tien of twintig eeue gelede? Vir baie lank was die houding in die kerk : "moenie dinge te vinnig verander nie." Die siklusse van die verlede is vir ons partykeer belangriker as die bevrydende waarhede van die evangelie wat ons na 'n nuwe en opwindende toekoms intrek.

God is besig om siklusse te deurbreek. Hy het dit in Jesus gedoen : Blindes sien, lammes loop, dowes hoor, aan armes word die evangelie verkondig. Inderdaad moet hierdie dinge ons raak, en reaksie by ons ontlok. Gemeentes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



wat suksesvol is, is dié wat oop is vir verandering. Iemand het eenkeer gesê daar is net een plek waar dinge dieselfde bly, en dis die begraafplaas. Die verdere vraag is hoe gewillig is ons om God te vertrou met die toekoms en medeskeppers saam met Hom te wees vir daardie toekoms. Hoe óóp is ons vir die toekoms? Hoe oop is ons vir die nuwe? Ons sal 'n slag by God se toekoms betrokke moet raak, en die sleutel hiertoe is **verandering.** Hierdie verandering het in ons gemeente sterk begin posvat op liturgies-homiletiese gebied. Om hierin te kan slaag is die ontdekking meer as ooit te vore gemaak dat: "twee is beter as een, hoe meer siele, hoe meer vreugde, vele hande, ligte werk.

Die gemeente het in hierdie opsig baie verras en ons put veel seën daaruit. Ons het baie rede om optimities te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 6

## DIE ROL VAN DIE LERAAR VAN DIE V.G.K. SPRINGBOK IN GELOOFSLEIERSKAPSONTWIKKELING

Uit wat tot dusver in die voorafgaande hoofstukke gesê is, oor die stand van leierskap, is dit duidelik dat die predikant die spil is waarom alles draai. Die V.G.K. gemeente Springbok is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Pogings tot die bemagtiging van die kerkraad en gemeente is in baie opsigte met die nodige respek en waardering bejeën. Deur dit alles het die rolverwagting ten opsigte van die leraar en sy vermoë om te kan lei en inisieer die botoon gevoer. Jou spesiale plek as pastor word nie misken nie. En om gedurig op aanvraag (wanted) te bly om sekere dinge self te doen dui vir my op erkenning en dat daar nog plek is vir 'n leraar om sy rol in 'n gemeente te vervul. Eintlik wil daar deur die kerkraad en gemeente van die V.G.K. gemeente Springbok gesê word dat die arbeid en insette van die leraar tog 'n verskil maak.

Wanneer die navorser dus sy rol en funksie tot leierskap moet beskryf, word dit gedoen in terme van identiteit en funksie binne die raamwerk van 'n strategie van ontplooiing van leierskapontwikkeling. Identiteit en funksie kan moeilik van mekaar geskei word omdat hulle so nou verbonde is. Identiteit bepaal funksie. Shawchuch & Heuser (1993:111) sê hieroor: *".... The leader's identity at the core of his or her being has much greater influence on the congregation than what the leader knows or does."* Stevens & Collins (1993: 122) druk hulle hieroor as volg uit:
*"The leader's authority is derived from outside as well as inside the leader through an authentic relationship with the God who works through the leader."*

Die rol van die pastor is dus om te fokus op en vrae te vra aan sy eie spiritualiteit en navolging van die Here. Dit is immers hy wat God teenwoordig moet maak by die mense (presensie). Sy eie geestelike integriteit en motiewe moet bo verdenking wees. Vrae wat die leraar ten opsigte van homself moet uitklaar is die volgende:
Kan sy eksegese en prediking vertrou word? Is sy bediening ondersteunend?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Verskaf hy struktuur vir die bedieninge van ander? Gee hy die nodige liturgiese begeleiding aan eredienste, vergaderings en ander gemeentelike funksies. Toon hy in sy optrede dat hy 'n geroepene van God is? Hoe goed is sy interpersoonlike vaardighede? Wat laasgenoemde vraag betref is dit vir die navorser belangrik om in die konteks van die VGK Gemeente Springbok veral te bou aan verhoudinge na buite die grense van die gemeente. Deur hierin te belê baat die gemeente baie daarby want deur sodanige ingesteldheid word bewys dat jy bereid is om deel te wees van 'n groter geheel, asook jou bereidheid om insette te lewer en inisiatiewe aan die dag te lê in sake wat die hele gemeenskap raak (Vgl. Bylae 10 - 14 waarin die navorser se deelname prominent was by onlangse geleenthede wat die gemeenskap diep geraak het). Die vraelys van Schawchuck & Heuser (1993: 305-307) oor die rol van die predikant, behoort deur elke pastor deeglik, eerlik en biddend voltooi te word. Die pastor sal sy eie en sy waargeneemde identiteit en funksie moet toets en laat toets, evalueer en aanpassings maak waar nodig. Die deurlopende ontwikkeling van sy eie spiritualiteit is baie belangrik. Richards & Hoeldke (1980:209-337) wys uitvoerig daarop hoedat daar getrouheid by die leier moet wees deur bande wat hy moet bou met God Drieënig en medegelowiges. Hy moet deeglik die gemeentelike werksaamhede organiseer, vertroue bou, ondersteuning verleen en kommunikasie-netwerke uitbrei. Inmiddels moet hy daarteen waak om nie sy eie studie en 'n gedurige stilword voor die Here in 'n ernstige soeke na die wil van die Here, te vernalatig nie. Gesonde balans is nodig in die ontplooiing van die rol van die pastor. Die goue en silwerdrade (Shawchuck & Heuser 1993: 81) moet uitgesorteer word. Hy moet die kuns ontwikkel om te kan delegeer. Dit sal 'n rustigheid by die pastor teweeg bring wat hom instaat stel om hom te oefen in spiritualiteit en uitbranding te voorkom.

Die gemeente-analise van die V.G.K. gemeente Springbok het 'n opswaaisiklus getoon. Die navorser sien sy rol daarin om dit deeglik te benut en verder uit te bou. (Shawchuck & Heuser 1993: 159).

Die volgende aspekte in die lewe van die pastor is baie belangrik:

- 'n Lewe voor God

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- 'n Visie hê wat met ander gedeel word. Burger (1991: 37) noem dat sonder 'n visie wat funksioneer op die vlak van 'n gedeelde droom, kan daar nie sprake wees van 'n lewende en effektiewe geloofsgemeenskap nie.
- Konsentreer op leierskapsontwikkeling.
- Stel 'n eredienskommissie aan wat sal help met die reëling van eredienste.
- Konsentreer op Huweliks- en Gesinsbediening en rus lidmate toe om ander te bemagtig.

Hierdie prosesse moet gedurig geëvalueer word ten einde te verhoed dat die gemeente op 'n afgaande siklus beland (Shawchuck & Heuser 1993: 159-163). Die geleentheid is altyd daar vir die pastor en leierskap om nuut en innoverend te dink oor leierskap en die kerk op hierdie nuwe en opwindende pad te neem. Daar moet egter groot geduld aan die dag gelê word aangesien dit 'n tydsame proses is (Senge 1990: 63).

Volgens Shawchuck & Heuser (1993:106) moet die gemeente nie passiewe meekykers wees terwyl die leraar sy insette lewer tot verwesenliking van die visie nie. Daar moet geleenthede geskep word waar die pastor sy visie aan die gemeente en leiers kan kommunikeer en saam met die spiritualiteit van die leiers moet bedieningsvaardighede oorgedra word. Dit is dus belangrik dat kerkraadslede moet voldoen aan die Bybelse voorskrifte. Hulle sal die visie wat hulle in hulleself geformuleer het tot aksie moet bring (Shawchuck & Heuser 1993: 142). Die baie vername aspekte soos breedvoerig uitgespel in **Nuut gedink oor leierskap (Smit (red) 1995)** naamlik *Presensie, Visionering, Fasilitering* en *Energering*, sal ernstige aandag moet kry.

Die pastor moenie net op leiersopleiding konsentreer nie. Die groepe moet geleer word om groepe te wees sodat die groepe die leiers kan oplei in die toekoms. (Stevens & Collins 1993: 77).

'n Belangrike rol van die pastor is aktiewe visievorming. Oor geregtigheid en onreg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sal die pastor moet weg beweeg van die middelgrond af en die spanning hanteer deur die gemeente se storie weer en weer te vertel. In hierdie verband sê Bondi (1990:62): *"It is only by telling en retelling that story anew that the tension between leaders and followers can be resolved in movement towards our common destination in Christ."*

Ook vir die V.G.K. gemeente Springbok sal die pastor die roepingsopdrag van Jer. 1:10 sy eie moet maak. Sy visie sal daarom moet wees een van herstel en herskepping om sodoende die gemeente opnuut te laat droom en bewustelik te laat werk vir die sigbaarmaking van die eschaton. Die kerkraad moet daarom van suiwer administrasie weggestuur word na bediening voor die Here. Ook sal die kerkraad deur die pastor gelei moet word om te besluit of hulle wil aanhou wens en droom en of hulle 'n visie verlang wat hulle hart en verstand aangryp om die aksie te neem wat nodig is (Shawchuck & Heuser 1993: 142).

## 6.1 Bemagtiging van geloofsleiers

Een van die voordele wat die langtermyndienstydperk van 'n leraar het (soos reeds genoem), is die stabiliserende invloed wat sy leierskap op só 'n gemeente oordra. Maar tog breek daar 'n tyd aan waar die las te swaar word en daar nie meer teen die huidige pas volgehou kan word nie. Daar moet na 'n punt toe gewerk word met die besef dat die leisels weldra sal moet afgegee word met inagneming van die "lot" van jou opvolger. Gemeentes is baie geneig om 'n opvolger teenoor 'n voorganger af te speel. Smith (1995 a: 36 – 40) meen om 'n uitgediende leierskapspatroon te beskryf as hy verwys na die alwetende pastor (*the omniscient pastor).* In die huidige paradigma kan 'n predikant net nie meer daarna streef nie *"to do all the caring councelling, praying, eduating and equipping that must be done in the congregation"* (:36). As dit die geval sou wees beteken dit dat die predikant nie die nodige ruimte laat vir die bediening van en deur lidmate nie. Vir Botha (Smit (red) 1995: 103) is dit belangrik dat kerklike ampsdraers met die *styl van 'n spanleier* leiding behoort te gee. Hieroor merk Carroll (1991:97) as volg op: *"We clergy are so addicted to being clergy – running the church and holding the power of the*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*sacraments – that we are often unable to take the ministry of the laity serious."*

Daarom is hier onder alles **programme** in werking om die geloofsleiers toe te rus en te bemagtig en voor te berei vir die dag wanneer die huidige leraar nie meer daar is nie. Dit word gedoen deur toerustingskampe, werkswinkels, seminare, konferensies – en veral die leraar se invloed om die leiers buite die gemeente grense hieraan bloot te stel. Dit word beskou as 'n goeie belegging vanuit die gemeente kas. Daar bestaan vir my ook 'n onlosmaaklike verband tussen leierskap en prediking. Daarom word veral die prediking daarvoor aangewend om die heiliges toe te rus vir dienswerk.

As **bestuurder** laat die leraar sy leiereienskappe geld vir gesonde en deeglike Kerklike Administrasie. Hier geld veral goeie rentmeesterkap en om behoorlik rekenskap te kan gee van veral die gemeente fondse. Die geloofsleiers word ook geleer dat jy met 'n klein bietjie vêr kan kom. **Dit was ook my boodskap aan die Ekumeniese Toergroep van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch** op Maandag, 11 Junie 2001 in ons kerkgebou uit Markus 6: 7-13 (vgl. Bylaag 5). Die gemeente bestaan uit 'n histories agtergeblewe gemeenskap met 'n baie lae gemiddelde inkomste. Daar kan dus nie rojaal (verkwistend) met die gemeente fondse gewerk word nie.

As **bedienaar van die versoening** word geloofsleiers geleer om versoend te leef. Dit word ook so aan hulle gedemonstreer. Hieroor het ek baie duidelikheid. Dit gaan oor verhoudings in die algemeen, maar veral oor ons verhouding met die N.G. Kerk. Tydens een van die blokke vir die M.Th-graad in Bedieningspraktyk het die leraar 'n seminaar getiteld : *Versoening - 'n Gevallestudie* ingehandig waaroor die studieleier se kommentaar was: *Baie deeglik!* Hierdie houding en lewenswyse inspireer die geloofsleiers en is aansteeklik. Daarom was ek ook voorsitter van die Sinodale Kommissie vir Geregtigheid Vrede en Versoening en is ek nog steeds lid daarvan. In hierdie hoedanigheid was ek al dikwels in die verlede deel van 'n span wat moes ingryp in gemeentes in die land waar daar konflik is. Ook in die Ring word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ek as konsulent aan gemeentes toevertrou waar daar spanning is.

Te midde van goeie beheer en kontrole oor ons **infrastruktuur** – veral ons geboue word die kerkraad geleer om dit te deel met andere. Daarom word dit ook aangewend vir byeenkomste van openbare belang soos skole, welsyn, polisie, munisipaliteit, distriksraad en so meer. As **openbare figuur** laat die leraar homself geld by genoemde instansies tot groot seën van die gemeente self. Die toeganklikheid tot genoemde instansies se infrastruktuur en die voordeel wat die gemeente daaruit put, is weinig in vergelyking met wat die gemeente in hulle belê het. Hier vind 'n *kruisbestuiwing* plaas wat deur die leraar optimaal benut word tot voordeel van almal – maar in besonder vir die gemeente.

Ons is deel van 'n groter geheel. Geloofsleiers word geleer om betrokke te raak en betrokke te bly by die lot van die **breër gemeenskap.** Hiervoor word die rol van **Diakonale Dienste** van die gemeente optimaal aangewend. Die **Diensprogram** van Diakonale Dienste maak hiervoor ruim voorsiening en op 'n daaglikse basis word die *"goods deliver."*

Die gemeente se betrokkenheid by die kerk in breër verband word ook by die gemeente ingeskerp. Hier speel die **Ekumene** 'n baie belangrike rol. Die rykdom van die verskeidenheid van ander kerklike tradisies en gebruike word gerespekteer eerder as om dit as 'n bedreiging te sien. Daarom is die gemeente geaffilieer by die Noord-Kaap **Raad van Kerke.** Die leraar is 'n prominente figuur wanneer dit kom by die aktiwiteite van die Ekumene. Net in die jongste verlede is ruim geleenthede gebied om in hierdie opsig diensbaar te wees (vgl. bylaes). Van die mees waardevole byeenkomste was die *Ekumeniese Diens van Medelye vir die V.S.A. Terreur Slagoffers* in ons kerkgebou op Donderdag, 13 September 2001, ná die terreur aanslag op Amerika op 11 September 2001, asook die *Gedenkdiens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens vir die afgestorwenes van die afgelope tien jaar* (vgl. Bylaag 11 - 12 ). Sonder om alles self te doen, was die oogmerk om die rol van die Ekumene in hierdie verband tot sy reg te laat kom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n Ontmoeting word met die kerkraad in die vooruitsig gestel oor die beter benutting van die resultaat op die arbeid van die *Liturgiese- en Homiletiese werkgroepe.* Ter wille van eenvormigheid kan die liturgieë en preke soos uitgewerk goedskiks ook deur die kerkraadslede self gebruik word op die ander punte waar die leraar nie diens doen nie Dit is 'n proses wat saam met hulle deurgewerk gaan word.

Vanweë die baie **jong mense** in die gemeente sal daar na die eersvolgende kerkraadsverkiesing soos na verwys, 'n spesiale Jeugkommissie saamgestel word. Dit sal dan vir ons die weg baan glo ek vir die voorbereiding van die gemeente vir die beroeping van 'n Jeugleraar.

### 6.2 Bemagtiging van lidmate

Die navorser is van mening dat baie van die **rolsvervulling** soos hierbo uiteengesit ten opsigte van die geloofsleiers, geld ook vir die gewone lidmate en dat die effek daarvan ook deursyfer na hulle toe. Daarom word daar gedurig gepoog om die onontginde potensiaal van die gemeente gedurig te ontdek en te benut. Sonder om so daarop uit te wees om resultate te soek en suksesse te meet, word daar benede die oppervlak gedelf om al die bedekte en verskuilde skatte te bereik – om ágter die "*kraalbossies van Namakwaland,* " die skaap of bok in kondisie te sien lê, en die klippe om te rol en die diamante daaruit te haal. Die mense-materiaal is ongetwyfeld hier (vgl. Gemeente analise). Ons moet die lidmate losmaak van die passiewe lidmaat - wees en begelei na 'n aktiewe lidmaat – betrokkenheid. Hieroor is ek dit eens met Smit (1995: 103) wanneer hy sê " *....dat elke lidmaat in die gemeente 'n medewerker in diens van God in hierdie wêreld is."* In aansluiting hierby sê Stevens & Collins (1993:41) : *" The most direct way to equip the saints for the work of ministry is not to devise strategies for equipping individuals, but to equip the church (as a system). Then the church will equip the saints."*

In die lig hiervan sal ek meer as ooit tevore die lidmate se persepsies asook houding rondom kerkraadskap (geloofsleierskap) moet verander. Want baie voel nog soos volg: Dis nie vir hulle bedoel nie; dis benede hulle waardigheid; jy moet perfek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za




wees; geletterd wees; kan preek; besittings hê, en so voorts. Hulle word geleer dat die Here aan elkeen gawes gegee het waarvan Hy rekenskap eis en dat *"all sorts of kinds makes a world."* Slegs deur middel van húlle meelewing en betrokkenheid kan die groter prentjie werklik ontvou. Niemand se bydra is te gering nie, Al beskik iemand ook nie oor die aanleg om na vore te kom en op die "verhoog" te verskyn nie, word hy/sy ingetrek om hulle vaardighede (skills) aan te wend ter wille van die gemeente al is dit ook deur middel van 'n ambag wat hulle beoefen.

## 6.3 Slotopmerkings

Ek werk gedurig met die besef dat my rol in leierskapsontwikkeling 'n skat in 'n erdekruik is en dat ek die beste daarvan moet maak. Die V.G.K. Gemeente Springbok het aan my deur Gods genade 'n platform gebied waardeur die gawes van hoof en hart wat die Here aan my gegee het, in ruime mate aangewend kan word. Dit het ongetwyfeld tot my eie groei, vorming en slyping verder bygedra. Ek is diep dankbaar vir die leierskapsgeleenthede wat tot dusver op my pad gekom het. Die gemeente het behoefte gehad aan 'n sterk, gemotiveerde en innnoverende leier wat kan standpunt inneem en die vonk in die kruitvat kan wees . 'n Herder-kudde-model-gemeente, is na my oortuiging ook 'n manier van gemeente – wees wat kan werk! En om die spreekwoordelike *" jack of all traides and master of master of none"* te wees bied jou 'n voorsprong bo diegene wat hulleself beperk tot hulle teologiese opleiding en beroepsbrief. Daar word geglo in die gemeente se voortbestaan en ons sien daarna uit om op hierdie WEG te bly met die oog gevestig op Jesus Christus, ons Leidsman die Voleinder van die geloof. *"Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."* (1 Kor. 15:58)..

# NAMAKWALAND -- NAMAQUALAND




*Approximate distances in kilometres*

**SPRINGBOK TO:**

| | | |
|---|---|---|
| ORANGE RIVER | - | 126 KM |
| AI-AIS | - | 239 KM |
| WINDHOEK | - | 941 KM |
| PORT NOLLOTH | - | 143 KM |
| ALEXANDER BAY | - | 221 KM |
| VAN RHYNSDORP | - | 256 KM |
| CALVINIA | - | 336 KM |
| CLANWILLIAM | - | 332 KM |
| LAMBERTS BAY | - | 401 KM |
| CAPE TOWN | - | 554 KM |
| POFADDER | - | 177 KM |
| AUGRABIES | - | 324 KM |
| UPINGTON | - | 399 KM |
| JOHANNESBURG | - | 1274 KM |

KLEINZEE - Closed for public without permit.

Above Sea-level +/- 1000m

MUNICIPAL BUILDING - SPRINGBOK

*Springbok is die hoofdorp van Namakwaland. Maak dit u middelpunt. Beleef dit!!*

*Springbok is the capital of Namaqualand. Make it your centre point. Experience it!!*

*• The copyright of this map is donated by SPRINGBOK LODGE & RESTAURANT*

## VRAELYS OM DIE BEDIENINGSPRAKTYK VAS TE STEL OOR DIE ROL VAN DIE PREDIKANT

Wat was die leraar Ds. P.J. Burger se sterk- en swakpunte?

| STERKPUNTE | SWAKPUNTE |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Watter bedieningsareas het hy versterk en watter vernalatig?

| VERSTERK | VERNALATIG |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Praktiese wenke

1. Eerlik en opreg antwoord.
2. U identiteit sal beskerm word.
3. Moenie lank tob oor 'n vraag nie, u eerste aanvoeling is gewoonlik die regte.

Watter belangrike gebeure het in die laaste 20 jaar in die gemeente plaasgevind?

.................................................................

.................................................................

.................................................................

Watter invloed het hierdie gebeure uitgeoefen?

.................................................................

.................................................................

.................................................................



# 'n Woord van Dank en Waardering Aan Ds. P.J. Burger

## VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK SPRINGBOK

Ons die Kerkraad en Gemeente gee u hiermee 'n stewige handdruk van erkenning en waardering. Dit was vir ons 'n voorreg om u te hoor preek oor verskeie onderwerpe die afgelope 15 jaar. Die feit dat u by talle geleenthede as Leraar en prediker die harte aangegryp het deur die uitleg van die Skrif, het oor die jare 'n honger by die gemeente gekweek om meer duidelikheid en klaarheid oor sake wat in ons huidige samelewing aktueel en van groot belang is, te kry. Hierin het u met u bekwame optrede ook tydens moeilike situasies geslaag.

U besondere gawe om die Woord van die Here te verkondig bly vir ons Gemeente 'n groot bate. U liefde vir en kennis van die Teologie, u liefde vir en kennis van die Kerk, u liefde vir en kennis van ons Land, u liefde vir en kennis van die Gemeente, maar bowenal u liefde vir die Koning van alle Konings dien as verdere kwalifikasie.

Miskien is u grootste gawe die besondere Genade wat u ontvang het om as 'n hedendaagse Aaron die ideale, die drome, die begeertes, die behoeftes en frustrasies van die Mosese van u tyd te artikuleer.

As u kwytskelding bygedra het tot 'n beter begrip en verstaan van Christenskap, tot 'n beter Bybelse beligting van ons as Gemeente in die wêreld, in Suid-Afrika, tot 'n beter Christelike verantwoordelike ambassadeurskap, in ons geliefde Verenigde Gereformeerde Kerk, dan durf ons sê u gebaar word opreg waardeer en verdien vermeld te word.

Ons gebede bly vuriglik dat hulle, die Gemeente wat u voorbeeld navolg, dieselfde vreugde, dieselfde teologiese klaarheid en bowenal dieselfde seëninge daaruit sal put waarvan u hele handel en wandel getuig.

Ons sê maar net dankie en verseël ons waardering met die Teksvers Ps. 16:6. "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi."

*Oorhandig deur die Kerkraad en Gemeente te Springbok op hierdie 24 ste dag van Maart 1995.*

Ontwerp deur Van's Photos Springbok

1998

# VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA

## GEMEENTE SPRINGBOK

# Sertifikaat van Verdienstelikheid

*toegeken aan*

## Ds. P.J. Burger

*vir Sewentien Jaar van Vrugtevolle Diens*
*in bogenoemde Gemeente*

***1 Tim. 4 : 16***
***" Let op jouself en op die leer; volbard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou boor."***

DIE KERKRAAD EN GEMEENTE

17

*Op hierdie eerste dag van*
*Februarie*
*negentien-agt-en-negentig*

'n Geseënde en leersame
Ekumeniese Toer
word u toegebid.

"As God eenmaal aan mense
Sy genadegawes geskenk
en hulle geroep het,
trek Hy dit nooit weer
terug nie."
***Romeine 11:29***





BYLAAG 5


# VERWELKOMINGSDIENS

VAN DIE EKUMENIESE TOERGROEP VAN DIE
TEOLOGIESE FAKULTEIT
VAN DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

IN DIE

## V.G. KERK SPRINGBOK

## 11 JUNIE 2001 OM 19:00



# LITURGIE

**LERAAR: DS PJ BURGER**
**LITURG: OUDERLING PJ VOLLMER**

**SEëNBEDE AAN LERAAR EN GEMEENTE: V.G.K. KERKKOOR.**

1. OPENINGSGEBED - SR. A LOSPER
2. VERWELKOMING - OUDL. PP CLOETE
3. GEMEENTESANG - NO. 1 (SNAARORKES BEGELEIDING)
4. VOORSTELLING VAN DOSENTE - DS PJ BURGER
5. KOORSANG - N.G. KERK BOESMANLAND
6. SKRIFLESING EN BOODSKAP - DS PJ BURGER
7. KOORSANG - V.G. KERKKOOR SPRINGBOK
8. VOORSTELLING VAN STUDENTE - GROEP 1
9. KOORSANG - ANGLIKAANSE KERKKOOR "ALL SAINTS"
10. VOORSTELLING VAN STUDENTE - GROEP 2
11. KOORSANG - N.G. KERK NAMAKWALAND "THE INISIATIVES"
12. VOORSTELLING VAN STUDENTE - GROEP 3
13. SNAARORKES MUSIEK - V.G. KERK SPRINGBOK
14. KOORSANG - VYGIEKLUB VIR BEJAARDES
15. VOORSTELLING VAN STUDENTE - GROEP 4
16. KOORSANG - METHODISTE KERK BERGSIG
17. KOORSANG - TEOLOGIESE DOSENTE EN STUDENTE
18. RESPONS EN BEDANKINGS - PROF. JURGENS HENDRICKS
19. TOERGROEP WORD TOEGESING DEUR GEMEENTE - "HEER LAAT U SeëN OP HUL DAAL"
20. GEMEENTESANG - NO.3
21. SEëNBEDE - VADER M MEYER



## GESANG NO.2

Heer , laat U seën op hul daal,
U guns uit Sion hul bestraal!
O grote Skepper, eewge God,
U is ons saalge deel en lot.



## GESANG NO.1

SHOWERS OF BLESSING:

"There shall be showers of blessing"
This is the promise of love;
There shall be seasons refreshing,
Sent from the Saviour above.

CHORUS:
Showers of blessing,
Showers of blessing we need;
Mercy drops round us are falling,
But for the showers we plead.

"There shall be showers of blessing"
Precious reviving again;
Over the hills and the valleys
Sound of abundance of rain.

"There shall be showers of blessing"
Send them upon us, O Lord;
Grant to us, O Lord;
Grant to us now a refreshing,
Come and now honour Thy Word.


There shall be showers of blessing
O that today they might fall,
Now as to God we're confessing,
Now as on Jesus we call!

## GESANG NO.3

1. O Heer, my God, as ek in eerbied wónder
en al u werke elke dag aanskou:
die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe u dit elke dag sal aanskou ...

Koor:
Dan moet ek juig, my Redder en my God:
hoe groot is U, hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

2. U Seun word mens: in ons gebroke wêreld
kom vestig kom vestig Hy sy konnings - heerskappy.
Hy maak weer reg wat sonde hier geskend het.
Hy bring weer hoop en redding ook vir my.



3. U maak ons deel van al u grootste werke.
U laat ons bid, Heer, dat die ryk mag kom.
En kom U weer, in heerlikheid op wolke,

## VRAELYS

## OOR DIE VERSKILLENDE GROEPE IN DIE GEMEENSKAP

1. Hoe sou u die verskillende groepe in die gemeenskap tipeer (karakteriseer)?

..................................................................

..................................................................

..................................................................

2. Wat is die verskillende groepe en die gemeenskap se grootste behoefte?

..................................................................

..................................................................

..................................................................

3. Wat veroorsaak konflik en spanning in die gemeenskap?(Alternatief: is daar vrede; watter vorme van onreg bestaan in die gemeenskap?)

..................................................................

..................................................................

..................................................................

4. Wie het die mag in die gemeenskap, kan dinge laat gebeur of kan keer dat dinge gebeur. Wie is die mense wat dinge laat gebeur, wat besluite neem en laat uitvoer? Is dit by 'n paar mense gesetel of is dit versprei?

..................................................................

..................................................................

..................................................................

5. Hoe sien u die gemeente waar ek diens doen (VGK Springbok)? U eerlike, objektiewe antwoord sal waardeer word. Wat verwag u van die kerk? Wat kan die kerk in hierdie gemeenskap doen?

..................................................................

..................................................................

..................................................................

6. Hoe lank is u al in die gemeenskap?

..................................................................

..................................................................

..................................................................

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.

BYLAAG 7

VRAELYS

OOR DIE LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE

1. Hoe beïnvloed die leierskap (dominee,kerkraadslede en ander leiers in die gemeente) se geestelike lewe/voorbeeld jou?

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

1.1 Het hulle voorbeeld jou bv. gehelp om:

1.1.1 Geestelik te groei? ........................................

1.1.2 Sekere vaardighede te ontwikkel? .........................

1.1.3 Jou gesindheid te verbeter? ..............................
Noem voorbeelde

............................................................

............................................................

............................................................

2. Word kerklike vergaderings en byeenkomste met Skriflesing en gebed geopen?

.................................................................

2.1 Is die Skrifgedeelte waarmee u geopen het bepalend vir u gedurende die vergadering of byeenkoms, d.w.s. vra u voortdurend na die wil van die Here?

.................................................................

.................................................................

3. Hoe sou u sê: Weet die leiers waarheen hulle met die gemeente op pad is?

.................................................................

.................................................................

4. Sal jy die leiers binne die gemeente met sake van jou vertrou? Motiveer.

.................................................................

.................................................................

5. Moet geestelike leiers binne die gemeente slegs besig wees met geestelike werk/dinge? Motiveer.

.................................................................

.................................................................

.................................................................

VRAELYS OOR DIE LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE

6. Hoe sal u sê: Het die leiers binne die gemeente 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar, veral as 'n mens Gen. 4:9 gelees het?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

7. Hoe hanteer die leierskap probleme binne die gemeente?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

8. Hoe ywerig is die leiers? Motiveer.

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

9. Hoe is die stand van die gemeente se geestelike lewe, gemeet aan:

9.1 Die bywoning van eredienste en bidure..............................

..........................................................................

9.2 Deelname aan gebed ...............................................

..........................................................................

9.3 Getuienislewering ................................................

..........................................................................

10. Hoe sou u die gemeente se geestelike volwassenheid beoordeel? Motiveer.

..........................................................................

..........................................................................

11. Hoe sou u die geestelike volwassenheid van die leiers binne die gemeente beoordeel? Motiveer.

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

12. Hoekom het die Here die VGK Springbok hier te Springbok geplaas?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

BYLAAG 8


## DIE TAAK VAN DIE KERKRAAD

### KONFERENSIE EN NAGMAAL

### PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| PROGRAMLEIER | : | A. Koopman |
| VERWELKOMING EN VOTUM | : | Ds. Burger |
| GEMEENTESANG | : | |
| EERSTE INLEIER | : | A. de Jongh<br>Die Taak van die Kerkraad in sy haar huis. |
| KOORTJIE | : | |
| TWEEDE INLEIER | : | Br. F. Frasenberg<br>Die Taak van die Kerkraad in die Gemeente. |
| KOORTJIE | : | |
| DERDE INLEIER | : | Br. P. Vollmer<br>Sy/Haar toerusting vir die taak. |
| KOORTJIE | : | |
| PANEEL | : | Vrae of bydrae.<br>Ds. Burger, P. Vollmer,<br>A. de Jongh, Frans Frasenberg,<br>Abe Koopman en Rosy Louw. |
| GEMEENTESANG | : | |
| NAGMAALFORMULIER EN BEDIENING | : | Ds. P.J. Burger |
| GEMEENTESANG | : | Offer en Wyding. |
| SLOTLIED | : | |
| SEëN | : | |
| MIDDAGETE | : | 13h00 – 14h00 |
| NAMIDDAGSESSIE | : | 14H00 – 15H00 |
| EVALUERING | : | |
| BEDANKINGS | : | Sharon |
| AFSLUITING | : | Br. Van Louw |

# V.G.K.-SPRINGBOK



# KERKRAADSKAMP

TE

# ROOIFONTEIN

18 - 19 AUGUSTUS 2001

# PROGRAM

KAMPKOMANDANT : Neville Vollmer

1. VERTREKTYD : 8h00
2. VERWELKOMING : 10h00
3. SAMESANG : Anna
4. SKRIFLESING : P. Vollmer
5. DOEL VAN SAMEKOMS : P. Vollmer
6. YSBREKER :
7. EERSTE SESSIE : P.P. Cloete 10h45 – 12h00

   (a) Morele Waardes: (i) Drankmisbruik
   (ii) Huweliks onttrou
   (iii) Vloektaal en ongewenste taal.
   (iv) Onsedelike lewe.

   Vertroulikheidskode.
   Offervaardigheid.
   Voorbeeldige lewe.
   Kleredrag van Kerkraad.
   Gesindhede van Kerkraad : (i) Onderling
   (ii) In Konsistorie
   (iii) Na buite.

8. TEE : 12h00 – 12h15
9. TWEEDE SESSIE : Br. W. Laban 12h15 – 13h15

   (b) Erediens. Liturgie en Prediking: (i) Seën en handopheffing.
   (ii) Afkondigings by Eredienste
   (iii) Tydsduur van eredienste
   (iv) Laatkomery in Konsistorie.
   (v) Grondige kennis van Kerklike aangeleenthede.

10. DERDE SESSIE : Ds. P.J. Burger 13h15 – 14h15

   © Pinksterbidure en Week van: (i) Predikers
   (ii) Interkerklikheid.

   Begrafnisdienste : (i) Bywoning
   (ii) Reëlings rondom diens.
   (iii) Kerkkoor en Snaarorkes optredes ook tydens eredienste en begrafnisdienste.

   (i) Paas Sondag Begrafnis diens:
   Vroeëoggend bidure (bywoning)
   Bywoning en gebedsdeelname

11. MIDDAGETE : 14h15 – 15h00
12. SPELETJIES : 15h00 – 15h15
13. VIERDE SESSIE : A. de Jongh 15h15 – 16h15

   (d) Kerkraadstermyne : (i) Kommissie van Kerkraad – funksionering en samestelling en sameroepers.
   (ii) Doopouer en Tugvergaderings – Vorms en Verteenwoordiging
   (iii) Skoling/Oriëntering van Nuwe Kerkraadslede.
   (iv) Opoffering van Kerkraadslede.

14. VYFDE SESSIE : Br. W. Beukes 16h15 – 17h15

   (e) Tugwaardigheid : (i) Wie?
   (ii) Koster / Toesighouer
   (iii) Instandhouding van Kerkeiendom
   (iv) Versekering van Kerkeiendom.
   (v) Dankfeesbasaar.

15. TEE : 17h15 – 17h30
16. SESDE SESSIE : R. Louw 17h30 – 18h30

   (f) (i) Katkisante naweekkamp.
   (ii) Sinodale heffings en Lidmaat-Register.
   (iii) Gemeentevergaderings.
   (iv) Verenigingsverslae aan Gemeente en Kerkraad.
   (v) Hospitaal en Ouetehuis besoeke.
   (vi) Ringsdatums en Bywoning.

17. EVALUERING : 18h30 – 19h00
18. AANDETE : 19h00 – 20h00
19. TALENTEAANDE : 20h00 – 22h00
20. GODSDIENS : Teresa Cloete
21. AAND SeëN :
22. STORIEVERTELLER : 23h15

V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK

Vraelys vir Homiletiese Werkgroep

1. Wat word hier gesê of Wat staan in hierdie gedeelte? (Teks)

2. Wat is die hoofgedagte in hierdie perikoop?

3. Watter Skrifgedeelte kan ek vind om hierdie vers te verklaar?

4. Is daar enige gedeelte of woord in die vers wat ek nie verstaan nie?

5. Is daar enige bevel om te gehoorsaam of enige advies in hierdie vers?

6. Is daar 'n goeie voorbeeld om na te volg?

7. Is daar enige sonde of fout wat vermy moet word?

8. Is daar 'n waarskuwing?

9. Is daar 'n belofte?

10. Is daar 'n gebed?

11. Het ek dit al self ondervind?

12. Hoe kan ek hierdie Skrifgedeelte toepas in die alledaagse lewe? of wat sê hierdie gedeelte vir my/ons vandag? (Konteks)?

13. Hoe kan ek hierdie gedeelte omsit in 'n gebed?

*******

BYLAAG 10.

# PROGRAM

PROGRAM LEIERS : Br's Jannie Isaacs en Koos Slinger

1. BYEENKOMS VOOR VGK KERK OM 10:00

2. OPENING EN VERWELKOMING: Ds PJ Burger

3. OPTOG BEGIN OM 11:00

4.1 OPTOG NA BERGSIG WINKELKOMPLEKS:
SPREKER...... S.A.P.D : Supt. N Swartz

4.2 OPTOG NA OOPGROND NABY SUIKERHOEK
SPREKER...... MAATSKAPLIKE WERKER: Mnr. P. Leo

4.3 OPTOG NA HILLBROW STRAAT
SPREKER ..... SKOOL : Mnr GE van den Heever en C Links

5. OPTOG DEUR BONNSTR – VERBY PJ PETERSENSTR. NA KERKSTRAAT

6. OPTOG MET KERKSTRAAT NA VAALWATER DEUR VAALWATER NA BUSSTOP
SPREKER ...... KERK MNR P VOLLMER

7. OPTOG NA LINCOLNSTR
SPREKER ..... PLAASLIKE OWERHEID : Raadslid J Cardinal

8. OPTOG VERDER MET LINCOLNSTR. AF MET WATERKANTSTR, TOT BY VGK KERKSAAL

9. BEDANKINGS : Sus. T Cloete

10. AFSLUITING : Br. K Julie

BAIE DANKIE ........ BAIE DANKIE ........ BAIE DANKIE


## ALKOHOL VAT ALLES WEG

Alkohol is 'n baie goeie vlek-verwyderaar. Dit verwyder kolle op matte, olie, bloed ..... noem maar op, alkohol verwyder dit.


En boonop gebruik 'n mens net 'n klein bietjie alkohol. Net so kan alkohol ook ons lewens verwyder as dit misbruik word.

Alkohol verwyder mans van hul vroue en kinders, en vroue van hul mans en kinders. Dit verwyder jou van jou werk, van jou familie, vriende, dit verwyder jou selfrespek, jou menswees en jou waardigheid.

En dis nog nie al nie.
Alkohol verwyder jou selfs van jou kerk en van God.
So, wat beteken dit dan vir jou om 'n dronkaard genoem te wil word?
Niks, absoluut niks!!!



STOP



**DRANK/DWELMMISBRUIK**

**TEMA:** **Ons gee om....**
**Weg met smokkelhuise**

*SATERDAG: 20 MEI 2000*

*BERGSIG/VAALWATER*

*10:00*

# ORDE VAN DIENS

(Aankondiger : Kapt Wippenaar)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Snaarorkes | | |
| 2. | Verwelkoming | - | Supt Esterhuyse |
| 3. | Openings gebed | - | Ds. McCarthy |
| 4. | Samesang | - | Who will save our land and people |
| 5. | Skriflesing | - | Ds. Prichardt (Methodist) |
| 6. | Koorsang | - | V.G.K. Koor, Bergsig |
| 7. | Boodskap | - | Ds. Burger |
| 8. | Dankgebed | - | B.B. Cloete |
| 9. | Snaarorkes | | |
| 10. | Kranslegging | - | i Naasbestaandes<br>ii SAPD lede<br>iii Troosgebed - Mnr. G. v/d Heever |
| 11. | Koorsang | - | V.G.K. Koor, Bergsig |
| 12. | Huldeblyk | - | i Snr. Supt N. Swarts<br>ii Mnr. J. Isaacs<br>iii Mnr. J. Cardinal |
| 13. | Ondertekening van die rol | | |
| 14. | Bedanking | - | Kapt (v) L.D. Murray |
| 15. | Samesang | - | Daar's bemindes |
| 16. | Seënbede | - | Prop. Danny de Witt |

*Who will save our land and people*

1\. Who will save our land and people
Who can rescue us from wrong,
We are lost, faint, false and foolish
We have slighted God to too long.
Save the people, Lord our Saviour,
Guide us home from countries far;
Holy Fire, consume our rancours
Thy Kingdom come in Africa.

2\. We believe God is our saviour
Christ enough to heal our land
He will use the Church, his servants
We on earth His outstretched hand
May His church in loving service
Show to all whose path is rough
Give a clear, united witness
and proclaim "Christ is enough."

3\. Christ enough to break all barriers
Christ enough in peace, in strife
Christ enough to build our nation
Christ enough for death, for life
Christ enough for old and lonely
Christ enough for those who fall
Christ enough to save the sin-sick
Christ enough for one for all.

*Gesang 360 : Daar is bemindes*

1\. Daar is bemindes in die hemel,
Alreeds lang op aarde gemis.
Sal ook ons eens met hul saamwoon,
Waar geen leed en rou meer is?
Sal die kring nog eens weer vol wees?
Eenmaal weer, eenmaal weer?
In die saal'ge hemelwoning,
By die Heer, by die Heer.

2\. In ons vroeë kinderdae
Het hul ons Gods Woord geleer,
Ons gewys op Jesus liefde,
Nou's hul tuis ginds by die Heer.

3\. Ons gedenk nog blye feeste,
Lied're vrolik saamgesing -
Ook die rou en bitt're trane
by die opbreek van die kring.

4\. 'K Sien hoe al meer stoele leeg word,
een vir een verlaat ons hier.
As ons weldra self moet heengaan
sal ons ginds bly weersien vier?

Suid-Afrikaanse Polisiediens — South African Police Service

# Gedenking van die afsterwe van personeel in diens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens



op Stasievlak

21 Mei 2000

te Munisipale gronde

Springbok

15:45 : Gaste neem sitplekke in

16:00 : Verwelkoming & bedankings :
Area Kommissaris, Namakwaland, Snr Supt N Swarts

16:10 : Diens waargeneem deur Ds. P Burger, VGK Springbok

LITURGIESE ORDE

- Votum en seëngroet
- Gemeentesang : Lied 1
- Skriflesing
- Koorsang : VGK Koor, Springbok
- Boodskap
- Gebed
- Orkesmusiek : VGK Snaarorkes

BOODSKAP VAN BEMOEDIGING :

Burgemeester
Nama Khoi
Munisipaliteit
Mnr Jimmy Cardinal

Gemeentesang : Lied 2

Toespraak : LUR vir Landbou en Grondsake, Noord-Kaap - Mnr D Rooi

Koorsang : VGK Koor, Springbok

Huldeblyk : Area Kommissaris, Namakwaland
Snr Supt N Swarts

- Ererol
- 2 minute stilte

Kransleggingseremonie onder orkesbegeleiding

Gemeentesang : Lied 3

Nasionale Volkslied : VGK Koor, Springbok

Seënbede : Ds. P Burger

Lied 1

What a Friend we have in Jesus all our sins and griefs to bear
What a privilege to carry everything to God in prayer
O what peace we often forfeit O what needless pain we bear
All because we do not carry everything to God in prayer

Have we trials and temptations is there trouble anywhere
We should never be discouraged take it to the Lord in prayer
Can we find a friend so faithful who will all our sorrows share
Jesus knows our every weakness take it to the Lord in prayer

Are we weak and heavey-laden cumbered with a load of care
Precious Saviour still our refuge take it to the Lord in prayer
Do thy friends despite forsake thee take it to the Lord in prayer
In His arms He'll take and shield thee thou will find a solace there

Lied 2

My enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort
Met sy kosbare bloed het hy my vry gekoop dis my anker my vaste hoop
Ek behoort nou aan Jesus niks sal my ooit van hom kan skei
Met sy kosbare bloed het hy my vry gekoop dis my anker my vaste hoop

Die doop is die seël dat die Heilige Gees my 'n kind van God die Vader laat wees
Deur die Woord die betroubare gids wat ons lei en uit liefde bewaar hy my
Ek behoort nou aan Jesus niks sal my ooit van hom kan skei
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei deur sy liefde bewaar hy my

Lied 3

Die Here is my herder niks sal my ontbreek nie Hy laat my neerlê in groen weivelde na waters waar rus is lei Hy my heen na waters waar rus is lei Hy my heen

Baie diep haal hy my uit baie diep haal hy my uit Hy plaas my voete op 'n ewige rots baie diep haal hy my uit

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

GEDENKDIENS

SONDAG 14 OKTOBER 2001

SAPD KLUBHUIS, SPRINGBOK

Liturgie vir die EKUMENIESE DIENS van MEDELYE vir VSA TERREUR SLAGOFFERS

in die V.G.K. GEMEENTE SPRINGBOK op 13 September 2001 om 10HOO

| | |
|---|---|
| PROGRAMME LEIER: | Ds. E. SWARTBOOI |
| Openingslied: | How Great thou Art |
| Openings gebed | Evangelis N.Jaars |
| Verwelkoming: | Me. C van den Heever |
| Kort Inleidinde Verklaring en Doel | Fr. M. Meyer |
| Gesang: | Op Jesus Liefde Bou Ek |
| Skriflesing: | Me. A De Jongh |
| Gebed: | Fr. Owies |
| Boodskap: | Fr. J Thomas |
| Gesang: | Voorwaarts Christen Stryders |
| Gebede: | Verskillende denominasies |
| Voorlesing | Verklaring van Solidariteit<br>Ds. D Jantjies |
| Oomblik van Stilte | |
| Bedanking: | Mnr. P Vollmer |
| Slot gesang | Who will see our Land and people |
| Seënbede | Ds. P.J. Burger |
| Ondertekening van verklaring | Kerkleiers |

BYLAAG 13



# LITURGIE

**LITURG** ***BR. PJ VOLLMER***


| | |
|---|---|
| 1. VERWELKOMING | - BR. GERT CLOETE |
| 2. OPENINGSGEBED | - BR. H VAN RHYN |
| 3. SAMESANG | |
| 4. KOORSANG | - V.G.K. |
| 5. SKRIFLESING | - SR. S SWARTBOOI |
| 6. SNAARORKES | - V.G.K. |
| 7. KOORSANG | - R.K. JEUGKOOR |
| 8. WOORDVERKONDIGING | - DS. PJ BURGER |
| 9. KOORSANG | - ALL SAINTS |
| 10. DANKGEBEDE | - EEN PERSOON AANWESIGE DENOMINASIES |
| 11. KOORSANG | - VYGIE KLUB |
| 12. DANSGROEP | - ALL SAINTS |
| 13. SAMESANG | - OPNEEM VAN KOLLEKTES |
| 14. WYDING VAN OFFERS | - SR. B MEYER |
| 15. SNAARORKES | - V.G.K. |
| 16. KOORSANG | - METHODISTE KERK |
| 17. BEDANKINGS | - SR. T CLOETE |
| 18. SLOTLIED | - SAMESANG |
| 19. SEëNBEDE | - VR MEYER |

"EN TOE DIE DAG VAN DIE PINKSTERFEES AANGEBREEK HET, WAS HULLE ALMAL EENDRAGTIG BYMEKAAR."

HANDELINGE: 2:1

'n Geseënde Pinkstersaamtrek word u almal toegebid.
Mag die Heilige Gees waarlik in ons kom woon,
en ons opnuut inspirer om die band van eenheid
wat die gees tussen ons gesmee het,
uit leef tot op die dag dag Jesus
weer kom.

Nogmaals baie dankie vir u
TEENWOORDIGHEID!



# EKUMENIESE

## PINKSTERSAAMTREK 2001

## METHODISTE KERK BERGSIG

**03 JUNIE 2001 OM 1500**



## REËLINGS IN VERBAND MET OPTOG

**DETE**

e optog begin op die klein sokkerveld op die skoolterrein. Dit beweeg dan verby die Anglikaanse kerk, rby die RK kerk in die rigting van Vaalwater. In Vaalwater beweeg die optog reg af met Pypiestraat en keer n terug in die rigting van Bergsig met Madeliefiestraat. Die optog beweeg op met Madeliefiestraat tot op e bult waar dit met Rainbowstraat in 'n suidelike rigting beweeg tot by Bonnstraat. Daar word dan met onnstraat op beweeg tot by die aansluiting met Bloekomstraat. Die optog beweeg dan regop met loekomstraat in die rigting van Suikerhoek tot waar dit doodloop in Waterkantstraat. Hiervandaan volg die volg dieroete via Waterkantstraat tot by die Libra Gemeenskapsaal.

**EËLINGS**

1. Die optog begin om 9h00 vanaf die sokkerveld op die skoolterrein. Die leerders sal vanaf 8h50 ordelik na die terrein beweeg in die geselskap van hul klasopvoeder.
2. Hiervandaan gaan die optog gelei word deur die verkeersafdeling.
3. SIERWA No 1 - Die vrolike wa
   Die wa beeld die moontlike ontstaan, kontak en verspreiding uit van die virus. Vrolike musiek, hansworse, en mense wat sing en dans word hiertydens uitgebeeld.
4. Sierwa no 1 word opgevolg deur die SENIOR FASE leerders..
5. Hierna volg SIERWA NO 2: DIE KONTAK!
   Die wa beeld die aftakelingsproses uit wat veroorsaak word deur die virus. 'n Oop wa met 'n hospitaalbed, iemand wat daarop lê, met 'n rooi kombers toegemaak.
6. Die tweede sierwa word gevolg deur die INTERMEDIêRE FASE leerders met hul opvoeders.
7. SIERWA No 3: DIE LYKSWA
   Vooraan die lykswa beweeg die geestelike leiers en Mnr GE van den Heever
8. Die lykswa word gevolg deur die GRONDSLAGFASE met hul opvoeders.
9. 'n Tweede verkeersvoertuig sal die agterhoede van die optog dek.
10. Alle leerders bly in hul groep en mag nie een van die voertuie verbysteek om by 'n volgende groep uit te kom nie.
11. Die Kultuurkomitee is verantwoordelik vir die opvoering en reëlings by die Libra saal.
12. Name en getalle van leerders wat as gevolg van mediese redes nie bevoeg is om aan die staptog deel te neem nie, moet vooraf deurgegee word aan die sekretaresse sodat alternatiewe reëlings getref kan word.
13. Noodhulp en nooddiens sal gereël word deur Mnre RF Bezuidenhout en SW van den Heever.

## PROGRAM

**Aankondiger:** *WG Hattenbach*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Optog deur strate van Vaalwarter/Bergsig | | 9h00 tot 10h30 |
| 2. | Opvoering by Libra saal | | 11hoo tot 13h00 |
| 2.1 | OPENING | Me AE Bowers | |
| 2.2 | VERWELKOMING | Me SH Abrahams | |
| 2.3 | ITEM EEN<br>▪ Toneelstuk<br>▪ Sangstuk | Grondslagfase | |
| 2.4 | ITEM TWEE<br>▪ Another day in Paradise | Veruscka & Carmen | |
| 2.5 | ITEM DRIE<br>▪ We are the World<br>▪ Heal the world | Grade 7 & 8 | |
| 2.6 | ITEM VIER<br>▪ Rap | Franklin & Riaan<br>Faizel & Groep | |
| 2.7 | ITEM VYF<br>▪ Op die ashoop weggegooi | Docprim Teatergroep | |
| 3. | KORT OORSIG | Me Mercia Cloete (Dept van Welsyn) | |

EREGASTE BEWEEG AF NA DIE SKOOL VIR VERSNAPERINGS

## KEN DIE TERMINOLOGIE

MIV/VIGS is 'n akroniem. 'n Akroniem is 'n woord wat gevorm word deur die eerste letters van ander woorde bymekaar te voeg.

| | | |
|---|---|---|
| **M** | Menslike | Die menslike liggaam is die gasheer<br>Die virus val die menslike liggaam aan |
| **I** | Immuniteitsgebrek | Die virus veroorsaak die verlies van die verdedigingstelsel(immuunstelsel) van die menslike liggaam en 'n tekort aan weerstand teen siektes. |
| **V** | Virus | Die virus is die sondebok<br>Hierdie organisme veroorsaak die siekte VIGS |


| | | |
|---|---|---|
| **V** | Verworwe | Kom van elders, nie van binne die liggaam nie |
| **I** | Immuniteits | Beskerming van die liggaam teen siektes |
| **G** | Gebrek | Dui op 'n tekort aan iets.<br>Daar is te min witbloedselle.<br>Die liggaam het witbloedselle nodig vir selfverdediging teen siektes |
| **S** | Sindroom | 'n Groepering van siektes, simptome of tekens wat deur die gebrek veroorsaak word. |




Dr. Izak van Niekerk Primére Skool

# VIGSBEWUSMAKING-VELDTOG

Vrydag , 7 September 2001



**AIDS HELPLINE**
☎ 0800-012-322

Ons skool gee om...

**LITERATUURLYS**

Adams, AM 1978. *Effective leadership for todays's church.* Westminister Press: Philadelphia

Ammerman, NT (et al) 1998: *Studying Congregations.* Abington Press: Nashville

Armour, MC & Browning, D 1995. *Systems, Sensitive Leadership. Empowering Diversity Without Polarizing The church.* College Press: Missiouri.

*Belydenis van Belhar* 1986 : V.G.K. in S.A.

Bondi, R 1990. *Leading God's people.* Abington Press. Nashville

Bosch, DJ 1991. *Transforming Mission.* Orbis : New York.

Botha, D 1995. *Energering, Entoesiastiese medewerkers,* in Smith (red) 1995:95-112

Buchanan, D & Hendriks, J. 1995. *Meeting the future.* Knowledge Resources: Randburg.

Burger, C 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* R.G.N.-Uitgewery : Pretoria

Burger, C 1995. *Gemeentes in transito.* Lux Verbi : Kaapstad.

Burt, SE & Roper, HA 1992. *Raising small church esteem.* Alban Institute.

Carroll, JW 1991. *As one with Authority : Reflective Leadership in Ministry.* Westminister John Knox : Louisville.

Cilliers, J 2000. *Die genade van gehoorsaamheid. Hoe evangelies is die etiese preke wat ons in Suid-Afrika hoor?* Lux Verbi : Kaapstad.

*Doopregister* : V.G.K. Gemeente Springbok.

Hendriks, HJ 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente.* Hugenote Kollege : Wellington

Hendriks, HJ 1993. *Konflik en diversiteit in die gemeente. Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 8(2).

Hendriks, HJ 1995. *South African denominational growth and decline* 1911 – 1991. *Journal of Theology for Southern Africa.* June 1995. nr. 91.

Hendriks, HJ 1995. *Navorsingsterminologie.* Klasnotas : Universiteite van Stellenbosch.

Hendriks, HJ & Van der Merwe, MAV 1995. *Strategiese Teologiese Beplanning as deel van 'n prakties-teologiese proses.* NGTT Maart 1995.

Henwood, G & Germond, B 1995. *Uninvolved Laity* en *Involvement of the Laity,* in Buchanan, D & Hendriks, J (reds) 1995: 50 – 58 en 173 – 181.

*Jaarboeke van Ned. Gerf. Kerk* : 1991 – 2001.

*Jaarboeke van V.G. Kerk in S.A. :* 1991 – 1998

*Jaarverslag* : Toevlug Sentrum vir Middelafhanklikheid : 1998/99.

Johnson, B 1995. *New day, new church.* Decatur: C.T.S.

*Kerkraadsnotules*: V.G.K. Gemeente Springbok.

*Kerkraadsensusopname* 1999: V.G.K. Gemeente Springbok.

Klaas, AC 1996. *In search of the unchurched.* Alban Institute : Washington.

*Konsistorie boeke* V.G.K. Gemeente Springbok.

Marais, F 1995 : *Visionering : Begeleiding vanuit die opstanding,* in Smit (red) 1995: 53-55.

Mead, L 1995. *Transforming Congregations for the future.* Alban Institute: Washington

Müller, BA 1997. *Prediking in oorgangstye,* in NGTT, 38/1.2.

Müller, BA 1998. *Profetiese prediking op pad na 2000 +. Feesbundel vir HJC Pieterse*, in Malan Nel (red) 1998. NGK Boekhandel : Pretoria.

Munisipaliteit Springbok : *Sensus opname 1966.*

Munisipaliteit Springbok : *Statistiese gegewens van Munisipale bedieningsarea.*

Oswald, R 1990. *How to prevent Lay Leader burnout.* Alban Institute.

Olsen, CM 1995. *Transforming church Boards into communities of spiritual leaders.* Alban Institute.

Parsons, G & Leas, SB 1994. *Understanding your congregation as a system.* The Alban Institute : Bethesda.

Richards, LO & Hoeldke, C 1980. *A theology of church Leadership.* Zondervan : Grand Rapids.

*Ringsnotules* : Ring van Steinkopf.

S.A.P.D. Springbok : *Statistiese gegewens.*

Sampler, T 1984. *Blue-Collar Ministry.* Doubleday : New York.

Senge, P 1990. *The fifth discipline.* Doubleday : New York.

Shawchuck, N & Heuser, R 1993. *Leading the congregation.* Abington: Nashville.

Smit, A (red) 1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes.* Lux Verbi : Kaapstad.

Smith, A 1995 a. *Outdated leadership patterns,* in Buchanan & Hendriks 1995 : 112-121.

Stevens, RP & Collins, P 1993. *The equipping pastor.* The Alban Institute : Bethesda.

Surplus People's Project (SPP) 1995. *Dokumente oor V.G.K. Gemeente Springbok m.d.o. restitusie soos voorberei deur Henk Smith.*